# sleutelkenmerke

## belangrike gebeure

- Insetverskaffing divisie rapporteer 'n **rekord wins**
- Marktoegang divisie lewer 'n **bevredigende wins** – ondanks die feit dat sowat 50% van die normale oes ontvang is
- **Uitbreiding** in nie-tradisionele gebiede deur graanverkryging en graanbemarking
- Alle divisies lewer **ekonomiese wins**
- **Toename in belegging** in finansieringsaktiwiteite

## sleutelsyfers


| | | 2007 | 2006 |
|---|---|---|---|
| **Netto wins (R'm)** | **19%** ↑ | **127** | 107 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | **17%** ↑ | **69,1** | 59,2 |
| **Wesensverdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe (sent)** | **48%** ↑ | **69,7** | 47,0 |
| **Bedryfswins (R'm)** | **65%** ↑ | **264** | 160 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **13%** ↑ | **65,8** | 58,1 |
| **Netto batewaarde per aandeel (sent)** | **13%** ↑ | **426** | 377 |
| **Opbrengs op openingsbalans van ekwiteit (%)** | | **18,3** | 17,2 |
| **Dividend per aandeel (sent)** | | **23** | 35 |
| **Finaal voorgestel** | | **17** | 15 |
| **Interim betaal** | | **6** | - |
| **Spesiale dividend** | | **-** | 20 |




# finansiële hoogtepunte

## inkomstestaat


Wins na belasting




Wins uit voortgesette bedrywe
voor belasting en abnormale items





Inkomste uit voortgesette bedrywe





## kontantvloeistaat

Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite vs
netto kontantvloei





## balansstaat


Eie kapitaal verhouding






Rentedraende skuld



# aandeelhouers




Die **uitstekende** finansiële resultate wat Senwes aangekondig het vir die jaar tot 30 April 2007, stel die Groep in staat om voort te bou op 'n reputasie van standvastigheid en **waardeskepping** wat oor die afgelope aantal jare opgebou is.

SENWES
BREEK NUWE GROND




# oorsig oor bedrywe

| | Divisie | Aard van besigheid | Bedryfspunte |
|---|---|---|---|
| **MARKTOEGANG** | Graanbedryf<br>Graanbemarking<br>Logistieke dienste | Skep van marktoegang vir graan-produsente<br>Bemarking van graanprodukte aan die grootste afnemers daarvan in Suider-Afrika<br>Hantering en opberging van graan<br>Logistieke dienste vir die verkryging en verspreiding van graan |  |
| **INSETVERSKAFFING** | Direkte insetverskaffing<br>Handelswinkels<br>Meganisasie | Verskaffing van produksie-insette aan landbouprodusente op 'n direkte basis<br>Handelswinkels vir die verskaffing van produksie-insette en algemene boerderybenodigdhede<br>Verkoop en instandhouding van landboutoerusting |  |
| **FINANSIERING** | Kredietverskaffing<br>Graanfinansiering<br>Lang/mediumtermyn finansiering | Verskaffing van finansieringsprodukte aan alle landbouprodusente en graankliënte<br>Finansiering van alle landbouverwante insette<br>Finansiering van bemarkte graan deur middel van verskeie finansieringsprodukte |  |
| **DIVERSE BEDRYWE** | Wynkelder<br>Saad<br>Versekering | Bedrywe ter verlenging van die waardeketting<br>Aankoop van druiwe vanaf produsente, die verwerking daarvan en die bemarking van 'n reeks wynprodukte<br>Die verwerking van saadprodukte as deel van die produksie-insette waardeketting<br>Verskeie versekeringsprodukte gemik op die langtermyn-, korttermyn- en oesversekeringsmark word gelewer as deel van 'n makelaarsdiens. Administrasie word ook namens versekeraars verrig. |  |

## Sleutel finansiële indikators

## Bedrywe se bydrae tot wins voor belasting

| | 2007 R'm | 2006 R'm |
|---|---|---|
| Inkomste | **4 273** | 2 662 |
| Wins voor belasting | **166** | 177 |
| Netto bates | **412** | 393 |




| | 2007 R'm | 2006 R'm |
|---|---|---|
| Inkomste | **1 155** | 821 |
| Wins voor belasting | **42** | (36) |
| Netto bates | **38** | 50 |





| | 2007 R'm | 2006 R'm |
|---|---|---|
| Inkomste | **80** | 78 |
| Wins voor belasting | **24** | 23 |
| Netto bates | **387** | 280 |




| | 2007 R'm | 2006 R'm |
|---|---|---|
| Inkomste | **40** | 31 |
| Wins voor belasting | **2** | 4 |
| Netto bates | **4** | 5 |



# senwes groepstruktuur





# afdeling-indeks


8 Direksie

10 Voorsittersverslag

12 Besturende Direkteur se oorsig


SENWES

BREEK NUWE GROND



# direksie

Die Maatskappy se direksie is saamgestel uit nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure onder leiding van 'n voorsitter wat uit die geledere van die nie-uitvoerende direkteure gekies word. Die rolle van die voorsitter en die besturende direkteur is geskei.





**JOHAN ALBERTS (64)**

- SSAF, B.Com(Ekon), STR, GR(SA)
- Voorsitter van die Ouditkomitee
- Direksielid sedert Januarie 2001

**JAPIE GROBLER (55)**
Voorsitter

- B.Juris, LLB
- Ex officio toegang tot alle direksiekomitees
- Voorsitter van die Standaardekomitee
- Direksielid sedert April 1997



**JAN BOTMA (40)**

- Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
- Direksielid sedert Oktober 2000





**JANNIE ELS (61)**

- Landboudiploma
- Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
- Direksielid sedert Oktober 2000

**JOHAN DIQUE (51)**
Besturende Direkteur

- BCom(Hons), GR(SA)



**GEORGE MAGASHULA (45)**

- B.Sc(Chem), Nasionale Diploma (Analitiese Chemie), Nagraadse kwalifikasie (Besigheidsbestuur)
- Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
- Direksielid sedert Oktober 2003



**JACOB MASHIKE (40)**

- B.Sc(Eng) Chem, MBL
- Lid van die Risikokomitee
- Direksielid sedert Februarie 2006

**DANIE MINNAAR (42)**
Ondervoorsitter

- B.Com
- Voorsitter van die Menslike Hulpbronnekomitee; Lid van die Ouditkomitee; Lid van die Standaardekomitee
- Direksielid sedert September 1999





**WH VAN ZYL (65)**

- Voorsitter van die Risikokomitee;
- Lid van die Standaardekomitee
- Direksielid sedert Oktober 2002

**BERTUS MOSTERT (41)**

- BProc
- Lid van die Ouditkomitee
- Direksielid sedert Oktober 2003





**STEVEN ALBERTS (41)**
Direkteur Finansies

- BRek, BCompt(Hons), GR(SA)

**MPUELENG POOE (47)***

- BProc, prokureur van die Hoërhof
- Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
- Direksielid sedert Maart 2007





**FRANCOIS STRYDOM (47)**
Direkteur Bedryf

- BScAgric(Hons) (Veekunde)

**JIMMY SHAHIM (49)**

- B.Agric Boerderybestuur
- Lid van die Risikokomitee
- Direksielid sedert Oktober 2000





**ELMARIE JOYNT (37)**
Maatskappysekretaris

- BCom(Regte), LLB
- Prokureur van die Hoërhof, FCIS, FCIBM

*** Alternatiewe direkteur:**
**LUCAS NDALA (32)**

- B.Com, PGDM en B.Com(Hons), GR(SA)



# voorsittersverslag

*Dit is vir my 'n voorreg om aan te kondig dat Senwes weer eens goeie waarde geskep het vir al ons belanghebbendes.*

*'n Uitstekende finansiële prestasie is gelewer ondanks uitdagende en moeilike omstandighede waaraan ons vanjaar blootgestel is. Senwes kon voortbou op sy reputasie van standvastigheid wat oor die afgelope aantal jare gevorm is.*

Ons langtermyn doelwitte is steeds geskoei op die kern van landbou-insette en marktoegang met volhoubare skepping van waarde. Senwes se fokus op sy kernbesigheid en die doeltreffende ondersteuning van ons produsente-klantebasis werp steeds vrugte af. Dit het vanjaar verdere momentum gegee aan die verwesenliking van ons visie om die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika te word.

Ek ag dit my verantwoordelikheid om, met die ondersteuning van die Direksie, deurlopend om te sien na die belange van al die belanghebbendes van Senwes. Dit is ook belangrik dat Senwes strategies op koers bly met volhoubare finansiële prestasie.

## BREË BESIGHEIDSOMGEWING

Die oorsigjaar is gekenmerk deur 'n onbestendigheid in die wisselkoers. Na dit teen Mei 2006 op R6 teenoor die dollar gestaan het, het dit verswak na bykans R8 in September en later versterk na vlakke van rondom R7 op jaareinde. Die inflasiekoers het ook begin styg en rentekoerse het 'n stygende fase begin betree. Die prima uitleenkoers het gedurende die jaar toegeneem vanaf 10,5% na 12,5% en meer onlangs na 13%.

Graanpryse het soos in die verlede 'n wispelturigheid gedemonstreer. Die witmielieprys het gewissel tussen 'n minimumprys van R1 160 per ton tot 'n maksimum van R2 020 per ton. Gedurende die jaar het die produksieprysindeks van die produsent met gemiddeld 15% toegeneem.

Vorige mielie produksie-seisoene is gekenmerk deur 'n ooraanbod van graan en opbou van voorrade. Dit het afwaartse druk op pryse geplaas. Die landboubesigheidsvertroue was negatief gedurende 2005/2006. Produsente se 50%-afskaling in aanplantings was doeltreffend as eenmalige regstelling om die ooraanbod in die mark aan te spreek. Die aksie het graanpryse positief gestimuleer en landboubesigheidsvertroue is herstel.

Op sy beurt het positiewe prysvlakke produsente aangemoedig om bykans normale aanplantings te doen. Die Insetverskaffing divisie en Finansiering divisie het gevolglik 'n positiewe besigheidsiklus beleef, veral in Meganisasie.

Die Marktoegang divisie het minder graan ontvang weens die vorige laer aanplantingseisoen en moes innoverend optree ten einde inkomstelyne in stand te hou. Graan is vir langer tydperke opgeberg en die aanslag van mededingers het toegeneem op die kleiner aanbod. Senwes se vermoë om 'n effektiewe spyskaart van bemarkingsalternatiewe daar te stel, het goeie resultate getoon.

Die opvolgjaar ná die afskalings het 'n bulmark in die vooruitsig gestel, net om onverwags gekniehalter te word deur 'n ernstige droogte gedurende kritiese tye in die laat somer. Die oesopbrengs in die nuwe jaar is ernstig daardeur verlaag. Na verwagting sal dit, tesame met die vorige laer aanplantings en insetkoste wat reeds aangegaan is, produsente onder geweldige kontantvloeidruk plaas. Gesien saam met die stygende rentekoerse, is dit onafwendbaar dat genoemde faktore landbou 'n gevoelige knou gaan toedien.

Ek is tevrede dat Senwes in die afskaling-seisoen vroegtydig opgetree het om ons produsente by te staan met finansieringsopsies ten einde hul deur te dra na die volgende seisoen, maar ook om te kon deel in die markstygings wat plaasgevind het. Dit het lojaliteit verbeter en gelei tot verhoogde wedersydse ondersteuning – 'n bewys van Senwes en sy produsente se interafhanklikheid om beter te kan presteer. Inmiddels die huidige toestande sal Senwes weer sy kant bring om produsente met die nodige oplossings te ondersteun – noodwendig steeds gegrond op goeie besigheidsbeginsels.


## DIREKSIESAMESTELLING

Die Direksie onderskryf die uitvoering van korporatiewe beheer in terme van aanvaarde King II-beginsels as ononderhandelbaar en dit word streng toegepas.

Gedurende die jaar het die Bafokeng-konsortium een van hul direkteure verander. Me Dinao Lerutla het bedank en mnr Mpueleng Pooe is in haar plek aangestel. Ek bedank Dinao vir uitstekende insette gelewer gedurende haar dienstydperk en wens haar sterkte toe met haar nuwe fokus binne die Royal Bafokeng nasie. Mpueleng het 'n uitgebreide agtergrond met beide 'n regskundige en besigheidsbasis en dien op verskeie direksies as nie-uitvoerende direkteur. Ons is opgewonde oor sy aanstelling.

Een van ons direkteure met baie jare ondervinding het ook gedurende die afgelope jaar afgetree as direkteur. Ek spreek dan ook graag my dank uit teenoor mnr Thys Lourens vir sy onbaatsugtige

> Senwes se waardeskeppingsproses is gevestig en het vanjaar volhoubaarheid binne moeilike omstandighede bewys.



diens oor al die jare en wens hom sterkte toe met sy boerderyaktiwiteite.

Daar is ver gevorder met die samestelling van 'n goed gebalanseerde direksie wat in staat is om al die uitdagings die hoof te bied. 'n Gesonder balans tussen uitvoerende, nie-uitvoerende en onafhanklike direkteure bestaan.

## BEDANKINGS

Ek wil ons aandeelhouers, wat tot 'n groot mate ook ons klante is, bedank vir hul volgehoue ondersteuning. In die afgelope jare is onderlinge vertroue opnuut gevestig. Hoewel daar steeds ruimte vir verbetering is, is ek opgewonde oor die toekoms wat ons skouer aan skouer kan aandurf.

Ons Direksie verdien lof vir hul indringende insette gelewer en vir die kollektiewe waagmoed om nuwe grond te breek sonder om af te wyk van die visie wat vir Senwes gestel is.

Die karakter en motivering van Senwes se personeelspan is opvallend. Dit is gepas om vir Johan Dique, sy uitvoerende bestuurspan en alle personeel 'n pluimpie te gee vir hul reuse-bydrae tot die onderneming se standvastigheid en vooruitgang. 'n Besondere woord van dank gaan ook aan ons verskaffers vir die handhawing van goeie besigheidsverhoudinge.

## VOORUITSIGTE

Senwes se waardeskeppingsproses is gevestig en het het vanjaar volhoubaarheid binne moeilike omstandighede bewys. Die standhoudende kontantvloeistroom het ook verseker dat die dividendbeleid gehandhaaf word.

Strategies is Senwes geposisioneer om te kapitaliseer op geleenthede ten opsigte van die volgende areas:

- Geografiese groei waar geleenthede vir rasionalisasie binne die bedryf hom voordoen;
- Uitbreiding van finansieringsprodukte na die volle klantebasis – ook afnemers van graan;
- Fokus op die spesifieke kwaliteite van sekere kommoditeite ten einde waarde toe te voeg vir klante; en
- Die vestiging van 'n nasionale voetspoor op die verhandeling van kommoditeite.

Dit is met dank aan ons Skepper dat ons vanjaar terugkyk oor nog 'n suksesvolle jaar vir Senwes. Ons sien ook uit na die potensiaal van die jaar wat voorlê wanneer dit aangepak word in dieselfde nederigheid en Sy genade wat reeds vir ons soveel beteken het.

**Japie Grobler**
Voorsitter



# besturende direkteur se oorsig

*Senwes het die afgelope finansiële jaar betree met die wete dat slegs die helfte van die normale hoeveelheid graan ontvang gaan word en met beperkte vooruitsigte vir die handelsbesigheid aangesien 'n volledige herstel nie te wagte was nie.*

'n Situasie soos dié bring 'n mens voor die uitdaging om alles in die stryd te werp en deur die bril van innovering na die swak vooruitsigte te kyk. Vernuwende denke en 'n onwilligheid om 'n slagoffer te word van omstandighede dig ek toe aan die bestuurspan en personeel. Ons kyk met dankbaarheid terug oor 'n jaar waarin 'n bevredigende finansiële prestasie afgelewer is.

## FINANSIËLE PRESTASIE

'n Wins na belasting van R127 miljoen is behaal. Verdienste per aandeel het met 17% gegroei en het op 69,1 sent per aandeel te staan gekom. Die opbrengs op kapitaal aangewend van 18% verteenwoordig waardeskepping in die vorm van ekonomiese wins vir aandeelhouers.

'n Finale dividend van 17 sent per aandeel word voorgestel. Tesame met die interim dividend van 6 sent per aandeel gee dit 'n markgerigte dividendopbrengs van 7,1% op die gemiddelde prys gedurende die jaar. 'n Dekking van drie keer is gehandhaaf.

## LONENDE JAAR VIR BELANGHEBBENDES

In sy verslag verwys die Voorsitter daarna dat Senwes goeie waarde geskep het vir ons belanghebbendes gedurende die jaar.

### Ons aandeelhouers

In pas met ons strategie om waarde te skep en te ontsluit, kan aanvaar word dat Senwes se aandele suksesvol veredel word in 'n beleggingsgeleentheid wat beide opbrengs en kapitale groei bied.

Die verhandelingskamer moes weens statutêre vereistes weer intern bedryf word en dit gaan steeds net beter. Aandeelhouers kan deesdae die waarde van sy aandele ontsluit teen bykans dieselfde as netto batewaarde.

### Ons klante

Senwes se aksie om produsente te ondersteun met finansieringspakkette tydens die afskaling in aanplantings het gelei tot 'n verhoogde markaandeel. Fokus word deurlopend daarop geplaas om 'n hoogs mededingende pakket van produkte en dienste aan ons klante te bied.

Vervolgens kan produsente hul insette bekom, finansiering verkry, hul graan risikovry opberg en dit ook deur Senwes bemark – een van die sterkste bemarkingskanale in Suider-Afrika. Ons bemagtigingstatus is ook besig om sy impak te wys as 'n voorkeur verskaffer van grane.

Dit word strategies al hoe meer belangrik vir produsente om 'n volhoubare mark oor die lang termyn te verseker. Senwes poog om hierin 'n langtermyn oplossing en voorsprong vir sy produsente aan te bied.

### Ons werknemers

Die gebeure van die afgelope landboujare bring die besef dat bykans geen seisoen meer normaal is nie. Elke jaar bied nuwe uitdagings wat in eie reg wesenlik of radikaal is en wat deur personeel die hoof gebied moet word.

Senwes se bestuurspan en personeel is gefokus en het gewoond geraak om ten tye van snelle verandering elke uitdaging in 'n besigheidsgeleentheid te omskep. Terwyl die fokus op die basiese van boerdery moet bly, is Senwes in 'n dinamiese besigheid omskep.

Senwes se strewe om werkgewer van voorkeur in die sektor te word, is besig om te realiseer. Loopbane word stelselmatig gebou en nuwe intellektuele kapitaal word ontwikkel. Baie aandag en energie word gewy aan leierskapsontwikkeling.

Regstellende aksie verloop egter stadiger as wat verwag is en word toegeskryf aan onder andere die lae personeelomset omdat personeel vasklou aan hul werkgewer van voorkeur. Die meeste werksgeleenthede bestaan weg van die platteland in die metropolitaanse gebiede. Binne hierdie soms stremmende faktore, word die nodige gedoen om die speelveld voldoende gelyk te maak vir sukses met regstellende aksie.

Binne die bestaande kultuur van innovering sal hierdie hindernisse in geleenthede en sterkpunte ontwikkel word sodat gepaste en presterende transformasie ook volhoubaar sal plaasvind.

### Ons gemeenskappe

Senwes is verbind om op te tree as 'n verantwoordelike korporatiewe burger wat ook terugploeg in die gemeenskap en omgewing. Senwes is ook 'n ekonomiese stabiliseerder op die plattelandse dorpe waar ons sake doen. Ons neem deel aan geïdentifiseerde gemeenskapsaktiwiteite ter nakoming van ons sosiale verantwoordelikheid. Dit is vir Senwes belangrik om pas aan te gee en



*Terwyl die fokus op die basiese van boerdery moet bly, is Senwes in 'n dinamiese besigheid omskep.*

behulpsaam te wees met transformasie en die bou van 'n standhoudende toekomstige landbousektor. Die alternatief is bloot nie aanvaarbaar nie.

'n Volledige verslag hieroor verskyn elders in hierdie jaarverslag as deel van die volhoubaarheidsverslagdoening (sien bladsy 76).

## BEREIKING VAN BREË STRATEGIE

**Marktoegang**

As deel van ons strategie om binne die kernbedrywighede te diversifiseer, het Senwes sy vlerke al hoe meer begin sprei na ander markte – vernaamlik die Marktoegang divisie. Markuitbreiding na die Wes-Kaap, Mpumalanga en Suid-Vrystaat het gedurende die afgelope jaar gerealiseer. Dit bring groter produk- en geografiese diversifikasie met 'n gevolglike verbeterde risikoprofiel, hoewel dit steeds tuishoort binne die konteks van mededingende voordeel. Gemeet teen Senwes se totale besigheidsportefeulje is dit tans nog klein. Meer fokus sal hierop geplaas word om dit op die verlangde vlakke te bring.

Die Marktoegang divisie se suksesse met die benutting van geleenthede wat van tyd tot tyd in die graanmark voorgekom het, het ongekende resultate behaal in elke afdeling. Die momentum van Senwes se innovasie het vanjaar bewys dat baie graanontvangstes nie die enigste waarborg vir goeie resultate is nie. Die spyskaart van bemarkingsalternatiewe aangevul deur 'n verskeidenheid van verskansingstegnieke bied steeds vir baie klante 'n mededingende voordeel.

**Insetverskaffing**

Die Kleinhandel en Meganisasie het vanjaar hul potensiaal gedemonstreer nadat die omdraaistrategie voltooi is. Dit het geskied tydens 'n positiewe besigheidsiklus. Dit is belangrik om steeds te fokus op verdere effektiwiteite, veral ten opsigte van die meganisasiebesigheid ten einde volhoubaarheid te verseker.

Die gekombineerde bemarkingsaanslag tussen die Insetverskaffing divisie en Finansiering divisie gedurende die vorige afskalingsjaar, het 'n kragtige basis van goeie kliënteverhoudings en verhoogde markaandeel gebou. Die resultaat daarvan gekoppel aan 'n wesenlik verlaagde kostestruktuur lewer vanjaar ook ongekende sukses en Insetverskaffing divisie het 'n nuwe winsrekord opgestel.

## ALGEMEEN

Ons is van mening dat die balansstaat tot 'n groot mate geoptimaliseer is en dat die portefeulje nou korrek



# besturende direkteur se oorsig

saamgestel is. Daar sal ernstig besin word of die portefeulje in sy huidige formaat 'n aantreklike belegging sal wees op die JSE Sekuriteitebeurs ten einde reg te laat geskied aan die toekomstige besluit of daar genoteer moet word al dan nie.

Ons is oortuig dat konsolidasie binne die landbou-bedryf 'n noodsaaklikheid is. Senwes is van voorneme om 'n lewensvatbare geleentheid te vind wat baie waarde sal skep en ontsluit en ook vir produsente-aandeelhouers in ander gebiede die geleentheid bied om nie net daarin te deel nie, maar ook om deel van 'n standhoudende toekoms te word.

Die roetekaart van waardeontsluiting, soos voorheen aan aandeelhouers voorgehou, is tot 'n groot mate voltooi. Die gaping tussen die netto batewaarde en die verhandelingswaarde van aandele is grootliks hierdeur uitgewis. Waardeskepping en volhoubare dividende gekoppel aan meer likiditeit met verhandeling is permanente elemente van hierdie program om aandelewaarde verder te veredel.

Die risikobestuursproses het gegroei tot wasdom en die proses het een van die belangrikste insette vir die bepaling van strategie geword. Die aksies om risiko's en bedreigings af te weer word as 'n reël omskep in nuwe vensters vir besigheids-uitbreiding.

## VOORUITSIGTE

Die droogtetoestande ervaar gedurende die tweede helfte van die jaar het die verwagte oesgrootte vir die volgende jaar wesenlik verlaag. Die nuwe jaar bied dieselfde soort uitdagings as die vorige jaar. Dit behoort die Marktoegang divisie se prestasie te temper en soortgelyke innoverende denke sal nodig wees om prestasie te verbeter. Die opbrengs-vermoë van intellektuele kapitaal word voortdurend getoets.

## BEDANKINGS

Namens die uitvoerende bestuurspan bedank ek graag die Direksie vir die leiding en insig. Ons het ook groot waardering vir ons klante en verskaffers; wat ons reisgenote is in die strewe na uitnemendheid.

Sonder die voortgesette lojaliteit en eienaarskap wat ons personeelkorps ten toon stel, sou dit nie vir Senwes moontlik gewees het om vanjaar weer 'n skitterende finansiële resultaat af te lewer nie. Landbou is 'n uitdagende bedryf waarbinne die prestasie-dwarslat elke jaar hoër gestel word. Ek salueer my bestuurspan en personeel – wat doelgerig daaraan werk om Senwes die mees geadmireerde agri-besigheid te maak.

Alle eer aan ons Skepper vir die voorreg wat ons geniet om die akker van potensiaal te bewerk.



**Johan Dique**
Besturende Direkteur



# afdeling-indeks

## KORPORATIEWE BEHEER EN RISIKOBESTUUR


16 Bestuurstruktuur

18 Korporatiewe beheer-verslag

24 Risikobestuursverslag


## BESIGHEIDSOORSIG


26 Marktoegang divisie

28 Insetverskaffing divisie

30 Finansiering divisie


SENWES

BREEK NUWE GROND

# korporatiewe beheer en risikobestuur

## BESTUURSTRUKTUUR
OP 30 APRIL 2007

**Besturende Direkteur**
Johan Dique*



**Direkteur Bedryf**
Francois Strydom*



**Hoofbestuurder Graan**
Dr Anton Lubbe#



**Hoofbestuurder Handel**
Frans du Plessis#

## GRAAN



**Christo Booyens**
Assistent Hoofbestuurder
Graanbemarking



**André Erasmus**
Assistent Hoofbestuurder
Graanbedryf



**Wikus Grobler**
Assistent Hoofbestuurder
Finansies & Administrasie

## HANDEL



**Jan Coetzee**
Assistent Hoofbestuurder
Kleinhandel



**Sarel Greyling**
Assistent Hoofbestuurder
Meganisasie



**Jaco Kriel**
Assistent Hoofbestuurder
Handel Finansies

## DIVERSE BEDRYWE



**Deon Truter**
Bestuurder
Wynkelder



**Piet Kleyn**
Bestuurder
Saad



**Dawie Barnard**
Bestuurder
Versekering





**Direkteur Finansies**
Steven Alberts*



**Hoofbestuurder Korporatiewe Dienste**
Joe Maswanganyi#

## KORPORATIEWE DIENSTE



**Henco de Jager**
Assistent Hoofbestuurder
Menslike Hulpbronne



**Johan Grobler**
Assistent Hoofbestuurder
Korporatiewe Bemarking



**Johan du Toit**
Bestuurder
Landboudienste

## KORPORATIEWE BEHEER



**Elmarie Joynt#**
Maatskappysekretaris
& Regsdienste



**Dirk Opperman**
Groep Interne Ouditeur
(Waarnemend)



**Carlien van Huyssteen**
Bestuurder
Groep Risiko

## FINANSIES & IT



**Corné Kruger**
Assistent Hoofbestuurder
Finansies & Tesourie



**Gerrit van Zyl**
Assistent Hoofbestuurder
Finansiering



**Martin van Zyl**
Bestuurder
IT

** – Uitvoerende Komitee   # – Senior Bestuur*



# korporatiewe beheer en risikobestuur

## KORPORATIEWE BEHEER-VERSLAG

### KORPORATIEWE BEHEER

Die beginsels om met integriteit en ooreenkomstig gesonde beheerstrukture sake te doen, is gevestig by Senwes. Senwes gaan voort om sy beheerstrukture met plaaslike en internasionale riglyne en beste praktyke te belyn.

Die Direksie van die Maatskappy herbevestig voortdurend sy verbintenis tot die waardes van goeie korporatiewe beheer om te verseker dat goeie korporatiewe beheer op alle vlakke van die onderneming onderskryf word, wat daartoe lei dat kliënte en beleggers vertroue en gemoedsrus kan hê dat hulle belange en beleggings nie aan uitermate hoë risiko's blootgestel word nie.

Die Direksie is tevrede dat Senwes alles wat prakties moontlik is doen en gedoen het om in alle wesenlike en praktiese aspekte aan die King-kode te voldoen.

### SAMESTELLING VAN DIE DIREKSIE

Die Maatskappy se direksie is saamgestel uit nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure onder leiding van 'n voorsitter, wat uit die geledere van die nie-uitvoerende direkteure gekies word. Die Direksie bestaan uit 14 direkteure wat, benewens die voorsitter, 'n besturende direkteur, twee ander uitvoerende direkteure en tien ander nie-uitvoerende direkteure, waarvan twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, insluit. Die rolle

**Die besonderhede van direkteure se belange in Senwes en sy houermaatskappy is soos volg:**

| | 2007 | | | | 2006 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | SENWES | | SENWESBEL | | SENWES | | SENWESBEL | |
| **Naam** | **GETAL** | **%** | **GETAL** | **%** | **GETAL** | **%** | **GETAL** | **%** |
| **Nie-uitvoerende direkteure:** | | | | | | | | |
| JPL Alberts | - | - | 88 356 | 0,11% | - | - | 48 681 | 0,06% |
| JE Grobler | 239 722 | 0,13% | 2 023 667 | 2,49% | 239 722 | 0,13% | 2 023 667 | 2,42% |
| JP Botma | 136 429 | 0,08% | 454 094 | 0,56% | 136 429 | 0,08% | 454 094 | 0,54% |
| Jan Botma Trust | 17 969 | 0,01% | 27 557 | 0,03% | 17 969 | 0.01% | 27 557 | 0,03% |
| JAE Els | 25 045 | 0,01% | 500 000 | 0,62% | 25 045 | 0,01% | 500 000 | 0,60% |
| K Fleischhauer | - | - | - | - | - | - | - | - |
| DM Lerutla | - | - | - | - | - | - | - | - |
| OME Pooe | - | - | - | - | - | - | - | - |
| GNV Magashula | - | - | - | - | - | - | - | - |
| J Mashike (Treacle Fund Trust II) | 101 990 | 0,06% | - | - | 101 990 | 0,06% | - | - |
| JDM Minnaar | 7 143 | - | 1 042 947 | 1,29% | 7 143 | - | 1 000 002 | 1,20% |
| JDM Minnaar (Lerna Boerdery) | 125 011 | 0,07% | 1 000 000 | 1,23% | 145 011 | 0,08% | 1 000 000 | 1,20% |
| JDM Minnaar (Robyn Trust) | - | - | 230 000 | 0,28% | - | - | 230 000 | 0,28% |
| JA Mostert | 5 907 | - | 21 110 | 0,03% | 5 907 | - | 21 110 | 0,03% |
| LM Ndala | - | - | - | - | - | - | - | - |
| JD Shahim (Maizefield Trust) | 164 952 | 0,09% | 200 579 | 0,25% | 164 952 | 0,09% | 200 579 | 0,24% |
| WH van Zyl | 600 000 | 0,33% | 2 443 135 | 3,01% | 600 000 | 0,33% | 2 390 000 | 2,86% |
| MJ Lourens (afgetree) | | | | | 43 848 | 0,02% | 128 118 | 0,15% |
| **Uitvoerende direkteure:** | | | | | | | | |
| JJ Dique | 1 000 000 | 0,55% | - | - | 1 000 000 | 0,55% | - | - |
| F Strydom | 295 731 | 0,16% | - | - | 295 731 | 0,16% | - | - |
| SH Alberts | 99 541 | 0,06% | - | - | 99 541 | 0,06% | - | - |
| Direksielede | 2 819 440 | 1,56% | 8 031 445 | 9,90% | 2 883 288 | 1,59% | 8 023 808 | 9,60% |
| Ander lede | 177 969 868 | 98,44% | 73 090 197 | 90,10% | 177 906 020 | 98,41% | 75 552 693 | 90,40% |
| **TOTAAL UITGEREIK** | 180 789 308 | 100,00% | 81 121 642 | 100,00% | 180 789 308 | 100,00% | 83 576 501 | 100,00% |

van die voorsitter en die besturende direkteur is geskei.

**Veranderings aan die Direksie gedurende die jaar:**

- Die uittrede van mnr Lourens op 10 Augustus 2006;
- Die bedanking van mnr Fleischhauer as plaasvervanger vir mnr Mashike op 16 Februarie 2007; en
- Die bedanking van me Lerutla op 9 Maart 2007 en die daaropvolgende aanstelling van mnr Pooe in haar plek op 9 Maart 2007.

Ooreenkomstig artikel 30 van die statute van die Maatskappy, het die nie-uitvoerende direkteure 'n dienstermyn van drie jaar, waarna die vereiste is dat hulle volgens rotasie uittree. Direkteure wat uittree, kan herkies word.

Direkteure – vernaamlik die onafhanklike direkteure – word gekies op grond van hul vaardighede en ondervinding wat van toepassing is op die strategiese rigting van die Maatskappy en om voortgesette gesonde prestasie te verseker.

**Benoeming van direksielede**

Prosedures vir die benoeming van direksielede is formeel en deursigtig. Die Direksie het hierdie verantwoordelikheid aan die Standaardekomitee gedelegeer, wat aanbevelings aan die Direksie doen.

Die prestasie van die Direksie in geheel en van direksielede individueel, word jaarliks op 'n informele grondslag deur die voorsitter van die Direksie geëvalueer.

## BEVOEGDHEDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE DIREKSIE

Die samestelling van die Direksie maak gepaste en doeltreffende besluitneming moontlik en verseker dat geen enkele individu onbehoorlike invloed op genoemde proses het nie. Die Direksie se primêre verantwoordelikhede, gegrond op 'n ooreengekome evaluering van vlakke van wesenlikheid, sluit in die verskaffing van strategiese leiding, die identifisering van sleutelrisikogebiede en sleutelprestasie-aanwysers van die onderneming, die monitering van besluite en die prestasie van uitvoerende en senior bestuur, asook die oorweging van belangrike finansiële en nie-finansiële aangeleenthede.

Die verantwoordelikhede van die Direksie word in besonderhede uiteengesit in die Handves van die Direksie, wat op 24 Junie 2004 deur die Direksie goedgekeur is. Die voortgesette toepaslikheid van die handves word deurlopend geëvalueer en veranderings aangebring, indien gepas.

Die handves maak ook voorsiening vir toegang tot onafhanklike professionele advies vir direkteure op koste van die Maatskappy in alle aangeleenthede rakende die Maatskappy. Die bevoegdhede van die Direksie word deur die Maatskappy se akte van oprigting en statute aan hom verleen.

In ooreenstemming met dié bevoegdheid het die Direksie ook sekere aangeleenthede spesifiek vir homself voorbehou in 'n hersiene gesagreserveringsdokument wat gedurende die jaar onder oorsig aangeneem is.

**Lopende saak**

Die Direksie het die feite en aannames waarop hy steun om tot die slotsom te kom dat die onderneming in die komende finansiële jaar as 'n lopende saak sal voortgaan, oorweeg en geboekstaaf. Die Direksie oorweeg dié aspek in besonderhede tydens die tussentydse verslagdoeningstadium asook met finansiële jaareinde. Die direkteure is van mening dat die onderneming in die afsienbare toekoms 'n lopende saak sal wees.

## BELANGE VAN DIREKSIELEDE

'n Aantal nie-uitvoerende direkteure het direkte en indirekte belange in die Maatskappy, waarvan die besonderhede in die tabel op bladsy 18 geopenbaar word. Die Direksie let op enige potensiële botsing van belange, hoe gering ook al, wat gevolglik kan ontstaan. 'n Beleid van gereelde openbaarmaking van belange en uitsluiting uit besprekings waarby 'n direkteur 'n belang het, word gevolg om enige sodanige botsings te verminder. Die Direksie het ook 'n gedragskode, wat streng nagekom word, aangeneem om individuele direksielede en senior personeellede wat aandele verhandel, te reguleer.

Die besonderhede van die toepassing van hierdie gedragskode wat aandeleverhandelingstydperke vir direkteure betref, is soos volg:

| Geslote verhandelingsperiodes | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Oop/toe** | **Rede** |
| 27 Maart 2006 tot | Gesluit vir verhandeling | Suidwes onderhandelings |
| 28 Junie 2006 tot | Oop vir verhandeling | Aankondiging van resultate |
| 8 September 2006 tot | Gesluit vir verhandeling | Suidwes onderhandelings |
| 14 Maart 2007 tot | Oop vir verhandeling | Terugtrekking van Suidwes omsigtigheidsaankondiging |
| 1 April 2007 tot | Gesluit vir verhandeling | Aanvang van voorbereiding vir finansiële jaarafsluiting |
| 27 Junie 2007 | Oop vir verhandeling | Resultate aangekondig |

Sekere direksielede doen ook op 'n armlengtegrondslag sake met die Maatskappy as deel van Senwes se normale besigheid. Die Finansiering divisie het ook krediet ingevolge die Maatskappy se normale sakebedrywighede aan sommige van die nie-uitvoerende direkteure toegestaan. Dié transaksies word voortdurend nagegaan en ondersoek om te verseker dat daar op operasionele vlak aan die Maatskappy se beleide voldoen word.



# korporatiewe beheer-verslag

| Bywoning van direksievergaderings | 23/06/2006 | 19/07/2006 | 10/08/2006 | 07/09/2006 | 02/11/2006* | 30/11/2006 | 09/03/2007 | 22/03/2007 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Nie-uitvoerend:** | | | | | | | | |
| JE Grobler | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| JDM Minnaar | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| JPL Alberts | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| JP Botma | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| JAE Els | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | **V** |
| DM Lerutla (bedank 09/03/2007) | √ | **V** | √ | √ | √ | √ | - | - |
| MJ Lourens (afgetree 10/08/2006) | √ | √ | √ | - | - | - | - | - |
| GNV Magashula | **V** | **V** | **V** | √ | √ | **V** | √ | **V** |
| J Mashike | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| JA Mostert | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| M Pooe (aangestel 09/03/2007) | - | - | - | - | - | - | √ | √ |
| JD Shahim | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| WH van Zyl | √ | **V** | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| **Uitvoerend:** | | | | | | | | |
| JJ Dique | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| SH Alberts | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |
| F Strydom | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ | √ |

*** Strategie-sessie   √ Bygewoon   V Verskoning**

## BYWONING VAN DIREKSIEVERGADERINGS

Daar word van die Direksie vereis om minstens ses vergaderings per jaar te hou. Sewe direksievergaderings en een strategie-sessie is in 2006/2007 gehou. Bostaande tabel bevat besonderhede ten opsigte van die bywoning van vergaderings deur direkteure.

## KOMITEES

Die Direksie het 'n aantal komitees in die lewe geroep om doeltreffende besluitneming te vergemaklik en die Direksie in die uitvoering van sy pligte, bevoegdhede en magte behulpsaam te wees. Die komitees, met die uitsondering van die Uitvoerende Komitee, wat hoofsaaklik van 'n bedryfsaard is, bestaan uit 'n mengsel van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure.

## OUDITKOMITEE

**Samestelling en bywoning van vergaderings**

Die Ouditkomitee bestaan uit sy voorsitter, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur is, en drie ander nie-uitvoerende direkteure. Gedurende die jaar onder oorsig het die samestelling van die komitee ooreenkomstig die vereistes van die Wet op die Hervorming van Korporatiewe Wette (Corporate Laws Reform Act) verander en die uitvoerende direkteure is verwyder as lede. Dié direkteure woon vergaderings slegs by as waarnemers.

**Mandaat en verantwoordelikhede**

Die komitee het 'n formele mandaat wat deur die Direksie goedgekeur is en jaarliks nagegaan word om te verseker dat die bepalings nagekom en behoorlik uitgevoer word. Daar word van die komitee vereis om:

- Aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure te doen;
- Die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te evalueer en enige nie-ouditdienste deur sodanige ouditeure te oorweeg en te oorweeg of die lewering van sodanige dienste hulle onafhanklikheid sou beïnvloed;
- Die finansiële state van die Maatskappy en sy filiale, tussentyds en jaarliks, na te gaan;
- Te verseker dat die finansiële state in ooreenstemming met toepaslike rekeningkundige beleide en Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde opgestel word;
- Die rekeningkundige beleide en prosedures wat deur Senwes aanvaar is en enige veranderings daaraan te hersien;

- Die ouditbegroting en -fooie aan te beveel;
- Die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse oudit, die interne ouditfunksie en die interne kontrolestelsel na te gaan;
- Te verseker dat die rolle van interne oudit en eksterne oudit op geskikte wyse uitgeklaar en onderskei word;
- Voldoening aan toepaslike wetgewing te verseker.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die voorsitter van dié komitee en doen ook verslag oor dag-tot-dag-aangeleenthede aan, onderskeidelik, die Besturende Direkteur en die Direkteur Finansies.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergaderings by om enige vrae oor die komitees se pligte en die Maatskappy se finansiële state te beantwoord.

Die Ouditkomitee bestaan uit die volgende persone en bywoning van vergaderings was soos volg:

| Naam van direkteur | 14/06/2006 | 23/11/2006 | 12/02/2007 |
|---|---|---|---|
| JPL Alberts (voorsitter) | √ | √ | √ |
| D Lerutla | √ | √ | √ |
| JDM Minnaar | √ | √ | √ |
| JA Mostert | √ | √ | √ |
| JD Shahim (verkies tot Risikokomitee 10/08/2006) | √ | - | - |

**√ Bygewoon**

## MENSLIKE HULPBRONNEKOMITEE

**Samestelling en bywoning van vergaderings**

Die Menslike Hulpbronnekomitee bestaan uit vyf lede, te wete vier nie-uitvoerende direkteure en een uitvoerende direkteur, naamlik die Besturende Direkteur.

Die Hoofbestuurder Korporatiewe Dienste en die Assistent Hoofbestuurder Menslike Hulpbronne woon alle vergaderings by.

**Mandaat en verantwoordelikhede**

Die komitee funksioneer ingevolge 'n skriftelike mandaat wat deur die Direksie goedgekeur is en daar word van die komitee vereis om minstens drie keer per jaar te vergader. Die komitee is verantwoordelik vir die aanbevelings met betrekking tot die Groep se:

- vergoeding vir nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure
- strategiese menslike hulpbronnekwessies soos die filosofie ten opsigte van vergoeding, opvolgbeplanning, gelyke indiensneming, die behoud van personeel en personeelaansporingskemas.

Die Menslike Hulpbronnekomitee bestaan uit die volgende persone en bywoning van vergaderings was soos volg:

| Naam van direkteur | 08/06/2006 | 27/07/2006 | 19/01/2007 | 08/03/2007 |
|---|---|---|---|---|
| JDM Minnaar (voorsitter) | √ | √ | √ | √ |
| J Botma | √ | √ | **V** | √ |
| JJ Dique | **V** | √ | **V** | √ |
| JAE Els | **V** | √ | √ | √ |
| GNV Magashula | **V** | **V** | √ | √ |
| DM Lerutla (verkies tot Ouditkomitee 10/08/2006) | √ | √ | **V** | **V** |

**√ Bygewoon V Verskoning**

Vergoeding vir die jaar onder oorsig word uiteengesit in die tabel op bladsy 22.

**Belangrike ontwikkelings**

Vanaf 2007/2008, en in ooreenstemming met voorgestelde maatskappywetgewing, word voorgestelde veranderings aan die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure voor implementering op die Algemene Jaarvergadering aan aandeelhouers voorgelê vir goedkeuring. Gedurende die jaar is die hele Groep se aansporingskemas deur die komitee en die Direksie hersien en goedgekeur.

**Uitvoerende direkteure se kontrakte**

Die dienskontrakte van die uitvoerende direkteure het 'n vaste termyn. Die Besturende Direkteur se dienskontrak is hernu en verstryk in Junie 2011. Die kontrak van die Direkteur Bedryf het op 30 April 2007 verstryk en word tans hernu. Die kontrak van die Direkteur Finansies verstryk gedurende Februarie 2008.

## RISIKOKOMITEE

**Samestelling en bywoning van vergaderings**

Die Risikokomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en die drie uitvoerende direkteure en het vier keer gedurende die jaar vergader.

**Mandaat en verantwoordelikhede**

Die komitee funksioneer ingevolge 'n mandaat wat deur die Direksie goedgekeur is en ondersteun die Direksie met die identifisering, beoordeling, evaluering, versagting en monitering van werklike en potensiële risiko's soos dit op die Maatskappy betrekking het.



# korporatiewe beheer-verslag

Die Risikokomitee bestaan uit die volgende persone en bywoning van vergaderings was soos volg:

| Naam van direkteur | 02/06/2006 | 25/08/2006 | 15/11/2006 | 09/02/2007 |
|---|---|---|---|---|
| WH van Zyl (voorsitter) | √ | √ | √ | √ |
| MJ Lourens (afgetree 10/08/2006) | √ | √ | - | - |
| J Mashike | √ | √ | √ | √ |
| JA Mostert (tot 10/08/2006) | √ | √ | - | - |
| JD Shahim (vanaf 10/08/2006) | - | - | √ | √ |
| JJ Dique | √ | √ | √ | √ |
| SH Alberts | √ | √ | √ | √ |
| F Strydom | √ | √ | √ | √ |

**√ Bygewoon**

**Belangrike ontwikkelings**

In die verlede was die risikobestuursfunksie met Interne Oudit geïntegreer. Gedurende die jaar onder oorsig is 'n afsonderlike korporatiewe risikobestuurder aangestel, wat verantwoordelik is vir die fasilitering van die risikobestuursprosesse in die Maatskappy.

**Risikobeheerstruktuur**

**DIREKSIE**

| VERANTWOORDELIK VIR: | AANSPREEKLIK TEENOOR: |
|---|---|
| Risikofilosofie | Aandeelhouers |
| Risikobestuursbeginsels | Reguleerders |
| Algehele risiko-aptyt | Die gemeenskap |
| | Ander belanghebbendes |

**DIREKSIE RISIKOKOMITEE**

| VERANTWOORDELIK VIR IMPLEMENTERING VAN: | AANSPREEKLIK TEENOOR: |
|---|---|
| Risikobestuursbeginsels | Direksie |
| Risikobestuursbeleide | |
| Geskikte risikoperke | |

**Vergoeding van direkteure vir die jaar onder oorsig**

| Naam van direkteur | Maande in diens | Direkteure se jaarlikse gelde R'000 | Komitee(s) R'000 | Bestuurs-dienste R'000 | Korttermyn aansporings R'000 | Aandele appresia-sieskema | Ander R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Nie-uitvoerend:** | | | | | | | |
| JE Grobler | 12 | 258 | 46 | - | - | - | 34 |
| JDM Minnaar | 12 | 181 | 70 | - | - | - | 45 |
| JPL Alberts | 12 | 114 | 29 | - | - | - | 48 |
| JP Botma | 12 | 104 | 25 | - | - | - | 10 |
| JAE Els | 12 | 104 | 25 | - | - | - | 35 |
| DM Lerutla (bedank 09/03/2007) | 10 | 77 | 21 | - | - | - | 20 |
| MJ Lourens (afgetree 10/08/2006) | 3 | 34 | 5 | - | - | - | 2 |
| GNV Magashula | 12 | 114 | 10 | - | - | - | 11 |
| J Mashike | 12 | 60 | 15 | - | - | - | 28 |
| JA Mostert | 12 | 104 | 20 | - | - | - | 13 |
| OME Pooe (aangestel 09/03/2007) | 2 | 17 | - | - | - | - | 2 |
| JD Shahim | 12 | 104 | 21 | - | - | - | 9 |
| WH van Zyl | 12 | 104 | 48 | - | - | - | 23 |
| L Ndala (alternatief) | - | - | - | - | - | - | 2 |
| **Uitvoerend:** | | | | | | | |
| JJ Dique | 12 | 182 | 77 | 2 412 | 2 520 | - | 21 |
| SH Alberts | 12 | 104 | 21 | 1 493 | 1 212 | 447 | 17 |
| F Strydom | 12 | 104 | 21 | 1 601 | 1 360 | 476 | 29 |

**BESIGHEIDSEENHEIDSBESTUUR**

| **VERANTWOORDELIK VIR BESTUUR VAN:** | **AANSPREEKLIK TEENOOR:** |
|---|---|
| Alle risikoblootstellings in die besigheidseenheid | Groep Uitvoerende Komitee<br>Direksie Risikokomitee |

**ONDERNEMINGSWYE RISIKOBESTUURSAFDELING**

| **VERANTWOORDELIK VIR DIE OORSIG VAN:** | **AANSPREEKLIK TEENOOR:** |
|---|---|
| Risikoprofiel van Groep<br>Risikoperke per besigheids-eenheid<br>Beheer en voldoenings-omgewing | Besturende Direkteur<br>Direksie Risikomitee |

## STANDAARDEKOMITEE

**Samestelling en bywoning van vergaderings**

Die Standaardekomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die Besturende Direkteur en is verantwoordelik vir aanbevelings aangaande die grootte, samestelling en vaardighede van die Direksie en die direksiekomitees.

**Mandaat en verantwoordelikhede**

Evaluering van die werkverrigting van die Direksie en die individuele direksielede.

Die Standaardekomitee het twee keer gedurende die jaar vergader soos volg:

| Naam van direkteur | 31/07/2006 | 15/03/2007 |
|---|---|---|
| JE Grobler (voorsitter) | √ | √ |
| JDM Minnaar | √ | √ |
| WH van Zyl | √ | √ |
| JJ Dique | √ | √ |

**√ Bygewoon**

## UITVOERENDE KOMITEE

**Samestelling en bywoning van vergaderings**

Die komitee bestaan uit die Besturende Direkteur en die hoofde van die verskillende afdelings. Die komitee, bestaande uit die uitvoerende direkteure, vergader weekliks en op operasionele vlak - saam met senior bestuur - op 'n maandelikse grondslag.

**Mandaat en verantwoordelikhede**

Die komitee is hoofsaaklik verantwoordelik vir die Maatskappy se bedryfsaktiwiteite en vir die ontwikkeling van strategie en beleidsvoorstelle vir oorweging deur die Direksie. Die komitee is ook verantwoordelik vir die implementering van direksiebesluite.

## MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Direksie word by die nakoming van sy voortgesette verantwoordelikhede en verpligtinge deur die Maatskappy-sekretaris bygestaan. Nuut aangestelde direkteure ontvang gepaste oriëntering, insluitende voorligting oor hulle pligte en verantwoordelikhede, van die Maatskappysekretaris. Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die Maatskappysekretaris en uitvoerende bestuur.

'n Formele oriëntasieprogram is ook aanvaar en gedurende die jaar het die Direksie die volgende nagegaan:

- IT-strategie en IT-bedryfsvereistes;
- Die toepassing van die Nasionale Kredietwet; en
- Effektiewe funksionering van 'n direksie en die rol van direkteure.

**Toegang tot inligting**

Die Maatskappy voldoen aan die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2000 en die handleiding in dié verband is op die Maatskappy se webwerf beskikbaar.

Lede het ook toegang tot:

- Die lederegister;
- Notules van lede se vergaderings;
- Aandeleverhandelingsafdeling en inligting oor botte en aanbiedings, soos op die webwerf gepubliseer;
- Toegang tot die Maatskappysekretaris vir enige vrae oor die Maatskappy.

**Uitvoerende Komitee en Senior Bestuurstruktuur**

| Naam | Portefeulje | Maande in diens | Wit (W)/ Swart (S) | Manlik (M)/ Vroulik (V) |
|---|---|---|---|---|
| JJ Dique* | Besturende Direkteur | 12 | W | M |
| F Strydom* | Direkteur: Bedrywe | 12 | W | M |
| SH Alberts* | Direkteur: Finansies | 12 | W | M |
| JMB Maswanganyi# | Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste | 12 | S | M |
| AM Lubbe# | Hoofbestuurder: Graan | 12 | W | M |
| FJ du Plessis# | Hoofbestuurder: Handel | 12 | W | M |
| EM Joynt# | Maatskappysekretaris | 12 | W | V |

*** – Uitvoerende Komitee # – Senior Bestuur**



# korporatiewe beheer en risikobestuur

## RISIKOBESTUURSVERSLAG

Risikobestuur is 'n onafhanklike Groepfunksie wat gevestig is om te verseker dat Senwes 'n geïntegreerde en effektiewe risikobestuursraamwerk het. Die gemeenskaplike doel van risikogebaseerde beleide en praktyke is om die risiko-opbrengsprofiel van die Maatskappy se portefeulje te verhoog en sodoende die Groep se strategie van waardeskepping vir sy aandeelhouers te ondersteun. Senwes bestuur sy risiko's aktief om 'n mededingende voorsprong te bekom. Die risiko's word geëvalueer en met 'n groter bewustheid aanvaar, ongunstige veranderings word vooruit oorweeg en beskerming teen onvoorspelbare gebeurtenisse word nagestreef.

### RISIKOBESTUURSONTWIKKELINGS

- Vestiging van risikobestuursfunksie om Ondernemingswye Risikobestuurs(ORB)-praktyke te bestuur op 'n grondslag wat afsonderlik van Interne Oudit is.
- Strukturering van ORB-funksies en aanstelling van gepaste, toegewyde risikobestuurspersoneel.

### BENADERING TOT RISIKOBESTUUR

Senwes volg onderstaande benadering tot risikobestuur en risikobeheer:

- Die Groep se algehele risiko-aptyt en risikotoleransie vir alle tipes risiko word bepaal en risiko's word dienooreenkomstig bestuur.
- Risiko's word geïdentifiseer, nagegaan en op gepaste wyse aangepak. Geskikte prosesse word ontwikkel om die voorkoms daarvan in die toekoms te beheer en te bestuur.
- Risiko's word voortdurend herevalueer en reaksies opnuut nagegaan.
- Formele beheer en omvattende gereelde verslagdoenings-prosesse is gevestig en word gehandhaaf om die effektiwiteit van die risikobestuursprosesse te verseker.
- Bestuursprosesse word gemoniteer om te verseker dat beduidende risiko's omvattend geïdentifiseer en gemonitor word.
- Interne beheerstelsels met betrekking tot geïdentifiseerde risiko's word deur die bestuur verseker en op 'n gereelde grondslag deur Interne Oudit gemonitor.

### VERANTWOORDELIKHEID

Die verantwoordelikheid vir risikobestuur berus by bestuur op alle vlakke – vanaf lede van die Direksie en die betrokke direksiekomitee tot individue in die hele Groep. Daar word van elke individu, ten opsigte van sy of haar eie posisie, vereis om huidige en toekomstige risiko's te identifiseer en gepaste stappe te doen. Risiko's word deur middel van die toepaslike bestuurstrukture en risikokomitees aangemeld en bestuur tot op direksievlak, waar aptytvlakke en beleide bepaal word.

### DIE JAAR ONDER OORSIG

Die fokusgebiede gedurende die afgelope finansiële tydperk het die volgende ingesluit:

**Kredietrisiko**

- Die nodige prosesse bestaan om kredietrisiko te meet, te monitor, te beheer en daaroor verslag te doen.
- Die vernaamste kredietrisiko vir Senwes is teenpartyrisiko en gevolglik word streng beleide gevolg wanneer krediet toegestaan word. Behoorlike sekuriteite, die balansstaat van die teenparty en die langtermynopbrengs van boerdery-eenhede is deurslaggewende faktore wat 'n rol speel om risiko's te versag.
- Die impak van interne en eksterne faktore op transaksies en posisies word gereeld gemonitor om tydige reaksie op dié faktore en effektiewe bestuur daarvan te verseker.

**Nie-nakoming van kontrakte**

Senwes kontrakteer met sowel produsente as kopers en dit laat 'n risiko ontstaan wanneer geldende voorwaardes lei tot 'n onvermoë om kontraktuele verpligtinge na te kom, of die versoeking om dit nie na te kom nie. Dié toestande kan weens droogte of aansienlike prysbewegings ontstaan. Behoorlike teenparty-evaluering asook die beperking van kontrakvolumes per teenparty speel 'n belangrike rol om dié risiko aan te spreek. Marktoestande wat tot nie-nakoming van kontrakte kan lei, word streng gemonitor en strategieë om dié risiko op die Safex-mark te verskans, word gebruik wanneer nodig geag.

**Graanmarkrisiko**

- ***Verhandelingsrisiko***

Markrisiko op die gebied van verhandeling is die potensiële verlies in die verhandelingsportefeulje weens veranderinge in marktoestande soos rentekoerse, die verskil tussen heersende en toekomstige pryse van kommoditeite, onbestendigheid van dié markte en veranderings in marklikiditeit. Risikoperke word gestel om verhandeling in ooreenstemming met die Groep se risiko-aptyt te bestuur.

- ***Rentekoersrisiko***

Die rentekoersrisiko is die risiko van 'n daling in verdienste weens die beweging van rentekoerse. Die Groep se balansstaat word vanselfsprekend grootliks met die oog op dié risiko verskans omdat die meeste van die items op die balansstaat inkomste en koste genereer wat met rentekoerse verband hou. Die besluit om rentekoerse vir die res van die balansstaat te verskans of nie te verskans nie, word gereeld ondersoek om dié risiko doeltreffend te bestuur.

- ***Onverskanste kommoditeitsposisies***

Posisies wat nie op die Safex-mark verskans word nie, stel Senwes aan prysbewegings bloot. Dié risiko word vererger tydens lae marklikiditeit. Senwes pas 'n baie streng beleid toe en perke word op baie lae vlakke gestel met betrekking tot oop posisies, hetsy spekulatief of operasioneel van aard. Die stand van oop posisies word daagliks gemonitor en aan die relevante lede van senior bestuur gerapporteer.

**Operasionele risiko**

Die risiko van direkte of indirekte verliese as gevolg van ontoereikende of mislukte interne prosesse, mense en stelsels of weens eksterne gebeurtenisse is beduidende risiko's vir Senwes. Gevolglik bestaan prosedures om operasionele risiko's op 'n daaglikse basis te bestuur. Hier volg enkele belangrike voorbeelde:

***Toegang tot graan***

Die risiko dat Senwes nie graanvolumes in sy geografiese basis waar hy bedrywig is kan handhaaf en/of verhoog nie. Swakker toegang tot graanoeste kan veroorsaak word deur 'n aantal oorsake soos:

- Afgeskaalde aanplantings: Modelle is ontwikkel en word bestuur om die impak van 'n wesenlike afskaling in aanplantings as 'n enkelseisoen-gebeurtenis te verminder;
- Alternatiewe opbergingstrukture: Alternatiewe opbergingstrukture word deur middel van innoverende marktransaksies en die handhawing van noue produsenteverhoudings aangespreek. Verskille tussen produkaanbiedings word ook in die mark uitgelig.
- Droogtes: Modelle is ontwikkel en finansiële instrumente word ingespan om die impak van droogtes te bestuur en te verminder.
- Onbehoorlike bestuur van transformasie en grondhervorming kan 'n beduidende impak op produksie hê. Senwes werk saam met alle betrokke staatsdepartemente met die oog op lewensvatbare opsies en die implementering van sodanige opsies met betrekking tot die noodsaaklikheid van Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB).

***Nie-nakoming van wetgewing***

Nakoming van verskeie wette wat betrekking het op die korporatiewe omgewing is 'n beduidende risiko vir die organisasie. Die Maatskappysekretaris, wat ook optree as nakomingsbeampte, fasiliteer Senwes se voldoening aan wetgewing. 'n Etiese gedragskode, prosedures, beleide en toepaslike instruksies oor voldoening aan wetgewing, is in plek. Deeglike kommunikasie en ondersoek van nuwe ooreenkomste en transaksietipes vind vroegtydig plaas.

***Verliese weens ontoereikende ooreenkomste***

Verliese kan gely word weens gebreke en tekortkomings in ouer, bestaande kontrakte wat sonder die nodige regsadvies opgestel is. Om Senwes teen dié risiko te beskerm, word tydige advies van regskundiges in die Sekretariaatafdeling ingewin. Prosedures met betrekking tot die opstel en nagaan van kontrakte verseker dat die bedoelings van die partye behoorlik tot vaslegging kom in kontrakte.

**Strategiese risiko**

- Hierdie deurlopende risiko hou verband met die feit dat die Maatskappy se strategiese rigting moontlik nie korrek of die beste alternatief is nie en dat aandeelhouerswaarde dus nie geoptimaliseer sal word nie. Strategieë wat gevolg word, kan onvanpas wees om langtermyn doelwitte te steun weens 'n ontoereikende beplannings- en/of besluitnemingsproses of ontoereikende implementering van sodanige strategieë.
- Om die risiko te versag, word die Groep se strategiese rigting voortdurend geëvalueer om te verseker dat die strategie by veranderende marktoestande pas en mylpale bereik word. Prosesse bestaan om die Maatskappy effektiewelik in die vereiste strategiese rigting te lei.

**Reputasierisiko**

'n Sterk korporatiewe identiteit en reputasie is 'n waardevolle bate in die Groep se bedryfsfeer. Deur risiko's waaraan die Groep in die gang van sake blootgestel word te bestuur, word sy reputasie beskerm. Dit behels gefokusde toewyding op spesifieke gebiede soos belasting, regsake, regulerings-, omgewings-, maatskaplike of sakeverhoudings en rekeningkunde. Senwes strewe na die hoogste standaarde ten opsigte van integriteit en die handhawing van die hoogste etiese standaarde in alle saketransaksies.

Senwes se risikobestuurstrukture is ingesluit in die Korporatiewe beheerverslag (sien bladsy 22).





# MARKTOEGANG



**Dr Anton Lubbe**
HOOFBESTUURDER GRAAN

**GRAAN**
- Graanbedryf
- Graanbemarking
- Graan Finansies & Administrasie

## 1. Die Marktoegang divisie doen sake in die graanverskaffingsbedryf deur middel van die volgende eenhede:

- **Graanverkryging**
  Verskaf markinligtingsdienste, 'n wye reeks graankontrakte en 'n prysmeganisme aan graan-produsente.

- **Graanhantering en -opberging**
  - Verskaf infrastruktuur om graan in 'n veilige en higiëniese omgewing te hanteer en op te berg.
  - Verskaf graderings-, drogings- en skoonmaakdienste by die voorbereiding van graan vir die mark.

- **Graanbemarking**
  Verkoop graan aan eindgebruikers deur middel van verskillende markinstrumente en -prosesse.

- **Graanlogistiek**
  Verskaf 'n logistieke en vervoerstelsel aan die graanbedryf.

- **Graan Finansies & Administrasie**
  Verskaf graanfinansiering en administratiewe dienste aan verskillende rolspelers en kopers wat in die graanbemarkingsketting aktief is.

## 2. Belangrike ontwikkelings

- Impak van vorige jaar se 50%-afgeskaalde aanplantings is ondervind, wat gelei het tot:
  - Verminderde inname en kapasiteitsbenutting.
  - Laer verhandelingsbasis.
- Die invloed van wêreldgraanpryse op plaaslike produksie en prystendense was beduidend.
- Plaaslike markte was gekenmerk deur groot onbestendigheid, wat tot uitdagende verhandelings-toestande gelei het.
- Die termynmark weerspieël selde die volle drakoste van graan en opberging.
- Die pryse van die meeste graankommoditeite het meer as verdubbel oor die afgelope seisoen, wat 'n aansienlike risiko ten opsigte van nie-nakoming van termynkontrakte sowel as verskanste posisies geskep het.
- Alternatiewe opbergingsopsies, te wete silosakke, het 'n impak op die graanopbergingsmark gehad maar het ook nuwe geleenthede vir Senwes geskep.
- Die somerproduksie-oes wat gelewer is, was van 'n swak kwaliteit (meer as 40% van die mielies wat ontvang is, was van 'n lae kwaliteit).
- Teen die agtergrond van 'n kleiner oes het plaaslaai as 'n mededingende aktiwiteit 'n betreklike groter rol gespeel.
- Mededinging om die produksie, aankoop en bemarking van graan te finansier, is skerp. Die beskikbaarheid van finansiering vir graankopers het 'n belangrike instrument vir 'n groter markaandeel geword.
- Die graanmark vereis 'n skerper fokus op nisprodukte en -dienste.
- Wetgewing met betrekking tot voedselveiligheid en -higiëne sowel as mededinging plaas 'n groter verantwoordelikheid op hoëprofiel rolspelers.

## 3. Bereiking van doelwitte

### GRAANBEDRYF

| Gestelde doelwitte | Prestasie teenoor doelwitte |
|---|---|
| Verhoog produkontwikkeling en waardetoevoegende dienste | Ontwikkeling en isolasie van produkte is verhoog. Graanlaboratorium opgegradeer om identiteitsbewaring (IB) en kwantifisering van eiesoortige eienskappe moontlik te maak |
| Verbeter kwaliteitontledings en beheer van graan op silovlak | Nuwe graderingstegnologie by bepaalde silo's geïmplementeer |
| Implementeer voedselveiligheids- en voedselhigiëneplan | Plan geïmplementeer en oudits uitgevoer |
| Optimaliseer bestuur van opgebergde graan | Waarde toegevoeg deur bedryfs- en risikobestuursprosesse |
| Skep nuwe graankwaliteitstelsels wat waarde toevoeg | Mikpunt bereik, stelsel vir witmielies ontwikkel – ander produkte sal volg |
| Hou silo-infrastruktuur in stand om optimale bedryfsdoeltreffendheid te steun | Alle silo's doeltreffend bedryf en toereikend in stand gehou |
| Silo-akademie – opleiding en ontwikkeling van personeel en leerlingskappe | Oogmerke is bereik en personeel het tot leerlingskapsvlak gevorder<br>Dit sal daartoe lei dat diensgelykheidsdoelwitte by silo's bereik word |

### GRAANBEMARKING

| Gestelde doelwitte | Prestasie teenoor doelwitte |
|---|---|
| Handhaaf winsgewendheid ten spyte van die kleiner oes | Die maksimeringsproses van die inkomste uit die plek, tyd en kwaliteitwaarde van graan is effektief bestuur<br>Die ontwikkeling van alternatiewe Safex-verwante inkomstebronne vorder goed en beduidende groei word voorsien<br>Uitbreidings buite Senwes se tradisionele bedieningsgebied het 'n bydrae begin maak |
| Ontwikkel strategieë om mededingendheid te verhoog ondanks die vestiging van alternatiewe bergingsopsies | Sukses is behaal deur die implementering van 'n kombinasie van strategieë om die vestiging van alternatiewe bergingstrukture teen te werk |
| Plaaslaai en verwante strategieë is beduidend uitgebrei en mededingendheid is hierdeur verbeter | Aktiewe deelname aan plaaslaai- en verwante strategieë het die effek van plaaslaai tydens 'n kleiner oes grotendeels versag |
| Vergroot Senwes se markaandeel deur finansiering aan afnemers van graan te bied | Die kliëntebasis en markaandeel is suksesvol uitgebrei via die bemarking van finansieringsprodukte |
| Ontwikkel bestuurs- en prysrisiko bestuursmaatreëls om graanprysskommelinge en leweringsrisiko effektief te beheer | Risikobestuursmaatreëls is ontwikkel. Beide risiko's is effektief bestuur ten spyte van wesenlike prysbewegings die afgelope jaar |



## 4. Vooruitsigte

### ALGEMEEN

- Brei inkomste uit deur nasionale markaandeel en besigheid in Afrika te vergroot.
- Fokus op nismarkte.
- Oorbrug logistieke en vervoergaping in die graanverskaffingsketting deur strategiese investerings.
- Verhoog SEB-status en verskerp fokus op bemarking van die Marktoegang divisie as ’n voorkeur-verskaffer.
- Personeelbehoud en motivering van sleutelpersoneel.

### GRAANBEDRYF

- Opleiding van rolspelers in die voedselprosesseringsbedryf oor die voordele van spesialiteitsprodukte om sodoende ’n groter vraag te verseker.
- Verbetering van protokol vir identiteitsbewaring (IB), gespesialiseerde produkte en voedselveiligheid.
- Verdere uitbreiding van laboratoriumfunksionaliteit.
- Brei markaandeel ten opsigte van graanhantering en -opberging in tradisionele geografiese gebied uit.
- Fokus op geleenthede in Afrika.
- Opgradering van kapasiteit en operasionele en buigsaamheidsvermoëns van silo’s.

### GRAANBEMARKING

- Fokus op ontwikkeling van omvattende graanvoorsieningsmodel.
- Verhoog die logistiek- en vervoerinstrumente en -betrokkenheid aansienlik.
- Voortgesette fokus op die identifisering, kwantifisering en bestuur van toepaslike risiko’s.
- Onderrig en opleiding van kliënte in die gebruik van afgeleide instrumente.
- Verhoogde innovasie en produkontwikkeling van transaksie-opsies vir die produsente- en afnemer klantebasis.
- Brei die inwin van inligting en die vertolking en verspreiding daarvan uit.
- Brei die logistieke besigheid uit om nie-graankommoditeite in te sluit.
- Geografiese uitbreiding van dienste en prosesse om Senwes se sakebasis te verbeter en te vergroot.

# INSETVERSKAFFING



**Frans du Plessis**
HOOFBESTUURDER HANDEL

**HANDEL**

- Kleinhandel
- Meganisasie
- Direkte Insette

## 1. Die Insetverskaffing divisie verrig sy sake-aktiwiteite deur middel van die volgende eenhede:

- **Kleinhandel**
  Verskaffing van boerdery-insette, algemene boerderybenodigdhede, selfdoengoedere, tuin- en besproeiingsprodukte sowel as buitenshuise goedere vir landbouprodusente en algemene verbruikers.

- **Meganisasie**
  Nuwe John Deere meganiese toerusting, gebruikte toerusting, onderdele, werkswinkeldienste en presisieboerderytoerusting en -dienste.

- **Direkte Insetbemarking**
  Die bemarking van grootmaatboerdery-insette aan kommersiële produsente.

## 2. Belangrike ontwikkelings

- Regruk- en herstruktureringsvoordele gerealiseer en aansienlike wins behaal.
- Verhoogde aanplantings en aanvaarbare kommoditeitsprysvlakke het gunstige saketoestande tot gevolg gehad.
- Breër produkreekse om sikliese landboutoestande teen te werk.
- Beter gemotiveerde en opgeleide personeelkorps.

## 3. Bereiking van doelwitte

### KLEINHANDEL

| Gestelde doelwitte | Prestasie teenoor doelwitte |
|---|---|
| Slaan munt uit geoptimaliseerde infrastruktuur na herstrukturering | Uitstekende finansiële prestasie is behaal, wat vereiste opbrengskoerse oorskry |
| Diversifiseer produkreekse om sikliese landboutoestande teen te werk | Uitstekende groei is in nie-landbouprodukreekse behaal |
| Fokus op margebestuur | Bruto marges verhoog |

### MEGANISASIE

| Gestelde doelwitte | Prestasie teenoor doelwitte |
|---|---|
| Implementeer 'n hersiene sakemodel | Hersiene sakemodel is suksesvol geïmplementeer |
| Regruk van Meganisasie tot 'n winsgewende sake-eenheid | Uitstekende resultate is behaal, wat vereiste opbrengskoerse oorskry het<br>Langtermynvolhoubaarheid bly kommerwekkend |
| Hulp met vestiging van 'n bedryfsoplossing vir swak finansiële prestasie wat in die verlede behaal is | 'n Hoë mate van sukses is behaal as gevolg van die vestiging van 'n handelaarsforum met John Deere |
| Verkoop van besproeiingsbesigheid | Besproeiingsbesigheid as lopende saak verkoop |

### DIREKTE INSETBEMARKING

| Gestelde doelwitte | Prestasie teenoor doelwitte |
|---|---|
| Vergroot markaandeel | Markaandeel is in 'n hoogs mededingende mark vergroot |
| Verhoog winsgewendheid | Uitsonderlike resultate is behaal wat alle vorige prestasies oortref het |

## 4. Vooruitsigte

### KLEINHANDEL

- Verhoog inkomste deur belegging in sakegeleenthede aangrensend tot huidige besigheid.
- Vergroot diversifisering in nie-landbouprodukte en -dienste om die produkaanbieding aan algemene verbruikers te verbeter.
- Optimaliseer voorraadvlakke en produkreekse.

### MEGANISASIE

- Vestig 'n platform om winsgewendheid op 'n volhoubare grondslag te verseker.
- Uitbreiding van markaandeel en bruto inkomste.
- Verbeter klanttevredenheid deur diensvlakke te verbeter.
- Optimaliseer voorraadvlakke.

### DIREKTE INSETBEMARKING

- Brei markaandeel uit deur verbeterde strategiese verhoudings met verskaffers.
- Verbeter klanteverhoudings deur "voetspoor op die plaas" te vergroot.
- Meer waardetoegevoegde dienste.

# FINANSIERING



**Gerrit van Zyl**
ASSISTENT HOOFBESTUURDER
FINANSIERING

## 1. Die Finansiering divisie steun die Marktoegang en Insetverskaffing divisies om hulle doelstellings te bereik en hulle strategieë ten uitvoer te bring deur middel van:

- 'n Volledige reeks mededingende landboufinansieringsprodukte.
- 'n Markgerigte diens.
- Verhoudingsbestuur met persoonlike besoeke aan kliënte as grondslag.
- Vaartbelynde krediet beoordelingsprosesse.

## 2. Belangrike ontwikkelings

- Optimalisering van die risikoprofiel van die boek.
- Optimalisering van die kredietprosesse.
- Finalisering van 'n finansieringsalliansie met 'n handelsbank met betrekking tot die huurkoopboek.
- Verstewiging van kliënteverhoudings.

## 3. Bereiking van doelwitte

### FINANSIERING

| Gestelde doelwitte | Prestasie teenoor doelwitte |
|---|---|
| Gesonde groei van debiteureboek | Die boek het met 23,6% gegroei, gegrond op 2004/2005 (normale produksiejaar) |
| Slegte skuld van minder as 0,8% | Mikpunt is bereik |
| Verbeter huidige/agterstallige skuld-verhouding met 30% | Bereik |
| Implementering van elektroniese toepassings-proses om omdraaityd te verhoog | Met sukses vroeg in finansiële jaar ten uitvoer gebring |
| Bou van kapasiteit en struktuur om kliëntever-houdings direk te bestuur | Die nodige aanstellings is gedoen |

## 4. Vooruitsigte

- Verbreed die kapasiteit om sterker kliënteverhoudings te vestig en te verbeter.
- Vergroot markaandeel aansienlik.
- Hersien sakemodel om vir verskillende gebiede en markte aanpasbaar te wees met die versekering dat 'n aanvaarbare opbrengs behaal word.



# afdeling-indeks

## STATUTÊRE EN FINANSIËLE VERSLAE


32 Finansiële oorsig
34 Vyfjaar-oorsig – Senwes Groep
37 Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie
37 Verklaring van die Maatskappysekretaris
38 Verslag van onafhanklike ouditeure
39 Statutêre direkteursverslag
41 Rekeningkundige beleid
48 Balansstaat
49 Inkomstestaat
50 Staat van verandering in ekwiteit
51 Kontantvloeistaat
52 Aantekeninge tot die finansiële state


## VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG


76 Oorsig oor volhoubaarheid
84 Swart Ekonomiese Bemagtigingsverslag
86 Aandeelhoudersverslag


SENWES

BREEK NUWE GROND



# finansiële oorsig

> Ons kondig met trots een van die beste bedryfsresultate in jare aan, ten spyte van die strawwe impak van laer beskikbare graanvolumes. Hierdie resultaat is grootliks toeskryfbaar aan die merkwaardige ommekeer wat in ons Insetverskaffing divisie ondervind is, asook innovasie in ons Marktoegang divisie.

**INLEIDING**

'n Landbou-onderneming soos Senwes doen sake in 'n dinamiese omgewing met aansienlike skommelings in markkragte. Gedurende die vorige jaar, het die Insetverskaffing divisie 'n afswaai in hul bedryfsiklus ervaar. Dit was die gevolg van 'n opbou in surplus graanvoorraad oor 'n aantal seisoene heen, wat lae graanpryse en 'n doelbewuste besluit deur produsente om minder graan te plant, tot gevolg gehad het.

Die reaksie van die laer aanplantings van verlede jaar, het die Marktoegang divisie gedurende die huidige jaar negatief beïnvloed. Laer graanvolumes was beskikbaar vir deurset deur die infrastruktuur met 'n strawwe mededinging om beskikbare graan. Volumes ontvang by silo's was bykans 50% minder vergeleke met die vorige jaar.

Ten spyte van die heersende toestande, het hierdie bedryfseenheid steeds sy staal gewys deur die markaandeel te vergroot. Die divisie se inkomste het met 61% tot R4,2 miljard gegroei, wat saamloop met 'n marginale verlaging in winsgewendheid.

Die laer graanvoorraadvlakke het gelei tot hoër graanpryse; wat groter optimisme by produsente en verhoogde aanplantingsvlakke gedurende die huidige jaar se somerproduksie-oes tot gevolg gehad het. Dit, tesame met die verhoogde diensvlakke in die hele organisasie, veral in die Finansiering en Insetverskaffing divisies, het tot 'n aansienlike toename in die markaandeel vir hierdie segmente gelei. Inkomste in die Insetverskaffing divisie het met 41% tot R1,16 miljard gegroei.

Die opswaai in die Meganisasie- en Kleinhandelsafdelings, het 'n enorme bydrae tot die positiewe resultate gelewer. Vergeleke met die vorige jaar het die Insetverskaffing divisie 'n verbetering van R78 miljoen se voorbelaste wins ge-rapporteer. Daar word verwag dat resultate gedurende die huidige jaar meer gematig sal wees omdat die agterstandbestedingsiklus wat deur Meganisasie ondervind is, behoort af te skaal.

Die Finansiering divisie het sy bydrae tot wins voor belasting verhoog danksy 'n groei in markaandeel vanuit 'n gesonde basis wat streng bestuur word. Die huidige finansieringsboek het met gemiddeld 16,1% gegroei.

Alle besigheidseenhede het oor die algemeen positief bygedra tot die resultate wat getoon word en opbrengste op kapitaal aangewend was hoër as die vereiste opbrengskoerse. Korporatiewe koste is verder afbestuur, hoofsaaklik deur middel van 'n fokus op IT- en verwante koste.

**GROEPRESULTATE**

Inkomste uit voortgesette bedrywe het wesenlik met R2 miljard (56%) verhoog, hoofsaaklik toeskryfbaar aan die positiewe bedryfsiklus by Insetverskaffing asook die hoër pryse ervaar in die Marktoegang divisie. Gevolglik toon bedryfswins uit voortgesette bedrywe 'n merkbare 65% toename van R160 miljoen na R264 miljoen.

Netto wins van R127 miljoen vir die jaar onder oorsig is werklik bevredigend. Dit verteenwoordig 'n 18,7% toename van verlede jaar se syfer van R107 miljoen en vind neerslag in verdienste per aandeel vir aandeelhouers van 69,1 sent (17% groei), met wesensverdienste per aandeel van 65,8 sent wat 13% groei weerspieël. Hierdie opbrengste stem ooreen met die Groep se langtermyndoelstellings.

Die Groep het 'n agtenswaardige opbrengs van 18,3% op sy ekwiteitsopeningsaldo behaal. Die opbrengs het vir die afgelope vyf jaar 'n konstante tendens bo 17% gehandhaaf, selfs in jare waar abnormale items, soos die verkoop van wesenlike beleggings (bv. Pioneer in 2005), uitgesluit word. Daaruit blyk duidelik dat konstante waarde op operasionele vlak vir aandeelhouers geskep is. Opbrengs op totale gemiddelde bates (verdienste voor rente en belasting oor totale bates) het met 4,8% toegeneem van 9,4% tot 14,2%.

**BALANSSTAAT**

Bedryfsbates het toegeneem as gevolg van verhoogde belegging in finansieringsaktiwiteite, wat toeskryfbaar is aan die landbousiklus vroeër verduidelik. Verbeterde doeltreffendhede word egter getoon deur 'n wesenlike toename van 42% in die balansstaatomset van drie keer.

Netto batewaarde per aandeel het met 13% tot R4,26 per aandeel gegroei en aandeelhouers befonds die netto bedryfsbates van Groepbedrywe met 'n gesonde 50%. Hefboomfinansiering het afgeneem van 86% na 70% en vergelyk gunstig met die meeste mededingers in die bedryf.

**KONTANTVLOEI**

Die Groep het daarin geslaag om vir vyf agtereenvolgende jare 'n positiewe kontantvloei te lewer. Die huidige jaar se meer beskeie positiewe kontantvloei van R49 miljoen, is toeskryfbaar aan

> Alle besigheidseenhede het oor die algemeen positief bygedra tot die resultate wat getoon word en opbrengste op kapitaal aangewend was hoër as die vereiste opbrengskoerse.

winste uit bedrywe van R202 miljoen, wat hoofsaaklik verminder is deur die verhoogde investering van R107 miljoen in die divisies se bedryfskapitaal vanweë 'n vergrote sakebasis. Investering in vergrote kapasiteit (kapitaalbesteding) van R21 miljoen en dividende betaal van R24 miljoen het ook die positiewe kontantvloei verlaag.

### AANDEELHOUERS EN DIVIDENDE

Afgesien van die waarde geskep deur verdienste soos reeds genoem, is aandeelhouerswaarde aansienlik verhoog deur die opvallende toename in die verhandelingswaarde van die aandele. 'n Toename van 60% van R2,50 tot R4,00, verteenwoordig 'n belangrike geleentheid vir aandeelhouers om waarde te ontsluit. Daarbenewens is dividendopbrengste wat die voedsel- en landboubedryfsnormes verbysteek, die afgelope drie jaar behaal. Vir die huidige jaar is 'n tussentydse dividend van 6 sent per aandeel verklaar en 'n finale dividend van 17 sent per aandeel word voorgestel. Dit bring die totale dividend te staan op 23 sent, wat 'n dividendopbrengs van 7,1% lewer op die gemiddelde prys met 'n gesonde dividenddekking van drie keer.

### VOORUITSIGTE

As gevolg van droogtetoestande ervaar in die laat somer, het somerproduksie-oesopbrengste groot skade gelei. Dit word daarom verwag dat die Marktoegang divisie onder druk sal bly en as gevolg van verwagte laer beskikbare graanvolumes hoofsaaklik dieselfde bedryfskondisies as die vorige finansiële jaar sal ervaar.

Dit word verwag dat produsente verhoogde kontantvloeidruk kan ervaar en die behoefte aan finansiering kan gevolglik na verwagting toeneem. Na verwagting sal die Insetverskaffing divisie voortgaan om voordeel te trek uit die volgende produksiesiklus omdat heersende hoë verhandelingspryse in die nabye toekoms verwag word.

**Steven Alberts**
Direkteur Finansies





# senwes groep

## VYFJAAR-OORSIG

| | 2007 R'm | 2006 R'm | 2005 R'm | 2004 # R'm | 2003 R'm |
|---|---|---|---|---|---|
| **BALANSSTAAT** | | | | | |
| **Bates** | | | | | |
| Nie-bedryfsbates | **258** | 254 | 269 | 381 | 437 |
| Bedryfsbates | **1 850** | 1 386 | 1 595 | 1 771 | 1 944 |
| Bates van beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop | **14** | 3 | - | - | - |
| Totaal | **2 122** | 1 643 | 1 864 | 2 152 | 2 381 |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | | | |
| Kapitaal en reserwes | | | | | |
| Aandeelhouers | **771** | 683 | 622 | 569 | 372 |
| Minderheidsbelang | **2** | - | - | - | - |
| | **773** | 683 | 622 | 569 | 372 |
| Nie-bedryfslaste | **106** | 89 | 80 | 60 | 113 |
| Bedryfslaste | **1 243** | 870 | 1 162 | 1 523 | 1 896 |
| Laste geassosieer met bates – gehou vir verkoop | **-** | 1 | - | - | - |
| Totaal | **2 122** | 1 643 | 1 864 | 2 152 | 2 381 |
| Rentedraende laste ingesluit in bedryfslaste | **772** | 606 | 815 | 1 071 | 1 121 |
| **INKOMSTESTAAT*** | | | | | |
| **Inkomste** | | | | | |
| Finansiering | **80** | 78 | 87 | 118 | 189 |
| Insetverskaffing | **1 155** | 821 | 850 | 960 | 1 240 |
| Marktoegang | **4 273** | 2 662 | 2 849 | 2 307 | 3 794 |
| Diverse bedrywe | **40** | 31 | 38 | 53 | 50 |
| **Normale bedryfsaktiwiteite** | **5 548** | 3 592 | 3 824 | 3 438 | 5 273 |
| Korporatief en nie-toedeelbaar | **6** | 30 | 10 | 12 | 19 |
| Beëindigde bedrywe | **24** | 426 | 523 | 1 114 | 2 453 |
| Intersegmentverkope | **-** | (69) | (107) | (85) | (82) |
| **Totaal** | **5 578** | 3 979 | 4 250 | 4 479 | 7 663 |
| **Wins/(verlies)*** | | | | | |
| Finansiering | **24** | 23 | 32 | 21 | 18 |
| Insetverskaffing | **42** | (36) | (35) | (62) | (18) |
| Marktoegang | **166** | 177 | 175 | 194 | 167 |
| Diverse bedrywe | **2** | 4 | 8 | 9 | 9 |
| **Normale bedryfsaktiwiteite** | **234** | 168 | 180 | 162 | 176 |
| Korporatiewe koste | **(29)** | (32) | (31) | (32) | (28) |
| Ander nie-toedeelbare (koste)/inkomste | **3** | (12) | (4) | (8) | (1) |
| Beleggingsinkomste | **1** | 5 | 14 | 14 | 13 |
| **Voortgesette bedrywe** | **209** | 129 | 159 | 136 | 160 |
| Beëindigde bedrywe/gehou vir verkoop | **(1)** | 28 | (6) | 36 | (61) |
| Wins voor abnormale items | **208** | 157 | 153 | 172 | 99 |
| Verkoop van ongenoteerde aandele | **-** | - | 104 | - | - |
| Abnormale items | **(26)** | (32) | (19) | 28 | (43) |
| **Wins voor belasting** | **182** | 125 | 238 | 200 | 56 |
| Belasting | **(55)** | (18) | (43) | (32) | - |
| **Wins vir die tydperk** | **127** | 107 | 195 | 168 | 56 |
| **Toeskryfbaar aan:** | **127** | 107 | 195 | 168 | 56 |
| Aandeelhouers | **125** | 107 | 195 | 168 | 56 |
| Minderheidsbelang | **2** | - | - | - | - |
| **Finansieringskoste hierbo ingesluit** | **(83)** | (62) | (84) | (135) | (216) |
| **KONTANTVLOEI** | | | | | |
| **Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite** | | | | | |
| Kontantwins | **202** | 169 | 192 | 227 | 174 |
| Dividende betaal | **(24)** | (29) | (12) | - | - |
| Beweging in bedryfskapitaal | **(107)** | 10 | (25) | (434) | 554 |
| Netto kontant gegenereer/(investeer) deur beleggingsaktiwiteite | **(21)** | 56 | 92 | 231 | (10) |
| **Kontant gegenereer** | **50** | 206 | 247 | 24 | 718 |
| Terugkoop van eie aandele | **-** | (38) | - | (2) | (2) |
| Ontbinding van Personeel Aandele Trust | **-** | 49 | - | - | - |
| Afname in langtermynlenings | **(1)** | (2) | (1) | - | (3) |
| **Netto kontantvloei** | **49** | 215 | 246 | 22 | 713 |

* *Vir die doeleindes van vergelyking is die segmentinkomste en -resultate van vorige tydperke hersaamgestel vir beëindigde bedrywe.*

\# *Die 2004-syfers verteenwoordig die openingsaldo's vir die 2005-syfers en word herstateer om voorsiening te maak vir IFVS. IFVS is toegepas vanaf die 2004/2005 finansiële jaar. Die 2003-syfers is saamgestel deur SA AARP as basis te gebruik.*

| | Definisie | 2007 | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **GETAL GEWONE AANDELE (‘m)** | | | | | | |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereik* | | **180,79** | 180,79 | 180,79 | 181,79 | 204,47 |
| Getal uitgereik op jaareinde* | | **180,79** | 180,79 | 180,79 | 180,79 | 202,95 |
| **GEWONE AANDEELPRESTASIE** | | | | | | |
| **Sent per aandeel** | | | | | | |
| Verdienste | 1 | **69,1** | 59,2 | 107,9 | 92,4 | 27,4 |
| Wesensverdienste | 2 | **65,8** | 58,1 | 54,2 | 70,4 | 48,4 |
| Wesensverdienste uitgesluit abnormale items | 3 | **75,8** | 57,0 | 65,8 | 55,0 | 69,4 |
| Kontantvloei | 4 | **27,7** | 113,9 | 136,6 | 13,2 | 351,2 |
| Netto batewaarde | 5 | **426,5** | 377,8 | 344,0 | 314,7 | 183,3 |
| Sluitingsmarkprys | 6 | **400,0** | 250,0 | 165,0 | 80,0 | 60,0 |
| Totale dividende vir die jaar | 7 | **23,0** | 35,0 | 47,5 | 5,5 | - |
| Finale dividende | 8 | **17,0** | 15,0 | 5,5 | 5,5 | - |
| Tussentydse dividend betaal | 9 | **6,0** | - | 4,5 | - | - |
| Spesiale dividend betaal | 10 | **-** | 20,0 | 37,5 | - | - |
| **Persent** | | | | | | |
| Dividendopbrengs op sluitingsmarkprys (normale dividende) | 11 | **5,8** | 6,0 | 6,1 | 6,9 | - |
| Dividendopbrengs op sluitingsmarkprys, insluitende spesiale dividende | 12 | **5,8** | 14,0 | 28,8 | 6,9 | - |
| Dividendopbrengs op gemiddelde sluitingsmarkprys, insluitende spesiale dividende | 13 | **7,1** | 16,9 | 38,8 | 7,9 | - |
| **Aantal keer** | | | | | | |
| Dividenddekking uit normale dividende | 14 | **3,0** | 3,9 | 10,8 | 16,8 | - |
| Dividenddekking, insluitende spesiale dividende | 15 | **3,0** | 1,7 | 2,3 | 16,8 | - |
| **OPBRENGS (%)** | | | | | | |
| Beweging in ekwiteit (R'm) | 16 | **88** | 61 | 53 | 197 | 70 |
| Opbrengs op beginsaldo van aandeelhouersbelang | 17 | **18,3** | 17,2 | 34,3 | 45,2 | 18,5 |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 18 | **17,2** | 16,4 | 32,7 | 35,7 | 16,6 |
| Opbrengs op totale bates – voortgesette bedrywe - VVRB | 19 | **12,6** | 9,7 | 17,6 | 13,9 | 14,0 |
| Bedryfswins uit voortgesette bedrywe as % van inkomste | 20 | **3,3** | 2,7 | 6,5 | 4,9 | 2,2 |
| Effektiewe belastingkoers | 21 | **31** | 15 | 18 | 16 | - |
| **PRODUKTIWITEIT** | | | | | | |
| Inkomste/ekwiteit (aantal keer) | 22 | **7,2** | 5,8 | 6,8 | 7,9 | 20,6 |
| Inkomste per werknemer (R'000) | 23 | **2 886** | 1 879 | 1 668 | 1 763 | 1 215 |
| Balansstaat-omset (aantal keer) | 24 | **3,0** | 2,3 | 2,1 | 2,0 | 2,9 |
| **SOLVENSIE EN LIKIDITEIT** | | | | | | |
| Ekwiteit as % van totale bates min rentevrye laste | 25 | **50** | 53 | 43 | 35 | 25 |
| Ekwiteit as % van totale bates | 26 | **36** | 42 | 33 | 26 | 16 |
| Rentedekking deur kontantwinste (aantal keer) | 27 | **3,7** | 4,0 | 3,3 | 2,7 | 1,8 |
| Hefboomverhouding (%) | 28 | **70** | 86 | 129 | 185 | 289 |
| Nie-rentedraende laste as % van ekwiteit | 29 | **75** | 52 | 69 | 90 | 239 |
| Bedryfsverhouding | 30 | **1,5** | 1,6 | 1,4 | 1,2 | 1,0 |
| Vuurproefverhouding | 31 | **1,0** | 0,9 | 1,1 | 0,7 | 0,7 |

* *Senwes het sy Personeel Aandele Trust in die 2005/2006 finansiële jaar ontbind. Ingevolge IFVS moet dié syfer vanaf 2004 teen ekwiteit aangesuiwer word asof die Trust voorheen gekonsolideer was.*



# definisies

1. **VERDIENSTE PER AANDEEL**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele vir die jaar.

2. **WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL**
Verdienste per aandeel toeskryfbaar aan aandeelhouers, uitgesluit:
- wins/(verlies) met verkoop en/of wins/(verlies) van beëindigde bedrywe,
- wins/(verlies) met verkoop van vaste bates,
- herstruktureringskoste,
- wins/(verlies) met verkoop van beleggings,
- wins/(verlies) met verkoop van filiale,
- voorsiening vir waardedaling van bates,
- amortisasie van klandisiewaarde,

gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.

3. **WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VOOR ABNORMALE ITEMS**
Dieselfde as vir wesensverdienste per aandeel, behalwe vir verdere uitsluiting van abnormale items.

4. **KONTANTVLOEI PER AANDEEL**
Toeskryfbare kontantvloei uit bedrywe gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.

5. **NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL**
Kapitaal en reserwes, verminder met ontasbare bates, gedeel deur die getal uitgereikte aandele op jaareinde.

6. **SLUITINGSMARKPRYS**
Verhandelingsprys van die laaste transaksie in die finansiële jaar.

7. **TOTALE DIVIDENDE VIR DIE JAAR**
Totaal van normale en spesiale dividende vir die jaar.

8. **FINALE DIVIDEND**
Finale dividend voorgestel gedeel deur die totale getal uitgereikte aandele op jaareinde.

9. **TUSSENTYDSE DIVIDEND**
Tussentydse dividend betaal gedeel deur die totale aantal uitgereikte aandele op halfjaar.

10. **SPESIALE DIVIDEND**
Selfverklarend.

11. **DIVIDENDOPBRENGS OP SLUITINGSMARKPRYS**
Totale normale dividend per aandeel gedeel deur die sluitingsmarkprys per aandeel (definisie 6).

12. **DIVIDENDOPBRENGS OP SLUITINGSMARKPRYS, INSLUITENDE SPESIALE DIVIDENDE**
Totale normale dividend per aandeel, insluitende spesiale dividende, gedeel deur die sluitingsmarkprys per aandeel (definisie 6).

13. **DIVIDENDOPBRENGS OP GEMIDDELDE SLUITINGSMARKPRYS, INSLUITENDE SPESIALE DIVIDENDE**
Totale normale dividende per aandeel, insluitende spesiale dividende, gedeel deur die gemiddeld van die verhandelingsprys vir die laaste transaksie in die finansiële jaar onder oorsig en die laaste transaksie in die vorige finansiële jaar.

14. **DIVIDENDDEKKING VAN NORMALE DIVIDENDE**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers gedeel deur die totale normale dividend.

15. **DIVIDENDDEKKING, INSLUITENDE SPESIALE DIVIDENDE**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers gedeel deur die totaal van normale en spesiale dividende vir die jaar.

16. **BEWEGING IN EKWITEIT**
Verskil tussen kapitaal en reserwes in die huidige en vorige jaar.

17. **OPBRENGS OP OPENINGSALDO VAN AANDEELHOUERSBELANG**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers uitgedruk as 'n % van die openingsaldo van kapitaal en reserwes.

18. **OPBRENGS OP GEMIDDELDE AANDEELHOUERSBELANG**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers uitgedruk as 'n % van gemiddelde kapitaal en reserwes.

19. **OPBRENGS OP TOTALE BATES – VOORTGESETTE BEDRYWE – VVRB**
Wins voor finansieringskoste en belasting uit voorgesette bedrywe as 'n % van totale bates uitgesluit bates van beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop.

20. **WINS VOOR BELASTING UIT VOORTGESETTE BEDRYWE AS 'N % VAN INKOMSTE**
Wins voor belasting (aangesuiwer met beëindigde bedrywe) gedeel deur inkomste (aangesuiwer met beëindigde bedrywe).

21. **EFFEKTIEWE BELASTINGKOERS**
Werklike inkomstebelasting-uitgawe soos per finansiële jaar as 'n % van wins voor belasting.

22. **INKOMSTE/EKWITEIT**
Inkomste gedeel deur ekwiteit.

23. **INKOMSTE PER WERKNEMER**
Inkomste gedeel deur die totale aantal personeel op jaareinde.

24. **BALANSSTAATOMSET**
Inkomste gedeel deur gemiddelde totale bates.

25. **EKWITEIT AS 'N % VAN TOTALE BATES MIN RENTEVRYE LASTE**
Kapitaal en reserwes uitgedruk as 'n % van totale bates min nie-rentedraende skuld.

26. **EKWITEIT AS 'N % VAN TOTALE BATES**
Kapitaal en reserwes uitgedruk as 'n % van totale bates.

27. **RENTEDEKKING DEUR KONTANTWINSTE**
Kontantwinste voor finansieringskoste gedeel deur finansieringskoste.

28. **HEFBOOMFINANSIERINGSVERHOUDING**
Rentedraende skuld, verminder deur kontant, gedeel deur kapitaal en reserwes.

29. **NIE-RENTEDRAENDE LASTE AS 'N % VAN EKWITEIT**
Nie-rentedraende laste en voorsienings gedeel deur ekwiteit.

30. **BEDRYFSVERHOUDING**
Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

31. **VUURPROEFVERHOUDING**
Bedryfsbates min voorraad gedeel deur bedryfslaste.

# verklaring van verantwoordelikheid
## DEUR DIE DIREKSIE

Die direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die finansiële state van Senwes Bpk en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsye 39 tot 75 is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) opgestel. Die direkteure het ook alle ander inligting wat in hierdie jaarverslag ingesluit word, voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy se interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op 'n gereelde basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling, oor die betroubaarheid van die finansiële state te bied, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstellings en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat op 'n wesenlike tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig, mag aandui nie.

Die finansiële state is op die lopende saak grondslag opgestel. Die direkteure het geen rede om te glo dat die Groep of enige maatskappy in die Groep nie in die nabye toekoms 'n lopende saak sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, ramings en vooruitskattings, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en finansieringsbronne.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young Ing. Die onafhanklike ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords, insluitende alle notules van vergaderings van die direksie-, direksiekomitee-, bestuurs- en aandeelhouersvergaderings. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die oudit, geldig en behoorlik was.

Die Maatskappy finansiële jaarstate en die Groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2007, soos uiteengesit op bladsy 39 tot 75, is deur die Direksie goedgekeur.

**JE Grobler**
Voorsitter

**JJ Dique**
Besturende Direkteur

**SH Alberts**
Direkteur Finansies

25 Junie 2007

# verklaring deur
## DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Maatskappysekretaris sertifiseer in terme van artikel 268G(d) van die Maatskappywet, soos gewysig, dat alle opgawes, soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Registrateur van Maatskappye en Intellektuele Eiendom se kantoor en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.

**EM Joynt**
Maatskappysekretaris

25 Junie 2007



# verslag van die
## ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Aan die lede van

**SENWES BEPERK**

**Verslag oor die finansiële state**
Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Senwes Beperk geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die direkteursverslag, die balansstaat soos op 30 April 2007, die inkomstestaat, die staat van verandering in ekwiteit en die kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsye 39 tot 75.

**Direkteure se verantwoordelikheid vir die finansiële state**
Die Maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig International Financial Reporting Standards, en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

**Ouditeur se verantwoordelikheid**
Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig International Standards on Auditing uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

**Mening**
Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike aanbieding van die finansiële stand van die Maatskappy en die Groep op 30 April 2007 en van die Maatskappy en Groep se finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig International Financial Reporting Standards en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

*Ernst & Young Inc.*

**Ernst & Young Ing.**
Geregistreerde Ouditeur

25 Junie 2007
Johannesburg

# statutêre direkteursverslag

**1. HOOFDOELSTELLINGS**

Die hoofdoelstellings van die Maatskappy is die volgende:

1.1 Verskaffing van primêre landbou-insette.

1.2 Skepping van marktoegang vir landbouprodukte.

**2. VERANDERING IN AARD VAN AKTIWITEITE**

Geen wesenlike veranderings het gedurende die jaar plaasgevind in die aard van eiendom, aanleg en toerusting nie.

**3. FILIALE EN ANDER FINANSIËLE BATES**

Besonderhede van die houermaatskappy se belang in filiale, gesamentlike ondernemings en ander finansiële bates word in aantekeninge 3, 4 en 5 tot die finansiële state uiteengesit.

**4. RESULTATE**

Die wins na belasting (insluitend minderheidsbelang) van die Groep vir die jaar onder oorsig het R127 miljoen beloop (2006 – R107 miljoen).

Die opgesomde resultate is soos volg:

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Inkomste | **5 578** | 3 979 | **5 539** | 3 673 |
| Voortgesette bedrywe | **5 554** | 3 553 | **5 515** | 3 603 |
| Beëindigde bedrywe | **24** | 443 | **24** | 70 |
| Bedryfswins – voortgesette bedrywe | **264** | 160 | **256** | 155 |
| Wins na belasting | **127** | 107 | **122** | 107 |

Verwys na aantekening 1 van die finansiële state vir die volledige segmentontleding.

Voortgesette bedrywe se inkomste het toegeneem met 56% tot R5 554 miljoen weens die hoër omset gegenereer deur die Insetverskaffing divisie asook die hoër bemarkte tonnemaat vir die Marktoegang divisie. As gevolg van hoër direkte inset- en meganisasieverkope, veroorsaak deur 'n verhoogde graanpryssiklus en die vermeerdering van aanplantings in die gebied, was die omset van die Insetverskaffing divisie 41% hoër.

'n Verhoging van R104 miljoen (65%) in bedryfswins van voortgesette bedrywe word gereflekteer. Die verhoging van R80 miljoen in wins voor belasting van voortgesette bedrywe is hoofsaaklik weens die drastiese toename in die Insetverskaffing divisie se inkomste veroorsaak deur die vermeerdering van aanplantings in die tradisionele Senwes gebied.

Univision Financial Services, Hartswater Wynkelder en Senwes Saad het ook positiewe resulate getoon.

Die opgesomde balansstaat is soos volg:

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Totale bates | **2 122** | 1 643 | **2 113** | 1 637 |
| Totale rentedraende skuld | **771** | 605 | **778** | 605 |

Die toename in die totale bates is as gevolg van 'n groter investering in finansieringsdebiteure en agentskapgraandebiteure, terwyl die positiewe bankbalans wesenlik hoër was. 'n Oorsig van die jaar se resultate word ook in die finansiële oorsig op bladsy 32 gegee.



# statutêre direkteursverslag

5. **DIVIDENDE**

Die Direksie stel voor dat 'n finale dividend van 17 sent per aandeel (2006 – 15 sent) verklaar word. 'n Tussentydse dividend van 6 sent (2006 – nul sent) is in die jaar betaal. Alle aandeelhouers wat geregistreerde aandeelhouers is in die aandeleregister op 2 Oktober 2007 sal dividende ontvang wat op ongeveer 16 Oktober 2007 uitbetaal sal word, na bekragtiging daarvan deur die aandeelhouers op die algemene jaarvergadering.

6. **DIREKTEURE EN SEKRETARIS**

**6.1 Die name van die direkteure verskyn op bladsy 8 en 9.**

*Die volgende bedankings en uittredes het geskied:*

| | |
|---|---|
| MJ Lourens | (10 Augustus 2006) |
| K Fleischhauer | (16 Februarie 2007) (Alternatief vir J Mashike) |
| DM Lerutla | (9 Maart 2007) |

*Die volgende aanstellings het geskied:*

| | |
|---|---|
| OME Pooe | (9 Maart 2007) |

Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word driejaarliks deur die Direksie aangewys na bekragtiging van die daaropvolgende algemene jaarvergadering. Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is tans mnre JPL Alberts en GNV Magashula.

**6.2 Sekretaris**

EM Joynt

Geregistreerde adres – Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp.

**6.3 Openbare amptenaar**

| | |
|---|---|
| SH Alberts | (Aangestel 15 Februarie 2005) |

7. **AANDELEKAPITAAL**

Geen uitreiking van aandele het gedurende die jaar onder oorsig plaasgevind nie.

8. **TERUGKOOP VAN AANDELE**

Geen aandele is teruggekoop nie (2006 – 20 558 524 aandele).

9. **HOUERMAATSKAPPY**

Die houermaatskappy en uiteindelike houermaatskappy van Senwes Bpk is Senwesbel Bpk – 'n maatskappy geïnkorporeer in Suid-Afrika.

10. **GEBEURE NA DIE BALANSSTAATDATUM**

'n Kontant-aanbod is gemaak ten opsigte van die na-aftrede mediese verpligting. Die sluitingsdatum vir die aanbod was 25 Junie 2007.

11. **SPESIALE BESLUITE**

Tydens die Algemene Jaarvergadering op 10 Augustus 2006 is die volgende spesiale besluit geneem:

11.1 Die aanpassing van die Statute om die nominasieperiode van direkteure te verleng.

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die Senwes Groep se finansiële state word voorberei in ooreenstemming met en voldoen aan die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS). Die finansiële state voldoen ook aan die toepaslike artikels van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet van 1973, soos gewysig. Die rekeningkundige beleid en aanbiedingsgrondslag is in ooreenstemming met vorige jare toegepas.

### 1.1 Aanbiedingsgrondslag

Die finansiële state van die Senwes Groep en al sy filiale is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan IFVS. Die finansiële state word op die historiesekoste-grondslag opgestel, met uitsondering van afgeleide finansiële instrumente, beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates en debiteure wat teen billike waardes getoon word. Die drawaardes van verskanste bates en laste word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die verskanste risiko's te weerspieël. Die finansiële state word in rand opgestel en alle waardes tot die naaste miljoen (R' 000 000) afgerond, tensy die teendeel aangedui word.

### 1.2 Konsolidasiebeleid en filiale

Filiale is entiteite waar beheer oor die entiteite se bedryfs- en finansiële beleide uitgeoefen kan word om voordeel uit hulle aktiwiteite te trek of waarin die Groep die meerderheid van die stemreg besit.

Spesiale doel entiteite is entiteite waar die Groep die reg hou om beheer oor die entiteite uit te oefen en hulle word in die groep finansiële state gekonsolideer. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hulle resultate vir die periode in. In die geval van 'n verkryging of 'n verandering in belang gedurende die jaar word die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer of tot die effektiewe datum waarop effektiewe beheer geëindig het. Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese tussen entiteite in die Groep word uitgeskakel. Al die filiale het dieselfde finansiële jaareinde en rekeningkundige beleid as die houermaatskappy.

Enige voorsienings vir beleggingafskrywings as gevolg van opgehoopte verliese wat in die entiteit ontstaan, word by konsolidasie teruggeskryf. Waar waardedalings plaasvind, word dit teen die betrokke bateklas verantwoord. Belegging in filiale op maatskappyvlak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

### 1.3 Gesamentlike ondernemings

Gesamentlike ondernemings is sakeondernemings waarin die Groep, tesame met een of meer ander entiteite, 'n ekonomiese aktiwiteit beoefen wat aan gesamentlike beheer onderworpe is. Die Groep se belang in gesamentlike ondernemings word volgens die metode van proporsionele konsolidasie verantwoord. Die inkomstestaat, balansstaat, kontantvloeistaat en staat van verandering in ekwiteit sluit die Groep se aandeel van inkomste, uitgawes, bates, laste en kontantvloei van hierdie gesamentlike ondernemings op 'n lyn-vir-lyn-grondslag in.

### 1.4 Ander beleggings

Alle beleggings word aanvanklik teen billike waarde erken, insluitend alle direkte toeskryfbare verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word. Na aanvanklike erkenning word beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer word volgens hulle billike waarde aangepas. Winste of verliese voortspruitend uit billikewaarde-aanpassings aan hierdie beleggings word direk in ekwiteit erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, word die opgehoopte wins of verlies wat voorheen in ekwiteit aangepas is, as deel van netto wins of verlies in die inkomstestaat ingesluit.

### 1.5 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word gehou om oor meer as een tydperk ekonomiese voordeel daaruit te trek en word nie verkry om weer verkoop te word nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys erken. Daarna word dit met verwysing na die kosprys van die bate min opgehoopte depresiasie en waardedalings gemeet.

- Die koste van eiendom, aanleg en toerusting sluit die volgende in: koopprys insluitend invoervereistes, nie-terugbetaalbare aankoopbelasting, min handelsafslag en kortings,
- koste direk daaraan toeskryfbaar om die bate na die ligging en nodige toestand te bring om gebruik te word soos deur bestuur beoog.





Eiendom-, aanleg- en toerustingsitems met 'n kosprys van meer as R5 000 word gekapitaliseer.

Winste en verliese met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en in bedryfswins verantwoord. Wanneer 'n deel van 'n eiendom-, aanleg- en toerustingsitem vervang word, word die vervangde deel nie meer erken nie.

Die drawaardes van eiendom, aanleg en toerusting word oorweeg vir waardedaling wanneer gebeure of verandering in omstandighede daarop dui dat die drawaardes nie meer verhaalbaar is uit verdienvermoë of realisasie van die bates nie.

Depresiasie word oor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vaste paaiementgrondslag teen die volgende koerse bereken:

| | % |
|---|---|
| Grond | - |
| Geboue en verbeterings | 2,5 - 2,85 |
| Masjinerie en toerusting | 7,5 - 33,3 |
| Voertuie | 20 |

Depresiasie begin wanneer 'n bate beskikbaar is vir gebruik, selfs al is dit nog nie in gebruik geneem nie. Elke deel van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting met 'n beduidende kosprys vergeleke met die totale kosprys van die item, word afsonderlik gedepresieer. Grond word nie gedepresieer nie omdat dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê.

Die bruikbare leeftyd en reswaardes van eiendom, aanleg en toerusting word jaarliks evalueer. Die evaluasie ten opsigte van bruikbare leetyd en reswaardes van bates kan eers met sekerheid vasgestel word wanneer items van eiendom, aanleg en toerusting die einde van hul leeftyd nader. Evaluasies van bruikbare leeftyd en reswaarde kan 'n groter of kleiner depresiasie uitgawe tot gevolg hê. Indien die reswaarde van 'n bate gelyk is aan die drawaarde daarvan, word depresiasie gestaak totdat die drawaarde van die bate weer die reswaarde oorskry.

**1.6 Voorraad**

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir herverkoop in die normale gang van sake om bates vir verkoop op te lewer of vir gebruik in produksieprosesse of lewering van dienste. Ingesluit in voorraadkoste is die kosprys, produksiekoste en enige koste aangegaan om dit tot die huidige ligging en toestand daarvan te bring, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie by voorraadkoste ingesluit nie maar erken as 'n uitgawe in die tydperk aangegaan.

Ingesluit in produksiekoste is koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en direkte koste soos direkte lone en salarisse en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produksiebokoste gegrond op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Die kosprys van voorraad word volgens die metode van geweegde gemiddelde koste bepaal, tensy dit as gevolg van die voorraad se kenmerke toepaslik is om 'n ander basis te gebruik. Voorraad se kospryse wat op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste bepaal word, is soos volg:

| | |
|---|---|
| Meganisasie heelwerktuie | Aankoopprys |
| Eie graankommoditeite | Spesifieke kontrakprys/billike waarde |
| Ander voorraad | Eerste in, eerste uit (EIEU) |

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake min geraamde koste wat nodig is om die verkoop te beklink. Die koste van voorraad word gemeet op grond van hulle kenmerkende eienskappe, wat betref hulle aard en gebruik.

**1.7 Agentskapsgraandebiteure**

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings ten behoewe van derde partye ten opsigte van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en wat by lewering van sodanige landbouprodukte deur die derde party aan hulle betaalbaar is. Dit sluit in verkope met betrekking tot verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien.

**1.8 Uitgestelde belasting**

Voorsiening vir uitgestelde belasting ten opsigte van tydelike verskille wat tussen die belastingbasisse van bates en laste en hulle drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes ontstaan, word gemaak deur die heersende belastingkoers op die jaareinde toe te pas. Die aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting of uitgestelde belasting-bates word met enige verandering in die inkomstebelastingkoers aangepas.

Volgens hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op herwaardasies van sekere

nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates tydens verkryging. Uitgestelde belastingbates voortspruitend uit alle aftrekbare tydelike verskille word beperk tot die mate dat toekomstige belasbare inkomste waarskynlik beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille benut kan word.

Die drabedrag van uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum evalueer en verlaag tot die mate dat dit nie meer waarskynlik is dat toereikende belasbare wins beskikbaar sal wees om dit moontlik te maak dat 'n deel van of die hele uitgestelde belastingbate benut word nie. Nie-erkende uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum opnuut geraam en word erken in die mate dat dit waarskynlik geword het dat toekomstige belasbare wins dit moontlik sal maak om die uitgestelde belastingbate te verhaal.

**1.9 Verpligting ten opsigte van langtermyn werknemervoordele**

***1.9.1 Aftreeverpligting***

Die aftreeverpligting behels 'n omskrewe bydraeplan geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956, en die bates word apart deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvoorwaardes deur middel van bydraes deur die Maatskappy, deelnemende filiale asook personeel. Bydraes word in die inkomstestaat erken in die periode waarin dit aangegaan word. Omrede die fondse omskrewe bydrae fondse is, word enige onderbefondsing wat moontlik kan ontstaan wanneer die waardes van bates daal tot benede dié van die bydraes deur lede geabsorbeer by wyse van verlaagde voordele. Gevolglik dra die Groep geen blootstelling ten opsigte hiervan nie.

***1.9.2 Na-aftrede-mediesesorgverpligting***

Voorsiening vir toekomstige koste van na-aftrede mediese verpligting word teen inkomste gemaak, gegrond op 'n jaarlikse onafhanklike aktuariële waardasie. Aktuariële winste en verliese word erken in die jaar waarin dit ontstaan. Op die balansstaatdatum het die voorsiening 100% van die verpligting beloop gegrond op sekere aanvaarde wysigings in voordele.

***1.9.3 Uitgesteldebonus-skema***

Winsdelings- en bonusbetalings wat nie binne 12 maande na die jaareinde betaalbaar is nie, word as langtermyn werknemervoordele getoon.

**1.10 Korttermyn werknemervoordele**

Hierdie sluit normale voordele soos salarisse, lone, betaalde verlof, siekteverlof, winsdelings- en ander bonusse asook byvoordele in ten opsigte van huidige personeel en word teen inkomste gedebiteer in die tydperk waarin dit aangegaan word. 'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van aansporingsbonusse wanneer 'n wetlike of konstruktiewe verpligting bestaan en 'n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiensverlofdae wat opgehoop is, omgeskakel na 'n randwaarde op jaareinde, gegrond op die kontantekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word teen inkomste in die inkomstestaat verreken.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van opgelope normale dertiende tjek bonusse omdat pro rata uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeellid se normale gekose uitbetalingsdatum.

Uitdienstredingsvoordele by diensbeëindiging word as 'n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneming verbind is om die pos voor die werknemer se normale aftrede af te skaf of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

**1.11 Inkomste erkenning**

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortspruitend uit die aktiwiteite as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon maar slegs in die mate dat invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde. Inkomste word teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is, getoon. Intergroepverkope word geëlimineer.

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenlike risiko's en vergoeding vir eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra word en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele van die transaksie na die onderneming sal vloei. Inkomste uit agentskapsgraandebiteure word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken na gelang dienste gelewer word. Inkomste uit dienste gelewer word erken deur die stadiums van voltooiing op die balansstaatdatum in ag te neem en/of indien die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan





word nie, word die inkomste slegs erken tot die omvang van verhaalbare uitgawes aangegaan.

By graanverkoopstransaksies word prysrisikoblootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope aan die termynbeurs Safex. Indien die doelwit dus verskansing is, eerder as lewering aan Safex, word hierdie transaksies uit inkomste geëlimineer.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerderyinsette word uit inkomste geëlimineer omdat hulle aard ooreenstem met agentskapsbeginsels eerder as optrede as prinsipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is finansiering. Die kommissie verdien op die transaksies word as inkomste verantwoord.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstryk het.

**1.12 Finansiële instrumente en billike waarde**

Finansiële bates word erken wanneer die Groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, ‘n kontraktuele reg om kontant te ontvang of enige ander finansiële bate. Finansiële verpligtinge word erken indien ‘n verpligting bestaan om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting ‘n kontraktuele verpligting is om kontant of enige ander finansiële bate of ‘n finansiële instrument aan ‘n ander entiteit oor te dra.

‘n Raming word op elke balansstaatdatum gemaak om te bepaal of objektiewe bewys bestaan dat waardedaling ten opsigte van ‘n finansiële bate of groep finansiële bates plaasgevind het. Objektiewe bewys van waardedaling sluit in waarneembare gegewens wat in verband met die bate onder die aandag van die Groep kom as gevolg van die volgende verliesgebeurtenisse:

- aansienlike finansiële moeilikheid van die uitreiker; of
- kontrakbreuk, soos wanbetaling; of
- waarskynlikheid dat die lener met insolvensiestappe of ander finansiële reorganisasie sal begin; of
- verdwyning van ‘n aktiewe mark vir daardie finansiële bate weens finansiële moeilikhede; of
- aanduidings dat ‘n meetbare afname in die geraamde toekomstige kontantvloei uit die groep finansiële bates sedert die aanvanklike erkenning van daardie bates plaasgevind het.

***Afgeleide finansiële instrumente***

Die Groep gebruik afgeleide instrumente by die bestuur van besigheidsrisiko’s. Dit word aanvanklik teen kosprys in die balansstaat erken (wat die billike waarde op daardie datum is) en daarna teen billike waarde herwaardeer. Die metode om die gevolglike wins of verlies te erken, is afhanklik van die aard van die item wat verskans word. Die Groep ken sekere finansiële instrumente toe as:

- ‘n verskansing van die blootstelling aan veranderinge in die billike waarde van ‘n erkende bate of las of ‘n nie-erkende vaste verbintenis (billike waarde skans); of
- ‘n verskansing van die blootstelling van die verandering in kontantvloeie wat toeskryfbaar is aan ‘n bepaalde risiko wat geassosieer is met ‘n erkende bate of las of hoogs waarskynlike vooruittransaksie (kontantvloei skans).

Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as billike waarde skanse kwalifiseer, en hoogs effektief is, word in die inkomstestaat verantwoord tesame met enige verandering in die billike waarde van die verskanste bate of verpligting wat aan die verskansingsrisiko toeskryfbaar is en word dus effektief met mekaar verreken. Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as kontantvloei skanse kwalifiseer, en ook hoogs effektief is, word in ekwiteit verantwoord. Die oneffektiewe gedeelte van ‘n kontantvloei skans word onmiddellik in die inkomstestaat erken. Indien die vooruittransaksie tot gevolg het dat ‘n bate of verpligting erken word, word die wins of verlies wat vroeër in ekwiteit uitgestel is, uit ekwiteit oorgeplaas en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae wat in ekwiteit uitgestel is na die inkomstestaat oorgeplaas en as inkomste of uitgawe geklassifiseer in dieselfde periode dat die verskanste vaste verbintenis of vooruittransaksie die inkomstestaat beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IRS 39 kwalifiseer nie, word onmiddellik in die inkomstestaat erken. Indien ‘n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of indien ‘n skans nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IRS 39 voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie tydstip in ekwiteit bestaan in ekwiteit behou en erken wanneer die vooruittransaksie finaal in die inkomstestaat erken word. Indien verwag word dat ‘n vooruittransaksie nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies waarvan verslag gedoen word onmiddellik na die inkomstestaat oorgeplaas.

By die ontstaan van die transaksie dokumenteer die Groep die verhouding tussen die verskansingsinstrument en die

verskanste item, asook die risikobestuursdoelwit en strategie vir die aangaan van verskansingstransaksies. As deel van hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings aan spesifieke bates en verpligting of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruittransaksies toegewys. Die Groep dokumenteer ook waardasies, by ontstaan en deurlopend, om te bepaal of die afgeleide instrument wat in verskansingstransaksies gebruik word wel hoogs effektief is om die veranderinge in billike waarde of kontantvloei van die verskanste items te verreken.

***Kommoditeitstermynkontrakte***
Die Groep gaan verskeie koop- en verkooptermynkontrakte oor die toonbank vir die koop of verkoop van graankommoditeite aan. Sodanige kontrakte word teen billike waarde in die balansstaat erken. Hierdie kontrakte vorm deel van die Groep se risikobestuursbeleid en verskansingstrategie. Enige toename en/of afname in die vereiste bedrag om die bate of las te vereffen of te verhaal, word met die ooreenstemmende beweging in die waarde van die verskansingsinstrument verreken. Die winste en verliese word dus met mekaar verreken vir verslagdoeningsdoeleindes.

***Valutatermynkontrakte***
Valutatermynkontrakte word by die bestuur van blootstelling aan valuta fluktuasies deur die Groep gebruik en word dus effektief gebruik om verbandhoudende risiko's te beperk. Dit is hoogs effektiewe verskansingsinstrumente soos gedefinieer in rekeningkundige standpunt IRS 39 en word dus herwaardeer teen die instrument se billike waarde. Aanpassings word met die billike waarde aanpassing van die onderliggende bate of las verreken.

***Billike waarde***
Die billike waarde van afgeleide instrumente word gegrond op gekwoteerde markpryse op die balansstaatdatum. Die billike waarde van buitelandse valutatermynkontrakte word bepaal deur middel van heersende valutatermynmarkkoerse op die balansstaatdatum. Die billike waarde van finansiële bates en laste met 'n vervaldatum van korter as 'n jaar is vir kontrakte met soortgelyke vervalprofiele wat as die sigwaarde aanvaar word min enige geraamde kredietaanpassings. Die billike waarde van nie-bedryfsfinansiëleverpligtinge word bepaal deur toekomstige kontraktuele kontantvloeie teen die heersende markrentekoerse wat vir soortgelyke instrumente vir die Groep beskikbaar is, te verdiskonteer.

***Verrekening***
Indien 'n wetlike reg op verrekening vir erkende finansiële bates en laste bestaan en indien beoog word om die betrokke bates en laste gelyktydig of op 'n netto grondslag te vereffen, word die bedrae verreken. Finansiële instrumente waartoe die Groep 'n party is, word in aantekening 24 geopenbaar.

**1.13 Buitelandse valutatransaksies**
Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen heersende lokokoers op die transaksiedatums. Monetêre bates en/of laste in buitelandse valuta word teen heersende lokokoerse op finansiële jaareinde in Suid-Afrikaanse rand omgereken. Winste en verliese wat by vereffening of verhaling van sodanige transaksies ontstaan, word in die inkomstestaat erken.

**1.14 Kontant en kontantekwivalente**
Kontant en kontantekwivalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit kontant op hande en oortrokke banksaldo's in. Oortrokke banksaldo's word as bedryfslaste getoon. Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant en kontantekwivalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

**1.15 Bedryfshure**
Hure ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting waar wesenlik al die risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg op 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir bedryfshure, word op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak in die inkomstestaat erken. Toekomstige eskalasies ingevolge huurkontrakte word bereken en die gemiddelde huuruitgawe word in gelyke bedrae oor die huurtermyn erken, slegs indien 'n vaste eskalasiekoers kontraktueel ooreengekom is.

**1.16 Handels- en ander debiteure**
Debiteure word teen 'n verwagte realiseerbare waarde getoon; dit is die oorspronklike faktuurbedrag geskep min enige voorsienings deur middel van waardedalings. 'n Waardedalingsvoorsiening word bereken indien bewyse bestaan dat die Groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteure kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van toekomstige kontantvloeie is (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie aan blootgestel nie), verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die finansiële bate soos by die erkenning van die bate bereken. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit plaasvind of geïdentifiseer word.





**1.17 Waardedaling van bates**

Alle kategorieë bates word by verslagdoening met die oog op waardedalings heroorweeg. (Sien aantekeninge 2, 3 en 26).

Op elke verslagdoeningsdatum oorweeg die Groep of enige aanduidings van 'n waardedaling van 'n bate bestaan. Indien so 'n aanduiding bestaan, maak die Groep 'n raming van die verhaalbare bedrag van die bate. Die verhaalbare bedrag van 'n bate of die kontant genererende eenheid, waarin dié bate en ander bates gebruik word, is die hoogste van die billike waarde min verkoopskoste of die gebruikswaarde daarvan. Indien die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag oorskry, word die waardedaling bepaal en die drabedrag tot die verhaalbare bedrag afgeskryf. Indien die gebruikswaarde bepaal word, word die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer tot 'n huidige waarde deur middel van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers wat die huidige markaanslag van die tydwaarde van geld en spesifieke risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywe word in die inkomstestaat erken.

Indien 'n aanduiding bestaan dat voorheen erkende waardedalingsverliese nie meer bestaan nie of dat dit kleiner geword het, word 'n raming van die verhaalbare bedrag van die betrokke bate weer gemaak en indien nodig word die waardedaling tot die verhaalbare bedrag teruggeskryf. Die terugskrywing mag nie tot gevolg hê dat die drawaarde hoër is as wat dit sou wees as 'n waardedaling nie voorheen ten opsigte van die bate aangebring was nie. Na so 'n terugskrywing word die depresiasie uitgawe in toekomstige tydperke aangepas om die aangepaste drabedrag van die bate, min die oorblywende waarde daarvan, stelselmatig oor die oorblywende bruikbare leeftyd toe te deel.

**1.18 Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede**

***Voorsienings en ander aanspreeklikhede***

Voorsienings is aanspreeklikhede waarvan die tydsberekening en bedrag onseker is en dus om dié rede van ander krediteure onderskei kan word. Voorsienings word slegs erken as:

- 'n huidige afgeleide of wetlike verpligting bestaan weens 'n vorige gebeurtenis;
- uitvloei van ekonomiese voordele waarskynlik is om die verpligting na te kom; en
- 'n betroubare raming van die bedrag gemaak word.

Voorsienings word gemeet teen die beste raming van die vereiste uitgawe om die huidige verpligting na te kom op die balansstaatdatum. Voorsienings word in aantekening 18 geopenbaar.

Aanspreeklikhede is huidige verpligtinge voortspruitend uit vorige gebeure, wat, indien nagekom, na verwagting tot gevolg sal hê dat ekonomiese voordele uit die onderneming sal vloei en word onmiddellik verantwoord ná die gebeurtenis wat die verpligting laat ontstaan het. Aanspreeklikhede vorm deel van krediteure in die balansstaat.

***Voorwaardelike aanspreeklikhede***

Voorwaardelike aanspreeklikhede is moontlike verpligtinge voortspruitend uit vorige gebeure waarvan die bestaan slegs bevestig sal word wanneer een of meer onseker toekomstige gebeurtenisse wat buite die volle beheer van die onderneming is, plaasvind of nie plaasvind nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede kan ook ontstaan uit 'n huidige verpligting voortspruitend uit vorige gebeure maar word nie erken nie omdat:

- dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloei van ekonomiese middele sal plaasvind; en/of
- die bedrag nie betroubaar gemeet of geraam kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word nie opgeteken nie maar bloot by wyse van 'n aantekening in die finansiële state geopenbaar. (Sien aantekening 20).

**1.19 Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywe**

'n Beëindigde bedryf is 'n komponent van 'n entiteit wat óf vervreem óf geklassifiseer as gehou-vir-verkoop en:

- verteenwoordig 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede;
- is deel van 'n enkele gekoördineerde plan om 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede te vervreem; of
- is 'n filiaal wat met die uitsluitlike doel om dit te verkoop, verkry is.

'n Item word geklassifiseer as gehou-vir-verkoop as die drabedrag daarvan hoofsaaklik deur 'n verkoopstransaksie in plaas van voortgesette gebruik verhaal sal word. By beëindiging word die na-belaste wins of -verlies in die inkomstestaat getoon.

**1.20 Segmentverslagdoening**

Die Groep se primêre formaat vir segment verslagdoening is die volgende besigheidsegmente: Finansiering, Insetverskaffing, Marktoegang, Diverse bedrywe en Korporatiewe items.

Intersegmentele oordragte: Segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultate sluit oordragte tussen besigheidsegmente in. Hierdie oordragte geskied op 'n armlengtebasis maar word by konsolidasie geëlimineer. Segmentinkomste en -uitgawes: Inkomste en uitgawes wat direk met segmente verband hou, word spesifiek aan daardie segmente geallokeer. Segmentbates en -laste: Segmentbates sluit alle bedryfsbates wat deur 'n segment gebruik word in, met inbegrip van hoofsaaklik kontant, bedrae ontvangbaar, voorraad en eiendom, aanleg en toerusting, netto van voorsienings. Segmentlaste sluit alle bedryfsverpligtinge in en bestaan hoofsaaklik uit bedrae betaalbaar.

**1.21 Sleutelbestuurspersoneel**

Sleutelbestuurspersoneel is daardie persone met die gesag en verantwoordelikheid vir beplanning, bestuur en beheer van die entiteit se aktiwiteite, direk of indirek, insluitende enige direkteur (uitvoerend of nie) van daardie entiteit.

**1.22 Leenkoste**

Leenkoste word erken as 'n uitgawe wanneer dit aangegaan word.

**1.23 Rentedraende lenings en skuld**

Alle lenings en skuld word aanvanklik erken teen die billike waarde van die bedrag ontvang min direk toeskryfbare transaksiekoste. Na erkenning word rentedraende lenings en skuld gevolglik getoon teen geamortiseerde koste deur die effektiewe rentemetode te gebruik. Winste en verliese word in die balansstaat getoon wanneer die laste nie meer as laste erken word nie, asook deur die amortisasieproses.

**1.24 Betekenisvolle rekeningkundige oordeel en ramings**

In die proses om die Groep se rekeningkundige beleid toe te pas, het Bestuur op die volgende gebiede oordeel uitgeoefen:

***1.24.1 Voorsiening vir na-aftrede mediese verpligtinge.***

Sien aantekening 14.

***1.24.2 Voorsiening vir slegte skulde.***

Sien aantekeninge 7, 9.1 en 9.2.

Vernaamste aannames:

'n Besluitnemingsraamwerk is geïmplementeer wat die volgende insluit:

- indikasies van waardedaling;
- 'n individuele of groepaanslag (afhangend van wesenlikheid);
- verwagte kontantvloei word volgens die geskiedenis geraam en met huidige faktore aangepas; en
- verdiskontering teen gemiddelde gekontrakteerde koers vir betrokke individu of groep.

***1.24.3 Voorsiening vir stadig bewegende voorraad.***

Sien aantekening 6.3.

Vernaamste aannames:

- Handelsvoorrade word voorsien volgens die ouderdom en realiseerbaarheid van voorraad.

***1.24.4 Inkomstebelasting en uitgestelde belastingvoorsienings.***

Sien aantekening 19.5.

***1.24.5 Voorsiening vir nie-nakoming van voorseisoen graankontrakte.***

Berekenings met die volgende vernaamste aannames:

- Wanbetalingskoers ten opsigte van huidige lewerings geëkstrapoleer uit die totale blootstelling.
- 'n Vaste verhalingskoers ten opsigte van wanbetalings.

**1.25 Standaarde en vertolkings uitgereik en relevant tot die Groep, maar nog nie van krag**

IFVS 7 – Finansiële Instrumente: Openbaarmaking (1 Januarie 2007)*
IFVS 8 - Bedryfsegmente (1 Januarie 2009)*
IFVIK 8 - Omvang van IFVS 2 (1 Mei 2006)*
IFVIK 9 - Herbeoordeling van Ingebedde Afgeleides (1 Junie 2006)*
IFVIK 10 - Tussentydse Verslagdoening en Waardedaling (1 November 2006)*
IFVIK 11 - IFVS 2 - Groep- en Tesourieaandeletransaksies (1 Maart 2007)*
IFVIK 12 - Dienskonsessiereëlings (1 Januarie 2008)*
RE 503 - Verantwoording van Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) transaksies (1 Mei 2006)*
IRS 1 - IRS 1 Wysiging - Kapitale openbaarmakings (1 Januarie 2007)*

** Finansiële jare beginnende op of na hierdie datum.*

Met uitsondering van bykomende openbaarmaking in die finansiële state word daar nie verwag dat die aanvaarding van hierdie standaarde en standaardwysigings die finansiële posisie van die Groep wesenlik sal beïnvloed nie.



# finansiële state

## BALANSSTAAT

### SOOS OP 30 APRIL

| | | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Aan-tekeninge | 2007 R'm | 2006 R'm | 2007 R'm | 2006 R'm |
| **BATES** | | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 2 | **182** | 190 | **163** | 171 |
| Belegging in filiale | 3 | **-** | - | **19** | 19 |
| Finansiële bates | 4 | **2** | 2 | **2** | 2 |
| Uitgestelde belasting | 19.1 | **74** | 62 | **74** | 62 |
| | | **258** | 254 | **258** | 254 |
| **Bedryfsbates** | | | | | |
| Voorraad | 6 | **631** | * 634 | **625** | * 629 |
| Handels- en ander debiteure | 7 | **736** | 599 | **734** | 598 |
| Korttermynlenings | 8 | **-** | 1 | **2** | 1 |
| Agentskapsgraandebiteure | 9 | **247** | 132 | **247** | 132 |
| Kontant en kontantekwivalente | 12.2 | **236** | 20 | **233** | 20 |
| | | **1 850** | 1 386 | **1 841** | 1 380 |
| **Nie-bedryfsbates van beëindigde bedryf - gehou vir verkoop** | | **14** | 3 | **14** | 3 |
| **TOTALE BATES** | | **2 122** | 1 643 | **2 113** | 1 637 |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | | | | | |
| Aandelekapitaal | 10 | **1** | 1 | **1** | 1 |
| Aandelepremie | 11.1 | **67** | 67 | **67** | 67 |
| Nie-verdeelbare reserwe | 11.2 | **315** | 303 | **314** | 302 |
| Behoue inkomste | | **388** | 312 | **381** | 308 |
| | | **771** | 683 | **763** | 678 |
| Minderheidsbelang | | **2** | - | **-** | - |
| | | **773** | 683 | **763** | 678 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | | |
| Langtermynlaste | 13 | **-** | 1 | **-** | 1 |
| Langtermyn werknemervoordele | 18 | **2** | - | **2** | - |
| Na-aftrede verpligtinge | 14 | **104** | 88 | **104** | 88 |
| | | **106** | 89 | **106** | 89 |
| **Bedryfslaste** | | | | | |
| Handels- en ander krediteure | 15 | **335** | * 192 | **331** | * 191 |
| Rentedraende korttermynlenings | 16 | **735** | 565 | **735** | 565 |
| Inkomstebelasting betaalbaar | 17 | **63** | * 21 | **61** | * 21 |
| Lenings vanaf verwante partye | 12.3 | **37** | 40 | **44** | 40 |
| Aandeelhouers vir dividende | | **1** | - | **1** | - |
| Voorsienings | 18 | **72** | * 52 | **72** | * 52 |
| | | **1 243** | 870 | **1 244** | 869 |
| **Aanspreeklikhede geassosieer met nie-bedryfsbates – gehou vir verkoop** | 15 | **-** | 1 | **-** | 1 |
| **TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | **2 122** | 1 643 | **2 113** | 1 637 |

** Syfers herstateer ter verbetering van klassifikasie in die 2006 finansiële jaarstate. Sien aantekeninge 6, 15, 16, 18, 29 en 30.*

# INKOMSTESTAAT

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL

| | Aan-tekeninge | GROEP 2007 R'm | GROEP 2006 R'm | MAATSKAPPY 2007 R'm | MAATSKAPPY 2006 R'm |
|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste – voortgesette bedrywe | | | | | |
| Dienste gelewer | | **379** | 464 | **365** | 468 |
| Rente ontvang | | **81** | 81 | **81** | 81 |
| Ander bedryfsaktiwiteite | | **5 094** | 3 008 | **5 069** | 3 054 |
| **Totale inkomste** | | **5 554** | 3 553 | **5 515** | 3 603 |
| Koste van verkope | | **(4 800)** | (2 841) | **(4 783)** | (2 896) |
| Bruto wins | | **754** | 712 | **732** | 707 |
| Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes | | **(490)** | (552) | **(476)** | (552) |
| **Bedryfswins – voortgesette bedrywe** | 22 | **264** | 160 | **256** | 155 |
| Finansieringskoste | | **(83)** | (62) | **(83)** | (62) |
| Wins na finansieringskoste | | **181** | 98 | **173** | 93 |
| Beleggingsinkomste | 23 | **2** | 5 | **3** | 6 |
| Wins voor belasting | | **183** | 103 | **176** | 99 |
| Inkomstebelasting | 19 | **(55)** | (18) | **(53)** | (14) |
| Wins uit voortgesette bedrywe | | **128** | 85 | **123** | 85 |
| Wins/(verlies) uit beëindigde bedrywe | 28 | **(1)** | 22 | **(1)** | 22 |
| **Wins vir die jaar** | | **127** | 107 | **122** | 107 |
| | | | | | |
| Toeskryfbaar aan: | | | | | |
| Aandeelhouers | | **125** | 107 | | |
| Minderheidsbelang | | **2** | - | | |
| | | **127** | 107 | | |
| | | | | | |
| Verdienste per aandeel (sent) | 25.1 | **69,1** | 59,2 | | |
| Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe (sent) | 25.2 | **69,7** | 47,0 | | |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 25.3 | **65,8** | 58,1 | | |
| Wesensverdienste per aandeel – uitgesluit abnormale items (sent) | 25.4 | **75,8** | 57,0 | | |
| Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar (sent) | | **21,0** | 25,5 | | |
| Finale dividend per aandeel voorgestel (sent) | | **17,0** | 15,0 | | |



# finansiële state

## STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

### VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL

| | Aandele-kapitaal R'm | Aandele-premie R'm | Nie-verdeelbare reserwe R'm | Behoue inkomste R'm | Tesourie aandele R'm | Minder-heids-belang R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **GROEP** | | | | | | | |
| Wins uit tesourie volume opsie instrumente | **15** | - | **15** | - |
| Netto wins met vervreemding van filiaal | **-** | 5 | **-** | 34 |
| Netto wins met realisasie van eiendom, aanleg en toerusting | **6** | 5 | **6** | 5 |
| Ouditeursvergoeding | **(6)** | (6) | **(6)** | (6) |
| Vir ouditgelde | **(5)** | (5) | **(5)** | (5) |
| Ander dienste | **(1)** | (1) | **(1)** | (1) |
| Slegte skuld afgeskryf – nie teen voorsiening benut | **(2)** | (1) | **(2)** | (1) |
| Slegte skuld verhaal | **6** | 4 | **6** | 4 |
| Terugskrywing van twyfelagtige skuld voorsiening | **4** | 9 | **4** | 9 |
| Voorsiening vir graanrisiko | **(10)** | 2 | **(10)** | 2 |
| Terugskrywing/(afskrywing) van voorraadafskrywings | **4** | (5) | **4** | (5) |
| Waardedaling van vaste bates | **-** | (1) | **-** | (1) |





## 22. BEDRYFSWINS (VERVOLG)

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| 22.2 Werknemerskoste | | | | |
| Vergoeding | **(223)** | (245) | **(216)** | (221) |
| Pensioenkoste – omskrewe bydraeplan | **(17)** | (19) | **(16)** | (17) |
| | **(240)** | (264) | **(232)** | (238) |
| | **Getal** | **Getal** | **Getal** | **Getal** |
| Permanente personeel | **1 770** | 1 904 | **1 692** | 1 728 |
| Tydelike personeel | **163** | 214 | **158** | 212 |
| Personeel aan die einde van die jaar | **1 933** | 2 118 | **1 850** | 1 940 |

## 23. BELEGGINGSINKOMSTE

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Ongenoteerde beleggings | | | | |
| Inkomste uit ander beleggings | | | | |
| Dividende | **2** | 3 | **2** | 3 |
| Rente ontvang | **-** | 2 | **1** | 3 |
| Filiale | **-** | - | **1** | 1 |
| Diverse lenings | **-** | 2 | **-** | 2 |
| | **2** | 5 | **3** | 6 |

## 24. FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR

Blootstelling aan wisselkoerse, rentekoerse en kredietrisiko ontstaan in die normale loop van sake van die Groep. Afgeleide instrumente word gebruik om blootstelling weens rentekoers- en wisselkoersskommelinge te verminder.

24.1 Buitelandse valuta risiko

Die Groep het minimale blootstelling aan fluktuasies in hoofsaaklik die rand/USD wisselkoers ten opsigte van invoere en uitvoere. Transaksies in buitelandse geldeenhede word hoofsaaklik aangegaan vir aankoop en verkoop van voorraaditems.

Valutatermynkontrakte word uitgeneem vir spesifieke transaksies om die fluktuasies in wisselkoers te verskans.

Op jaareinde was geen valutatermynkontrakte as verskansing teen verwagte betalings uitgeneem nie (2006 – USD39 000 billik gewaardeer teen R234 000).

Geen kontrakte is as verskansing teen verwagte kontantinvloeie uitgeneem nie (2006 – USD1 miljoen billik gewaardeer teen R6 miljoen).

Beide tipes kontrakte verval binne twaalf maande en die herwaarderingsverskil is direk in die inkomstestaat erken. Die voorbelaste ongerealiseerde wins met herwaardering het R nul (2006 – R176 000) beloop. Die wins word op die inkomstestaat in rekening gebring en verreken met die herwaarderingsverskil van die onderliggende bate of las wat teen billike waarde op die balansstaat gedra word.

24.2 Kommoditeitsprysrisiko

Die Groep gebruik afgeleide instrumente om blootstelling aan kommoditeitsprysrisiko te bestuur en te verskans. In ooreenstemming met die Groep se risikobestuursbeleid kan slegs minimale onverskanste markposisies te enige tyd bestaan. Die netto posisie in die waarde van beskikbare kommoditeite, die netto waarde van termynkontrakte en opsiekontrakte en die netto posisie van die waarde van voorseisoenskontrakte dui op effektiewe verskansing soos omskryf in IRS39. Die totale waarde van die termynkontrakte word as sensitiewe inligting beskou en word dus nie openbaar nie.

Die verskansingsinstrumente wat gebruik word, bestaan uit termynkontrakte en opsiekontrakte. Die netto billike waarde van verskanste termynkontrakte op jaareinde was 'n verpligting en het R128,5 miljoen (2006 – R10 miljoen) bedra. Die netto herwaarderingsverskil van die instrumente wat vir verskansing gebruik word, word in ag geneem teenoor die waarde van kommoditeite en die billike waarde van voorseisoenskontrakte. Die waarde van kommoditeite op die balansstaat word dus as die markwaarde daarvan weerspieël en die termynkontrakte, opsiekontrakte en voorseisoenskontrakte word ook in die balansstaat teen billike waarde ingesluit.

Alle kontrakte verval binne elf maande. Op jaareinde het die ongedekte voorraad, gewaardeer teen sluitingspryse, R3,2 miljoen (2006 – R1,2 miljoen) bedra.

24.3 Rentekoersrisiko

Die Groep verseker oor die algemeen dat daar teen fluktuerende rentekoerse geleen word omdat die fondse hoofsaaklik by kredietverskaffing teen fluktuerende aangewend word. In onbestendige tye word rentekoersblootstelling oor die algemeen deur middel van finansiële instrumente bestuur om fluktuerende koerse in vaste koerse om te skakel.

24.4 Kredietrisiko

Die potensiële konsentrasie van kredietrisiko het hoofsaaklik betrekking op handelsdebiteure. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot aantal klante wat oor verskillende geografiese gebiede versprei is en krediet word toegestaan ingevolge die Groep se kredietbeleide. Die finansiële posisie van debiteure word gereeld ontleed.

Die Direksie is van mening dat daar op jaareinde geen beduidende konsentrasie van kredietrisiko bestaan het waarvoor nie voldoende voorsiening gemaak is nie.

Met betrekking tot kredietrisiko voortspruitend uit die ander finansiële bates van die Groep, wat bestaan uit kontant en kontantekwivalente, beskikbaar-vir-verkoop finansiële instrumente en sekere afgeleide instrumente, ontstaan die Groep se blootstelling aan kredietrisiko van R687 miljoen (2006 – R525 miljoen) uit nie-nakoming deur die teenparty, met 'n maksimum blootstelling gelyk aan die drawaarde van hierdie instrumente.

24.5 Likiditeitsrisiko

Die Groep beskik oor genoegsame likiede bates wat, soos in die verlede, ondersteun word deur korttermyn leenfasiliteite by finansiële instellings wat met behulp van kontantvloeibestuur aan operasionele behoeftes voldoen.

24.6 Nie-nakoming van kontrakte

Die Groep bestuur die risiko van nie-nakoming deur slegs met goedgekeurde en gekeurde verskaffers en produsente te kontrakteer. Vooruitkontrakte vir graanlewering is met produsente gesluit. Hierdie instrumente is ingesluit by die waardes wat onder aantekening 24.2 getoon word. Indien die risiko wesenlik is, word dit deur middel van opsiekontrakte op Safex bestuur.

24.7 Billike waarde

Finansiële instrumente word getoon teen die billike drawaardes daarvan.



# aantekeninge tot die finansiële state

## 25. VERDIENSTE PER AANDEEL

Onderstaande berekenings is gemaak op 'n geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele van 180 789 308 (2006 – 180 789 308). Die verdienste is op wins toeskryfbaar aan aandeelhouers bereken.

25.1 Verdienste per aandeel is bereken op grond van wins van R125 miljoen (2006 – R107 miljoen) toeskryfbaar aan gewone aandele.

25.2 Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe is bereken op grond van wins van R126 miljoen (2006 – R85 miljoen).

25.3 Wesensverdienste per aandeel is bereken op grond van wins van R119 miljoen (2006 – R105 miljoen).

25.4 Wesensverdienste per aandeel voor abnormale items is bereken op grond van wins van R137 miljoen (2006 – R103 miljoen).

25.5 Rekonsiliasie tussen verdienste en wesensverdienste

| | | GROEP | |
|---|---|---|---|
| | % verandering | 2007 R'm | 2006 R'm |
| **Verdienste per finansiële state** | +16,8% | **125** | 107 |
| Aansuiwerings: | | | |
| Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | | **(6)** | (5) |
| Herstruktureringskoste | | **-** | 2 |
| Voorsiening vir waardedaling van vaste bates | | **-** | 1 |
| **Wesensverdienste** | +13,3% | **119** | 105 |
| Abnormale items (nie hierbo ingesluit nie) | | | |
| Beëindigde bedrywe (na herstruktureringskoste) | | **-** | (24) |
| Voorsiening vir na-aftrede mediese verpligtinge | | **18** | 22 |
| **Wesensverdienste voor abnormale items** | +33,0% | **137** | 103 |
| Verdienste per aandeel (sent) | +16,7% | **69,1** | 59,2 |
| Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe (sent) | +48,3% | **69,7** | 47,0 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | +13,3% | **65,8** | 58,1 |
| Wesensverdienste voor abnormale items (sent) | +33,0% | **75,8** | 57,0 |

*Alle aansuiwerings word getoon nadat belasting daarteen verreken is.*

## 26. WAARDEDALING VAN BELEGGINGS EN BEDRYFSLENINGS (AFGESKRYF)/TERUGGESKRYF

| | | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Aantekeninge | 2007 R'm | 2006 R'm | 2007 R'm | 2006 R'm |
| Filiale | 3 | **-** | - | **-** | 2 |
| Gesamentlike ondernemings | | | | | |
| Aandele | | | | | |
| Silo Certs (Edms) Bpk | | **-** | - | **-** | - |
| Korttermynlenings – bedryfslenings | | | | | |
| Silo Certs (Edms) Bpk | | **-** | - | **-** | (2) |
| Totale voorsienings | | **-** | - | **-** | - |

## 27. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

27.1 Die Maatskappy word beheer deur Senwesbel Bpk, wat 35% van die Maatskappy se aandele besit. Dividende van R13,3 miljoen (2006 – R17,6 miljoen) is gedurende die finansiële jaar aan Senwesbel betaal. Geen rente (2006 – R0,9 miljoen) is op die leningsrekening aan Senwesbel gehef nie. Rente van R3,4 miljoen (2006 – R0,9 miljoen) is op hierdie leningsrekening aan Senwesbel betaal.

27.2 Lenings aan filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings word onderskeidelik in aantekeninge 3, 4 en 5 geopenbaar.

27.3 Verkope van goedere en dienste
Geen wesenlike verkope aan geassosieerde entiteite het plaasgevind nie.

27.4 Daar is geen beduidende uitstaande saldo's met betrekking tot die verkoop van goedere en dienste gelewer nie.

27.5 Lenings aan uitvoerende direkteure – R nul.

27.6 Handelsdebiteure – direkteure en uitvoerende bestuur
Handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekeninge en ander rekeninge waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse ten opsigte van lenings strook met maatskappybeleid, wat geld vir al die klante van die Maatskappy.

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Handelsdebiteure | **9** | 7 | **9** | 7 |

27.7 Direkteursvergoeding

| | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Direkteursvergoeding – Totaal | **(13)** | (15) |
| Direkteursvergoeding – Maatskappy | **(13)** | (15) |
| Vir dienste as direkteure: | | |
| Uitvoerende direkteure | **(11)** | (13) |
| Salarisse | **(6)** | (6) |
| Prestasiebonusse | **(5)** | (7) |
| Nie-uitvoerende direkteure | **(2)** | (2) |

Die direkteure se vergoeding word nie in die werknemerkoste ingesluit nie, soos getoon in aantekening 22.2.

27.8 Ander sleutel bestuurspersoneel

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Salarisse | **(14)** | (14) | **(13)** | (13) |
| Prestasiebonusse | **(4)** | (8) | **(4)** | (8) |
| | **(18)** | (22) | **(17)** | (21) |
| Getal sleutel bestuurspersoneel op jaareinde | **18** | 17 | **17** | 16 |

Die vergoeding van hierdie personeel word in werknemerskoste ingesluit, soos getoon in aantekening 22.2.





## 27. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES (VERVOLG)

27.9 Inligting oor direkteure se dienstermyne

Nie-uitvoerende direkteure wie 'n dienstermyn van korter as een jaar oor het:

| *Direkteur* | *Ampstermyn verstryking* | *Posisie beklee* |
|---|---|---|
| JP Botma | 2 Oktober 2007 | Nie-uitvoerende direkteur |
| JAE Els | 2 Oktober 2007 | Nie-uitvoerende direkteur |
| JE Grobler | 2 Oktober 2007 | Nie-uitvoerende direkteur |
| JD Shahim | 2 Oktober 2007 | Nie-uitvoerende direkteur |

Nie-uitvoerende direkteure wie 'n dienstermyn van langer as een jaar oor het:

| *Direkteur* | *Ampstermyn verstryking* | *Posisie beklee* |
|---|---|---|
| JPL Alberts | 2008 | Nie-uitvoerende direkteur (Onafhanklike direkteur) |
| GNV Magashula | 2008 | Nie-uitvoerende direkteur (Onafhanklike direkteur) |
| J Mashike* | 2009 | Nie-uitvoerende direkteur |
| JDM Minnaar# | 2009 | Nie-uitvoerende direkteur |
| JA Mostert# | 2009 | Nie-uitvoerende direkteur |
| WH van Zyl# | 2009 | Nie-uitvoerende direkteur |
| OME Pooe* | 2010 | Nie-uitvoerende direkteur |

** Hierdie persone se alternatiewe direkteure se ampstermyne sal ook op bogenoemde datums verstryk.*

*# Onderhewig aan die rotasiebepaling van die Statute.*

Uitvoerende direkteure:

| *Direkteur* | *Dienskontrak verstrykingsdatum†* | *Posisie beklee* |
|---|---|---|
| JJ Dique | 31 Julie 2011 | Besturende Direkteur |
| F Strydom | In die proses van hernuwing | Direkteur Bedryf |
| SH Alberts | 29 Februarie 2008 | Direkteur Finansies |

*† Dienskontrakte het hernuwingsopsies.*

27.10 Belang van die direkteure in aandele van die Maatskappy

| | **MAATSKAPPY** | |
|---|---|---|
| | **2007 Getal aandele** | **2006 Getal aandele** |
| Direk | | |
| Nie-uitvoerende direkteure | **1 014 246** | 1 058 094 |
| Uitvoerende direkteure | **1 395 272** | 1 395 272 |
| Indirek | | |
| Nie-uitvoerende direkteur | **8 441 367** | 8 453 730 |
| | **10 850 885** | 10 907 096 |

## 28. BATES GEHOU VIR VERKOOP EN BEËINDIGDE BEDRYWE

Die Direksie van Senwes het op 24 Mei 2005 goedkeuring verleen vir die verkoop van Senwes se belange in Senwesko Voere. Senwes se volle belang in Senwesko Voere is vervolgens op 1 Augustus 2005 verkoop. Onvoorwaardelike goedkeuring vir die transaksie is op 20 Maart 2006 van die Mededingingskommissie ontvang. Die kopers het vervolgens 'n aanbod vir die hele nywerheidsterrein (Viljoenskroon) en terreindienste bekend as "Senwes Dienste" gemaak. Die aanbod is op 30 November 2006 deur die Direksie aanvaar en daar word op die oordrag van die eiendom gewag.

Die verkoop van die besproeiingsvervaardigingsaanleg as lopende saak is ook gedurende die jaar, effektief vanaf 9 Maart 2007, beklink.

Die verkope, resultaat en netto kontantvloei van bedrywe, in die huidige jaar ingesluit, is soos volg:

| | Viljoenskroon Dienste 2007 R'm | Handels besproeiings-afsetpunt 9 Maart 2007 R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|
| Inkomste | **8** | **17** | **25** |
| Bedryfskoste | **(9)** | **(17)** | **(26)** |
| Bedryfsverlies | **(1)** | **-** | **(1)** |
| Finansieringskoste | **-** | **-** | **-** |
| Verlies voor belasting | **(1)** | **-** | **(1)** |
| Inkomstebelasting | **-** | **-** | **-** |
| Verlies na belasting | **(1)** | **-** | **(1)** |
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **(1)** | **-** | **(1)** |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **-** | **-** | **-** |
| Totale kontantvloei | **(1)** | **-** | **(1)** |
| Die bates en laste van die bedrywe is of was soos volg: | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **9** | **-** | **9** |
| Bedryfsbates | **2** | **4** | **6** |
| Totale bates | **11** | **4** | **15** |
| Totale laste | **(12)** | **-** | **(12)** |
| Netto bates | **(1)** | **4** | **3** |

Die bates en laste van Viljoenskroon Dienste word op die balansstaat getoon as gehou vir verkoop.

## 29. REKONSILIASIE VAN WINS VOOR BELASTING MET KONTANT DEUR BEDRYWE VOORTGEBRING

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2007 R'm | 2006 R'm | 2007 R'm | 2006 R'm |
| Wins voor belasting | **182** | 125 | **175** | 121 |
| Aangesuiwer vir: | **126** | 117 | **128** | 83 |
| Depresiasie | **23** | 28 | **23** | 25 |
| Wins met verkoop van vaste bates | **(6)** | (5) | **(6)** | (5) |
| Voorsiening vir waardedaling van vaste bates | **-** | 1 | **-** | 1 |
| Wins met verkoop van ongenoteerde aandele | **-** | (5) | **-** | (34) |
| Beleggingsinkomste | **(2)** | (5) | **(3)** | (6) |
| Finansieringskoste | **83** | 62 | **83** | 62 |
| Toename in voorsienings en nie-kontantitems | **28** | 41 | **31** | 40 |
| Kontant deur bedrywe voortgebring | **308** | 242 | **303** | 204 |





## 30. AFNAME/(TOENAME) IN BEDRYFSKAPITAAL

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2007 R'm | 2006 R'm | 2007 R'm | 2006 R'm |
| Afname/(toename) in voorraad | **2** | (373) | **2** | (362) |
| Afname/(toename) in debiteure | **(141)** | 263 | **(140)** | 299 |
| Afname/(toename) in agentskapsgraandebiteure | **(116)** | 209 | **(116)** | 217 |
| Toename/(afname) in krediteure | **148** | (89) | **140** | (131) |
| Afname/(toename) in bedryfskapitaal | **(107)** | 10 | **(114)** | 23 |

## 31. INKOMSTEBELASTING BETAAL

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2007 R'm | 2006 R'm | 2007 R'm | 2006 R'm |
| Bedrae betaalbaar aan die begin van die tydperk | **(21)** | (8) | **(21)** | (7) |
| Bedrae ontvangbaar aan die begin van die tydperk (uitgestelde belasting) | **62** | 51 | **62** | 50 |
| Bedrae in die inkomstestaat gedebiteer | **(55)** | (18) | **(53)** | (14) |
| Bedrae ontvangbaar aan die einde van die tydperk (uitgestelde belasting) | **(74)** | (62) | **(74)** | (62) |
| Bedrae betaalbaar aan die einde van die tydperk | **63** | 21 | **61** | 21 |
| Kontantbedrag betaal | **(25)** | (16) | **(25)** | (12) |

## 32. DIVIDENDE BETAAL

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2007 R'm | 2006 R'm | 2007 R'm | 2006 R'm |
| Bedrae betaalbaar aan die begin van die tydperk | **-** | (3) | **-** | (3) |
| Bedrae teen ekwiteit gedebiteer | **(38)** | (47) | **(38)** | (47) |
| Bedrae teen debiteure en leningsrekeninge gedebiteer | **13** | 21 | **13** | 21 |
| Bedrae betaalbaar aan die einde van die tydperk | **1** | - | **1** | - |
| Kontantbedrag betaal | **(24)** | (29) | **(24)** | (29) |

## 33. AANKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | 2007 R'm | 2006 R'm | 2007 R'm | 2006 R'm |
| Geboue en verbeterings | **(1)** | (1) | **(1)** | (1) |
| Aanleg en toerusting | **(24)** | (22) | **(24)** | (21) |
| Voertuie | **(6)** | (3) | **(5)** | (3) |
| Totale aankope van eiendom, aanleg en toerusting | **(31)** | (26) | **(30)** | (25) |
| | **(31)** | (26) | **(30)** | (25) |
| Aankope om bedryfskapasiteit te verhoog | **(25)** | (20) | **(24)** | (19) |
| Aankope om bedryfskapasiteit te handhaaf | **(6)** | (6) | **(6)** | (6) |

## 34. OPBRENGS MET VERKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Drawaarde van bates verkoop | **4** | 4 | **4** | 4 |
| Wins met verkoop | **6** | 5 | **6** | 5 |
| Opbrengs met verkoop | **10** | 9 | **10** | 9 |

## 35. LANGTERMYNLENINGS

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Lenings terugbetaal | **(1)** | (2) | **(1)** | - |

## 36. KORTTERMYNLENINGS

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2007 R'm** | **2006 R'm** | **2007 R'm** | **2006 R'm** |
| Netto (toename)/afname in ander korttermynlenings | **3** | (40) | **(4)** | (40) |
| Netto (toename)/afname in Land Bank lening | **(170)** | 247 | **(170)** | 247 |
| | **(167)** | 207 | **(174)** | 207 |

## 37. ONBENUTTE LEENFASILITEITE

Die Groep het onbenutte leenfasiliteite ten bedrae van R905 miljoen waarvan die volle bedrag onderhewig is aan sekuriteitstelling ten opsigte van voorraad en debiteure. Die Groep het ook R2 miljard beskikbaar ten opsigte van onbenutte kommoditeitsfinansiering en R55 miljoen ten opsigte van onbenutte oortrokke fasiliteite.

# volhoubaarheidsverslag

## OORSIG OOR VOLHOUBAARHEID

Senwes is 'n landboumaatskappy wat afhanklik is van primêre landbou en die Maatskappy is terdeë bewus van omgewingsimpak op volhoubare landbou. Senwes besef dat besigheidstrategie deur volhoubaarheidsfaktore gedryf word. Dit is 'n gegewe dat die konsepte van volhoubare ontwikkeling en verantwoordelike korporatiewe burgerskap sleutelelemente vir die skepping en volhoubare groei van waarde vir alle belanghebbendes is. Met dié doel het Senwes volhoubaarheidskwessies by sy bestuurs- en besigheidsfilosofie ingemessel en die Groep strewe voortdurend om te verseker dat dié denkrigting in elke filiaal se korporatiewe en bedryfsaktiwiteite neerslag vind.

**Senwes se verbintenis tot volhoubaarheid**


Senwes is daartoe verbind om 'n geïntegreerde benadering tot die strategiese bestuur van die onderneming te volg, wat poog om sinergie tussen die elemente waaruit drievoudige onderstelyn ("tripple bottom line") rapportering bestaan, te behaal, in plaas daarvan om 'n kompromie tussen dié elemente na te streef. In dié verband is Senwes se bestuur daarop ingestel om ekonomiese prestasie, omgewingsverantwoordelikheid en korporatiewe burgerskap te integreer.

As 'n maatskappy wat daarna strewe om die mees geadmireerde

### WAARDE TOEGEVOEG EN ONDER BELANGHEBBENDES VERDEEL

| | GROEP 2007 | | GROEP 2006 | |
|---|---|---|---|---|
| **WAARDE GESKEP** | **R'm** | **%** | **R'm** | **%** |
| Inkomste | **5 578** | | 3 979 | |
| Beleggingsaktiwiteite | **2** | | 5 | |
| Betaal aan verskaffers van goedere en dienste | **(4 985)** | | (3 403) | |
| | **595** | | 581 | |
| **WAARDE VERDEEL** | | | | |
| Werknemers en direkteure | **253** | **43** | 279 | 48 |
| Owerhede | **71** | **12** | 58 | 10 |
| Eksterne kapitaalverskaffers | **83** | **14** | 62 | 11 |
| Beskikbaar vir aandeelhouers | **188** | **31** | 182 | 31 |
| Behou vir uitbreiding en groei | **127** | **21** | 107 | 18 |
| Dividende betaal | **38** | **6** | 47 | 8 |
| Voorsiening vir vervanging van bates | **23** | **4** | 28 | 5 |
| | **595** | **100** | 581 | 100 |

### WAARDE VERDEEL



agri-besigheid in Suid-Afrika te wees, fokus Senwes op waardeskepping vir al sy belanghebbendes in ooreenstemming met hulle behoeftes en verwagtinge:

- **Aandeelhouers:** Goeie, volhoubare opbrengste en waardeskepping ooreenkomstig risikoprofiel van die belegging.
- **Klante:** Voorkeurverskaffer wat klante se behoeftes ten opsigte van produkte, diens, prys en leweringsmeganisme verstaan en bevredig.
- **Werknemers:** Voorkeurwerkgewer wat 'n bemagtigde, ondersteunende werkomgewing skep, waar diversiteit omhels word en werknemers ontwikkel, betrek, erken en dienooreenkomstig vergoed word.
- **Verskaffers:** Voorkeurvennoot vir marktoegang.
- **Gemeenskappe:** 'n Korporatiewe burger wat omgee en bydra tot die ontwikkeling van die gemeenskap.
- **Reguleerders en regering:** 'n Wetsgehoorsame, lojale en verantwoordelike korporatiewe burger wat bydra tot die transformasie van die landbousektor en die nasionale ekonomie.

**Bestuursbenadering**

Senwes se bestuursbenadering tot belanghebbendes berus op konsultasie ten einde behoeftes en verwagtinge te verstaan en daar word voortdurend gepoog om dié behoeftes en verwagtinge in die Maatskappy se korporatiewe en besigheidstrategieë in te sluit.

Senwes strewe ook om voortdurend bewustheid van aangeleenthede wat met volhoubaarheidskwessies verband hou, insluitende, maar nie beperk nie tot, kwessies soos aardverwarming, MIV/vigs, en die bestuur van natuurlike hulpbronne, op alle vlakke in die Groep te skep.

Senwes het 'n inkrementele benadering tot volhoubaarheidsverslagdoening aanvaar en doen sedert 2005 hieroor verslag in die jaarverslag. In ooreenstemming met ons doelstelling van voortgesette verbetering van volhoubaarheidsverslagdoening is Senwes, wat tans besig is om die GRI-verslagdoeningsraamwerk aan te neem, dus 'n nuweling op hierdie reis om die hoogste deursigtigheidsvlakke in volhoubaarheidsverslagdoening te bereik. Hoewel hierdie verslag deur die GRI-riglyne (G3) gelei word, stem dit nie noodwendig daarmee ooreen nie. Die verslag poog dus nie om al die gebiede en aspekte in die GRI-raamwerk volledig te dek nie.

## BETROKKENHEID BY BELANGHEBBENDES

Betrokkenheid by belanghebbendes is nodig vir effektiewe oorlegpleging en dialoog.

By Senwes vind dit by belanghebbendes plaas deur middel van verskillende mediums van kommunikasiehulpmiddels wat op elke groep belanghebbendes toegespits word. Die verskillende hulpmiddels word soos volg toegelig:

**Meganismes vir betrokkenheid by belanghebbendes**

| Belanghebbende | Betrokkenheidsmeganisme |
|---|---|
| Aandeelhouers | Jaarverslag<br>Algemene Jaarvergadering<br>Inligtingsvergaderings<br>Senwes-webwerf<br>Opnames<br>Spesiale ledevergaderings<br>Aandeelhouers het ook toegang tot die Voorsitter van die Direksie en lede van die uitvoerende komitee<br>Aandeelhouers kan ook inligting by die maatskappysekretariaat bekom |
| Klante | Senwester<br>Senwes Scenario<br>Sensasi<br>Jaar- en halfjaarverslae<br>Inligtingsvergaderings<br>Senwes-webwerf<br>My Senwes<br>Senwes Mobile<br>Reklamemateriaal<br>Klantetevredenheidsopnames<br>Bemarkingspersoneel<br>Landbouspesialiste<br>Boereverenigings |
| Werknemers | Senwester<br>Sensasi<br>Senwes Scenario<br>Info@senwes<br>Jaareind- en halfjaar-inligtingsblad vir Groepwerknemers<br>Prestasiebeoordelings<br>*MD's Corner*<br>Senwes-webwerf<br>Intranet<br>Interne memorandums<br>Omsendbriewe<br>Sakebelyningsessies<br>Gereelde vergaderings<br>Prestasietoekennings vir werknemers<br>"Beste maatskappy om vir te werk"-opname<br>Ander werknemeropnames |
| Verskaffers | Galadinee vir verskaffers<br>Gereelde vergaderings met sakeleiers<br>Verskafferopnames<br>Aankoopprosesse<br>Senwes-webwerf |
| Gemeenskappe | Publikasies<br>Vergaderings<br>Opnames<br>Senwes-webwerf |
| Reguleerders en regering | Formele en informele vergaderings<br>Bedryfsinstansies<br>Senwes-webwerf |



# oorsig oor volhoubaarheid

## PRESTASIE- EN VORDERINGSVERSLAG

**Ekonomiese impak**

| Aspek | Senwes se doelwitte | Prestasies |
|---|---|---|
| **Ekonomiese prestasie** | Om 'n groter markaandeel op alle gebiede van ons besigheid te verkry en te behou; en om nuwe markte vir ons produkte te skep. | Senwes het sy markaandeel op die gebied van insetverskaffing vergroot.<br>Nuwe penetrasie van nie-landboumarksegmente. |
| **Markteenwoordigheid** | Om die vlak van aankope vanaf swart maatskappye en Klein Medium ondernemings (KMO's) te verhoog. | Senwes het die vlak van voorkeuraankope vanaf maatskappye wat aan SEB voldoen sowel as KMO's verhoog. |
| **Indirekte ekonomiese impak** | Om 'n aktiewe vennoot van gemeenskappe en ander belanghebbendes te word en om sodoende tot gemeenskapsontwikkeling by te dra. | Senwes identifiseer en befonds steeds ontwikkelings- en verdienstelike en noodlenigingsprojekte in gemeenskappe in sy bedryfsgebied. |

**Maatskaplike impak**

*Samelewing*

| Aspek | Senwes se doelwitte | Prestasies |
|---|---|---|
| **Gemeenskap** | Om 'n rol in die ontwikkeling van gemeenskappe in ons bedryfsgebied te speel, veral landelike gemeenskappe. | Korporatiewe Maatskaplike Investeringsprojekte (KMI's) word in gemeenskappe in ons bedryfsgebied geïdentifiseer en befonds. |
| **Korrupsie** | Om te verseker dat alle direkteure en werknemers bewus is van Senwes se etiese kode en dit nakom. | Bewustheidsprogramme en dissiplinêre beleide en -prosedures is in plek. |
| **Openbare beleid** | Om 'n rol te speel in die uitoefening van invloed op openbare beleid, met betrekking tot Senwes se besigheid. | Senwes neem deel aan beleidsontwikkelingsprosesse deur middel van bedryfsinstansies. |
| **Anti-mededingingsgedrag** | Om aan alle wetgewing van die land, insluitende mededingingswette, te voldoen. | 'n Saak van beweerde oortreding van die mededingingswetgewing is teen Senwes aanhangig gemaak en word tans voor die Mededingingstribunaal gevoer. |

*Produkverantwoordelikheid*

| Aspek | Senwes se doelwitte | Prestasies |
|---|---|---|
| **Gesondheid en veiligheid van klante** | Om te verseker dat al ons silo's aan die HACCP-standaarde vir voedselveiligheid voldoen. | Alle HACCP-oudits tot dusver uitgevoer, was ongekwalifiseerd. |
| | Om gereelde terugvoering van klante te kry om hulle behoefte en verwagtinge te verstaan. | Klantopnames is gemaak en die resultate is in bedryfs- en sakestrategieë ingesluit. |

*Arbeidspraktyke en arbeisbetrekkinge*

| Aspek | Senwes se doelwitte | Prestasies |
|---|---|---|
| **Indiensneming, diversiteit en gelyke geleenthede** | Om 'n bemagtigende en ondersteunende werkomgewing gegrond op gelykheid, billikheid en diversiteit te verseker. | Diensgelykheidsbeleid en -strategieë is in plek en prestasie word gereeld gemonitor. |
| | Om te verseker dat al ons werknemers opgelei, betrokke en gemotiveerd is en dienooreenkomstig erken en vergoed word. | Prosesse is in plek om werknemers te raadpleeg en te betrek.<br>Aansporings is in plek wat vir al ons werknemers op alle vlakke van die organisasie voorsiening maak. |

*Arbeidspraktyke en arbeidsbetrekkinge (vervolg)*

| Aspek | Senwes se doelwitte | Prestasies |
|---|---|---|
| **Arbeids-/bestuurs-betrekkinge** | Om te verseker dat al ons werknemers die vryheid het om met 'n vakbond van hulle keuse te assosieer. | Meer as 75% van ons werknemers behoort aan erkende vakbonde wat deur kollektiewe bedingingsooreenkomste gedek word. |
| | Om te verseker dat werknemers toegang tot remediërende meganismes ooreenkomstig kollektiewe bedingingsooreenkomste het. | Dispute word intern hanteer en indien nie bygelê nie na die Bedingingsraad verwys. |
| | Om werknemers redelike kennis van enige belangrike bedryfsverandering te gee. | Kennisgewingstydperke van minstens 60 dae geld vir enige belangrike bedryfsveranderings. |
| **Beroepsgesondheid en -veiligheid** | Om te verseker dat die organsisasie alle wetgewing en protokolle aangaande gesondheids- en veiligheidskwessies by die werk nakom. | Beroepsgesondheids- en -veiligheidsbeleide is in plek en word voortdurend nagegaan om nakoming en beste praktyk te verseker. |
| | Om te verseker dat ons werknemers deurlopend opgelei word in kwessies wat met gesondheid en veiligheid verband hou. | Gereelde opleiding in verskillende gesondheids- en veiligheidsaspekte word verskaf. |
| **Opleiding en onderrig** | Om ons werknemers geleenthede te gee om hulle potensiaal te ontwikkel. | 'n Aantal werknemers het deelgeneem aan interne en eksterne leierskaps- en bestuursontwikkelingsprogramme.<br>'n Silo-akademie bestaan om die vermoë van nuwe silobestuurders en senior personeel te ontwikkel. |
| **Menseregte** | Om te verseker dat menseregte op alle vlakke en in alle bedrywe van die onderneming gerespekteer word. | Menseregte word te alle tye gerespekteer. |
| | Beleide teen diskriminerende praktyke is in plek. | Dissiplinêre stappe is in gevalle van diskriminasie gedoen. |
| | Om te verseker dat geen besigheidseenheid in Senwes van kinderarbeid en gedwonge of verpligte arbeid gebruik maak nie. | Geen gevalle van kinderarbeid en gedwonge of verpligte arbeid het voorgekom nie. |

**Omgewingsimpak**

| Aspek | Senwes se doelwitte | Prestasies |
|---|---|---|
| **Energie** | Om die vlak van energieverbruik by alle Senwes bedryfspunte te verlaag. | 'n Projek is geloods om die vlak van elektrisiteitsgebruik te verlaag. Altesaam 27 miljoen kW/h elektrisiteit is vir die jaar gebruik |
| **Water** | Om die vlak van watergebruik by alle Senwes bedryfspunte te verlaag. | 'n Projek is geloods om die vlak van watergebruik te monitor en te verlaag. Altesaam 262,078 kl water is vir die jaar gebruik. |
| **Uitlaatgasse, afvalwater en afval** | Om die vlak van stortings, veral by diensstasies, te verlaag. | Die verwydering van stortingsafval word gereeld gemonitor.<br>Daar was geen voorvalle nie. |
| **Algemeen** | Om 'n omvattende en holistiese benadering tot omgewingsbestuurskwessies in ooreenstemming met die strategie van die organisasie te handhaaf. | 'n Omvattende omgewingsbeleid en -strategie word tans ontwikkel. |



# oorsig oor volhoubaarheid

## IMPAK OP WERKNEMERS

### VERGOEDING EN BELONINGS

**Vergoedingsfilosofie**

Die doel van vergoeding is om talentvolle en hoogs presterende personeel te bekom, te behou, te motiveer en te vergoed ten einde die Groep se strategiese doelstellings te bereik. Dit is Senwes se filosofie om volhoubare langtermynprestasie wat deurgaans met die strategiese rigting en doelstellings van die onderneming ooreenstem, aan te moedig.

**Riglyne**

- Om sensitiwiteit en objektiwiteit by die bepaling, nagaan, monitering en goedkeuring van vergoedingsvlakke te verseker deur toe te sien dat die vergoeding van werknemers billik, markverwant en mededingend is, gegrond op gepaste norme, en dat sorg gedra word om die opwaartse beweging van vergoedingsvlakke met ooreenstemmende prestasieverbeterings te laat sinkroniseer.
- Om te verseker dat 'n beduidende persentasie van potensiële maksimum belonings afhanklik is van sowel korttermyn- as langtermynprestasie.
- Om 'n geleentheid te verskaf dat algemene vergoeding (alle komponente) in die boonste kwartiel van die mark en vergelykergroepe is indien uitstekende prestasie behaal word. Die gewaarborgde elemente moet deurgaans op gepaste mediaanvlakke gebaseer wees, vergelykbaar, relevant tot strategiese en besigheidsdoelwitte en met die betrokke arbeidsmark.
- Om te verseker dat aansporings betaal word, slegs indien waarde vir aandeelhouers geskep is en dat, indien geen waarde geskep is nie, daar dus geen aansporings kan wees nie.
- Om oorwegend gemete en gestelde doelwitte te gebruik om prestasieverwante vergoeding te bepaal ten einde die aandag op die hoofdryfkragte van ekonomiese waarde vir belanghebbendes te vestig.

**Doelstellings van vergoedingstrategieë**

- Om die regte talent te bekom en te behou;
- Om 'n hoëprestasie-kultuur te ontwikkel;
- Om resultaatgerigte gedrag te motiveer;
- Om 'n langtermynfokus met die doel om volhoubare prestasie te verseker, aan te moedig.
- Om individuele, span- en korporatiewe prestasie te beloon.

**Vergoedingsbeleid en -struktuur**

Die Groep se vergoedingsbeleid en -struktuur het vier komponente wat ontwerp is om korttermyn- en langtermyndoelstellings te balanseer; 'n gewaarborgde vergoeding, korttermyn- en langtermynaansporings vir uitvoerende bestuur, sowel as nie-finansiële prestasie erkenning. Met die aansporingskemas word gepoog om die belange van bestuur en die uitvoerende bestuur met die belange van aandeelhouers te belyn. Die vergoedingsbeleid is volkome geïntegreer met ander bestuursprosesse soos prestasiebestuur, talentbestuur, opvolg-beplanning en die Groep se oorkoepelende menslike hulpbronne beleide.

**Gewaarborgde vergoeding**

Die Groep se gewaarborgde vergoeding vir personeel en uitvoerende direkteure is gegrond op 'n totale koste vir die Maatskappy-benadering, wat voordele insluit, en word jaarliks nagegaan. Die gewaarborgde betaling word op 'n mediaanvlak, gegrond op die betrokke arbeidsmark, vasgestel met inagneming van die Maatskappy se prestasie, individuele prestasie, veranderings in individue se werkprofiel en kollektiewe bedingingsooreenkomste.

**Korttermynaansporings**

Die doel van 'n korttermynaansporingskema is om die bereiking van spesifieke korttermyndoelwitte, soos winsteikens, te beloon. Dit spoor mense van die hoogste tot die laagste vlakke in die organisasie aan en word met die vlak van invloed en gepaste invloedsfeer in ooreenstemming gebring.

**Langtermynaansporings**

Die doel van langtermynaansporings is om topbestuur, wat vir die strategiese rigting van die organisasie verantwoordelik is, aan te spoor om langtermyndoelstellings wat vir belanghebbendes waarde skep en volhou, na te streef en te bereik. Met die skema word gepoog om te verseker dat die belange van topbestuur met die langtermyndoelwitte van die organisasie en met dié van aandeelhouers ooreenstem. Die skema het ook ten doel om te verseker dat topbestuur 'n holistiese siening van die onderneming en die belange van alle belanghebbendes huldig om te verseker dat volhoubare waarde vir alle belanghebbendes oor die langer termyn geskep word.

Deelname aan die skema word jaarliks op aanbeveling van die Besturende Direkteur deur die Menslike Hulpbronnekomitee nagegaan en deur die Direksie goedgekeur. Deelnemers is persone wat uit hoofde van hulle rol in die onderneming, en gevolglik die besluite wat hulle neem, die vermoë het om die rigting en prestasie van die Groep direk te beïnvloed. Hulle het 'n invloed op die bepaling van strategie en die uitvoering daarvan.

Die volgende werknemerkategorieë neem tans deel aan die skema:

- Uitvoerende direkteure
- Hoofbestuurders

Die skema is as 'n skimaandeleskema gestruktureer en voordele word in kontant betaal. Skimaandele word aan die deelnemers toegewys teen 'n waarde wat deur middel van 'n kombinasie van netto batewaarde en die aandelemarkprys bepaal word.

Die groei in die aandelemarkprys en netto batewaarde van aandele vestig drie jaar na allokasie en word dan deur middel van 'n kontantbonusbetaling uitbetaal. Dié kontantbonus staan bekend as die aandele-appresiasieskema.

**Personeel prestasietoekennings**
Senwes se jaarlikse funksie waartydens prestasietoekennings gedoen word, skep die geleentheid om erkenning te bied aan spanne en individue wat deurgaans hoë prestasievlakke in hulle betrokke poste en sake-eenhede bereik en gehandhaaf het. Gedurende die oorsigjaar het sowel werknemers as bestuur toppresteerders benoem, wat uitgeloop het op 'n glansryke geleentheid waartydens 22 pryse in totaal aan spanne en individue toegeken is.

## ONTWIKKELING VAN MENSLIKE HULPBRONNE

Senwes erken die strategiese belangrikheid van die ontwikkeling van menslike hulpbronne en die verbetering van mense se vaardighede omdat dit 'n sleutelfaktor is om strategiese doelstellings te bereik.

Vaardigheidsprioriteite word jaarliks bepaal, gegrond op die korttermyn- en langer termyn sakedoelstellings van die verskillende sake-eenhede, asook deur die raming van huidige en toekomstige behoeftes van individuele werknemers en spesifieke groepe. Spesiale klem word gelê op die identifisering en ontwikkeling van die potensiaal van werknemers uit aangewese groepe. Die ontwikkeling van ons menslike hulpbronne word op die volgende toegespits:

- Om te verseker dat ons leiers effektief en doeltreffend is om die lewering van korttermynresultate en die behaling van langtermyngroei en volhoubare waarde te bestuur.
- Relevante en geteikende vaardigheids- en kennisontwikkeling op verskillende vlakke van werknemers se loopbane en rolle in die organisasie.
- Ontwikkeling van 'n gebalanseerde samestelling van tegniese, bestuurs- en gedragsvaardighede.
- Internasionale blootstelling.
- Opvolgbeplanning.

Die totale besteding aan vaardigheidsontwikkeling vir die afgelope jaar was ongeveer 1,6% van die vergoedingsrekening bo en behalwe die 1%-bydraes tot die vaardigheidontwikkelingsheffing. Spesifieke pogings word aangewend om dié syfer oor die eerskomende finansiële jaar te verhoog:

- 1,6% van die totale vergoedingsbesteding ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling.
- 1%-bydrae tot die vaardigheidontwikkelingsfonds.
- 38 geakkrediteerde assessors in die Groep.
- 8 opgeleide moderators in die Groep (nog nie geakkrediteer nie).
- 67 werknemers in leierskapontwikkelingsprogramme.
- 53 werknemers in graanhantering leerlingskappe.
- In totaal 4 071 opleidingsdae.

Werknemers het beurse vir werkverwante opleiding en toegang tot studielenings om akademiese kwalifikasies na te streef. 'n Uitstekende beursskema en -beleid is in die afgelope jaar ingestel om kandidate uit voorheen benadeelde groepe te help om hulle kwalifikasies te verbeter. Die bedoeling is om studente wat hulle studies met sukses voltooi, werk aan te bied.

**Leerlingskappe**
Die instelling van formele leerlingskappe vir leerlinge in diens gedurende die afgelope jaar het die weg gebaan vir kandidate met praktiese ondervinding om hulle te beywer om erkenning te kry vir vorige ondervinding en om 'n nasionale kwalifikasie in die werkplek te ontvang.

Die eerste groep leerlinge het pas die finale evaluerings voltooi en 'n nuwe groep van 30 leerlinge uit die kern-besigheidseenhede het geregistreer vir nuwe leerlingskappe op vlakke 2 en 4. Dié groepe het verskillende kern- en fundamentele modules met sukses voltooi.

**Prestasiebestuur**
As deel van die menslike hulpbronnestrategie om menseprioriteite met sakeprioriteite te laat strook, het Senwes begin om profiele van kritieke poste in die Maatskappy op alle vlakke te ontleed en ook die bekwaamhede wat vir sodanige poste vereis word, te assesseer. Dit verskaf die grondslag vir gesonde ontleding van bekwaamheidsleemtes, wat die ontwikkeling van spesifieke leierskapsontwikkeling en ander kritieke vaardighede moontlik maak. 'n Grootskaalse werknemerprofiel ontledingsaksie is ook uitgevoer om die tafel te dek vir die hersiening van die huidige prestasiebestuurstelsel om dit met die nuwe prestasiebestuurswerkwyse te laat strook.

Die interne leierskapsontwikkelingsprogram wat gedurende die vorige jaar met sukses op verskillende vlakke ingestel is, sal ook voortgesit word, tesame met geselekteerde eksterne leierskapontwikkelingsprogramme, wat unieke behoeftegedrewe geleenthede vir persoonlike groei en ontwikkeling van kandidate bied.

Senwes se korporatiewe prestasiebestuurstelsel is ingestel op die beplanning en monitering van werknemersprestasie ten opsigte van korttermyn- en langtermynsakedoelstellings, sowel as werknemers se persoonlike ontwikkelingsdoelstellings. Die strategiese fokus van die prestasiebestuurstelsel word gerig op:

- Duidelikheid ten opsigte van werkprofiele en prestasieverwagtinge;
- Spesifisering van vereiste bekwaamhede vir elke werkprofiel;
- Deurlopende en konsekwente prestasie-evalueringsprosesse;
- Effektiewe betrokkenheid van werknemers by prestasieprosesse;
- Gepaste en toereikende belonings vir korttermyn- en langtermynprestasie;



# oorsig oor volhoubaarheid

- Fokus op sowel finansiële as nie-finansiële prestasie;
- Erkenning en beloning vir groep-, afdelings-, span- en individuele prestasie.

**Arbeidsomset en arbeidsbetrekkinge**
Die arbeidsomset vir die Groep vir die afgelope jaar was 11%. Die norm vir arbeidsomset volgens die Nasionale Vergoedingsopname deur Deloitte was 11,5% gedurende 2006. Pogings is aangewend om gegewens oor redes vir diensbeëindiging deurlopend te sorteer en te evalueer, en stelsels is in plek om regstellende stappe op alle vlakke te doen.

Senwes se strategiese fokus is om 'n bemagtigde omgewing vir sy werknemers te skep waarbinne werknemers vryheid van assosiasie geniet. Betrekkinge met werknemers word verstewig deur verskeie direkte kommunikasie hulpmiddels en interaksie met vakbonde – direk óf deur die kollektiewe bedingingsraad.

- Loononderhandelinge is met sukses onder beskerming van die Bedingingsraad vir die Graanbedryf afgehandel.
- Vergoeding word op 'n markverwante strategie gegrond, wat die behoud van personeel bevorder.
- Voortgesette goeie werknemerbetrekkinge wat vryheid van assosiasie toelaat, gee werknemers die geleentheid om hulle idees te lug.
- 'n Goed gevestigde dissiplinêre en grieweprosedure is in plek en word deur alle betrokke partye aanvaar. Die Maatskappy huldig 'n beleid van zero toleransie tenoor kriminele aktiwiteite by die werk.
- Opbouende betrekkinge met werknemerpartye word ten bate van alle rolspelers gehandhaaf.

**Voorkeurwerkgewer**
Senwes beskou dit as 'n belangrike saak om die voorkeurwerkgewer te word. Ons bied 'n opwindende werkomgewing, loopbaangeleenthede en vooruitsigte en doen ons bes om aan werknemers se verwagtinge te voldoen.

Senwes het die tweede agtereenvolgende jaar deelgeneem aan die onafhanklike "Beste maatskappy om vir te werk"-opname en het die 77ste algehele plek behaal – 'n verbetering van 28 plekke vergeleke met 105de in 2005. Planne om selfs beter te presteer, word geïmplementeer.

Struikelblokke in die pad van besigheidsprestasie soos deur die werknemers gesien en ondervind, het as gevolg van die sakebelyningsinisiatief onder die aandag van die bestuur gekom. Na sorgvuldige ontleding en verifikasie van die geïdentifiseerde struikelblokke het die bestuur gereageer deur werk te maak van werknemers se kwellinge, party onmiddellik en ander oor die medium en lang termyn.

## MAATSKAPLIKE IMPAK

**Diversiteit en gelyke geleenthede**
Senwes is daartoe verbind om 'n diverse werksmag tot stand te bring en gelyke werk- en bevorderingsgeleenthede vir al sy werknemers te verskaf. In ooreenstemming met die Groep se transformasiestrategie poog Senwes om gelyke geleenthede op al die diensvlakke van die organisasie te bewerkstellig.

'n Ontleding van die verteenwoordiging op direksie-, uitvoerende bestuurs- en bestuursvlak toon dat, hoewel 'n mate van vordering gemaak word, daar steeds uitdagings bestaan en nog heelwat gedoen moet word om betekenisvolle transformasie te behaal.

Senwes strewe daarna om 'n kultuur te skep wat nie net diversiteit aanvaar nie maar dit in wese bevorder. Die strategiese fokus met betrekking tot diversiteit en gelyke geleenthede word gerig op:

- Rassediversiteit
- Geslagsdiversiteit
- Kulturele diversiteit
- Ouderdomsdiversiteit
- Effektiewe diversiteitsbestuur

Senwes is verbind tot transformasie deur die aanstelling van persone uit die aangewese groepe. 83% van alle eksterne aanstellings wat in die finansiële jaar gedoen is, was uit die aangewese groepe – 'n verbetering van 14% vergeleke met die vorige finansiële jaar.

**Werkverskaffing**
Senwes besef terdeë dat om oor die beste talent te beskik, 'n noodsaaklikheid is om volhoubare waarde vir al ons belanghebbendes te verseker. In dié verband strewe die Groep daarna om bekwame mense te vind en te behou om waarde tot die sukses van die Maatskappy toe te voeg en soek ywerig na innoverende metodes om ons menslike hulpbronne te ontwikkel. Die Groep se strategiese fokus met betrekking tot talentbestuur word daarop gerig om:

- Die beste talent te bekom, te ontwikkel, te motiveer, te betrek, te behou, te erken en te beloon;
- 'n Bemagtigende en ondersteunende omgewing vir werknemers te verskaf sodat hulle kan floreer;
- Die vlak van werknemerproduktiwiteit te verhoog;
- 'n Gesonde en veilige werkomgewing te skep; en
- Effektiewe kommunikasie met werknemers te bewerkstellig.

## MENSEREGTE

Senwes steun en respekteer die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die Handves van Menseregte en gevolglik monitor dit, en doen stappe teen, alle menseregteskendings by die werk en in die organisasie se interaksie met sy belanghebbendes. Dissiplinêre prosesse is in plek en word dienooreenkomstig geïmplementeer in geval van enige sodanige menseregteskending.

**Kinderarbeid en gedwonge of verpligte arbeid**
Dit is Senwes se gevestigde beleid om nie kinderarbeid of

gedwonge arbeid te gebruik nie. In die jaar onder oorsig was daar geen voorval van kinder- of gedwonge arbeid in enige van ons bedrywe of filiale nie.

**Voldoening aan Menseregteregulasies**

Die Senwes Groep het geen aanspreeklikheid met betrekking tot menseregteskendings of nie-voldoening aan menseregtewetgewing in die finansiële jaar onder oorsig opgeloop nie.

## PRODUKVERANTWOORDELIKHEID

Senwes strewe daarna om behoorlike sorg by die hantering en verskaffing van produkte en dienste aan sy klante aan die dag te lê om sodoende te verseker dat dit geskik is vir die beoogde gebruik en dat dit nie toevallige risiko's en gevare vir die gesondheid en veiligheid van klante oplewer nie. Senwes maak goeie vordering met die infasering van standaarde en prosedures in ooreenstemming met die HACCP (Hazard Analysis and Critical Point)-stelsel.

- Altesaam 25 silo's is geouditeer en voldoen aan die statutêre voedselveiligheidswetgewing van 2005.
- Nog 24 silo's sal voor einde 2007 deur PPECB (Perishable Products Export Control Board) geouditeer word om die proses en dokumentasie op silovlak te evalueer.

## GEMEENSKAP

As deel van sy Swart Ekonomiese Bemagtigingstrategie (SEB) en KMI is Senwes op verskillende vlakke in die gemeenskap aktief en stel aktief belang om die talent in die gemeenskappe in die bedieningsgebied te ontwikkel. Vir hoogtepunte in dié verband sien die KMI-gedeelte in die SEB-verslag op bladsy 84.

## OMGEWINGSIMPAK

As 'n landboumaatskappy begryp Senwes terdeë dat volhoubare groei afhang van omgewingsvolhoubaarheid. In dié verband word die impak van sakeaktiwiteite op die omgewing voortdurend gemonitor. Senwes het nie tans 'n afsonderlike omgewingsbeleid nie – nogtans word omgewingskwessies in die bestuursbeleide gedek. Die proses om 'n omgewingsbeleid te ontwikkel, is aan die gang en korporatiewe riglyne sal ontwikkel word en aan alle bedryfspunte verskaf word om nakoming te verseker.

**Afvalbestuur**

Senwes monitor die suiwerheid van afvalwater by silo's om risiko's vir mens en dier te verminder. Gereelde monitering van petroldiensstasies en dieselverspreidingsfasiliteite vind ook plaas.

**Landbou-omgewing**

Volhoubare landbouproduksie hou nou verband met die verantwoordelike en optimale gebruik van natuurlike hulpbronne. Gevolglik is die Landboukundige-afdeling betrokke by verskeie aktiwiteite in verband met oesramings, grondpotensiaalopnames en chemiese ontledings.

Senwes verleen bystand aan kommersiële boere, jongboere en opkomende boere om hulle te help om natuurlike hulpbronne soos grond en water asook energie, gepaste kunsmis en chemikalieë te gebruik. Die Landboukundige-afdeling het 'n waardevolle bydrae tot die landbougemeenkap gelewer met die verskaffing van gespesialiseerde landbou-advies aan belanghebbendes om hulle sakerisiko's tot die minimum te beperk en produksie te optimaliseer. Die afdeling het ook tegniese hulp verskaf vir landbouprogramme wat op volhoubare grondrestitusie en -herverdeling gerig word. Agronomiese steun is verskaf vir projekte in die Senwes bedieningsgebied.

Die afdeling het ook bystand aan die gemeenskap verleen met die vestiging van groentetuine by skole. Die doel van hierdie projek was om 'n bron van basiese voedsel vir die skoolkinders en hulle families te vestig en 'n kultuur van selfstandigheid in te skerp. Die tuine word deur die skole geïnisieer en Senwes verskaf tegniese bystand.

**Voldoening aan omgewingswetgewing**

Die Senwes Groep het geen aanspreeklikheid met betrekking tot omgewingswetgewing en reguleringsnakoming in die finansiële jaar onder oorsig opgeloop nie.

# volhoubaarheidsverslag

## SWART EKONOMIESE BEMAGTIGINGSVERSLAG

Senwes glo BBSEB (Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging) is gebiedend noodsaaklik vir volhoubare waardeskepping en dit bly dus een van Groep se strategiese prioriteite. Senwes bly verbind tot die Handves vir SEB-transformasie wat in 2004 aangeneem is en aangepas is om ooreen te stem met die bepalings van die Kodes van Goeie Praktyke soos deur die Minister van Handel en Nywerheid afgekondig. Hoewel Senwes beduidende vordering met BBSEB gemaak het sedert die transformasiehandves aanvaar is, bestaan daar nog groot ruimte vir verbetering en heelwat werk moet nog gedoen word om die korttermyn- en langtermynmikpunte wat gestel is, te bereik.

### SEB-verslagdoeningsmeting

Hierdie verslag is in ooreenstemming met die ou SEB-telkaart wat in 2005 vrygestel is, opgestel. Die nuwe BBSEB-kodes wat in Desember 2006 vrygestel is, het 'n telkaart met aangepaste gewigstoekennings en nuwe aanwysers en die bepalings van alle tellings is aangepas om rekening te hou met die geslageffek. Met die oog op vergelyking van prestasie teenoor mikpunte, en tendensontleding, word die vorige telkaart gebruik. Die nuwe telkaart sal vanaf die nuwe finansiële jaar ingestel word en mikpunte sal aangepas word om met die nuwe gewigstoekennings, mikpunte en aanwysers te strook.

### Algehele prestasie

Senwes het 'n SEB-telling van 47,03 wat die Maatskappy op Vlak 6 stel, vergeleke met 42,7 in April 2006 toe die Maatskappy Vlak 7 gehaal het. Die vernaamste bydraers tot dié prestasie is voorkeuraankope en vaardigheidsontwikkeling, met ekwiteiteienaarskap, bestuursbeheer en ondernemingsontwikkeling wat feitlik op dieselfde vlak gebly het. Gelyke indiensneming en korporatiewe maatskaplike investering was die gebiede waar die prestasie ten opsigte van die algehele telling verswak het.


### Ekwiteiteienaarskap

Senwes se ekwiteiteienaarskap van 27,1% deur die Bafokeng Konsortium het op dié vlak gebly en daar was geen beweging van hierdie aandeelhouding in die afgelope finansiële jaar nie.

### Bestuursbeheer

Daar was geen veranderings ten opsigte van die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure en uitvoerende bestuur nie. 'n Proses is aan die gang om bykomende swart onafhanklike nie-uitvoerende direkteure te werf. Die Direksie is ook besig om die kwessie van gelyke indiensneming op uitvoerende direkteursvlak aan te pak.


**Direkteursprofiel**




### Gelyke indiensneming

Altesaam 56% van Senwes se werknemers is swart, van wie 10% in junior bestuursposte, 7% in middelbestuur en 11% in uitvoerende bestuur is. Hoewel 'n mate van vordering op die laer vlakke gemaak is, bly heelwat werk oor op senior bestuursvlak.

**Gelyke indiensneming volgens ras en vlak**




| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Wit vrouens | 0 | 259 | 67 | 4 | 1 | 0 |
| Wit mans | 4 | 85 | 281 | 80 | 7 | 3 |
| Swart vrouens | 49 | 72 | 6 | 1 | 0 | 0 |
| Swart mans | 645 | 183 | 30 | 5 | 1 | 0 |

### Vaardigheidsontwikkeling

Besteding aan vaardigheidsontwikkeling het van 'n totaal van 0,8% van die totale betaalstaat die vorige jaar tot 'n totaal van 1,5% in die jaar tot April 2007 toegeneem. Investering in vaardigheidsontwikkeling van swart mense het 0,6% teenoor 'n mikpunt van 1% van die totale betaalstaat bedra, wat 40% van die totale besteding aan vaardigheidsontwikkeling uitmaak.

### Voorkeurverkryging

SEB-voorkeuraankope het 27% van die totale groepaankope bedra en R45 miljoen is ten opsigte van KMO's bestee. Dit bly 'n primêre fokusgebied waar aankope behels dat sekere voorraad geoormerk word om van swart KMO-verskaffers aangekoop te word.

### Ondernemingsontwikkeling

Die ondernemingontwikkelingsprojek was weer toegespits op die ontwikkeling van opkomende boere sowel as swart KMO's wat dienste aan die Groep verskaf. 'n Hoogtepunt van die jaar was die bystand wat verleen is met die vestiging van 'n nuwe skoonmaakdienste-maatskappy deur werknemers wat voorheen aangestel was om die hoofkantoorgebou skoon te maak. Die Groep het hierdie maatskappy gehelp met 'n lening om die nodige toerusting aan te koop en die kapasiteit vir betaalstaat- en voordeleadministrasie sowel as rekeningkundige en finansiële bestuur te ontwikkel.

Nog 'n hoogtepunt was die SEB-ekwiteiteienaarskapskema wat tussen een van die kommersiële boere in die Senwes-gebied en sy plaaswerkers gesluit is waardeur laasgenoemdes 'n aandeel in die boerderysaak waarin hulle werknemers was, verkry het. Senwes het dié transaksie gefasiliteer, wat deur middel van LRAD in samewerking met die Departement van Landbou in die Vrystaat gefinansier is.

- **Korporatiewe Maatskaplike Investering**

Die telling vir korporatiewe maatskaplike investering het van 2,1 tot 2,33 toegeneem. Dit is as gevolg van 'n toename in korporatiewe maatskaplike investering van 0,46% tot 0,80% van netto wins na belasting. Die sleutelbeginsels vir die Groep se korporatiewe maatskaplike investering waaraan alle projekte gemeet word, is die volgende:

- Fokus: Investering in innoverende inisiatiewe wat maatskaplike, ekonomiese of omgewingswaarde skep.
- Hefboomvermoë: Ontwerp of steun inisiatiewe wat die grootste moontlike voordeel uit die Maatskappy se unieke bates en hulpbronne sowel as ander eksterne hulpbronne, insluitende gemeenskap en maatskaplike voordeel, trek.
- Volhoubaarheid: Sterk eienaarskap en verbintenis van sleutelbelanghebbendes, veral die gemeenskap, om langtermynvolhoubaarheid te verseker.
- Impak: Inisiatiewe wat 'n breër, wyer en langtermynimpak sal hê.
- Sigbaarheid: Sterk kommunikasie en hoë sigbaarheid van ontwikkelingsinisiatiewe met sleutelbelanghebbendes.

**Hoogtepunte van KMI-projekte**

- **Noordwes Krieketontwikkelingsprojek –** in landelike skole, wat in samewerking met Noordwes Krieket en die Departement van Onderwys bedryf word.
- **Matlosana Noodleniging –** in die nasleep van die storms en die tornado wat die Jouberton- en Alabama-woongebiede getref het en huise, skole en kerke vernietig het, het Senwes bygedra tot die noodlenigingsfonds wat daarop gerig was om huise te bou vir families wat hulle huise verloor het.
- **Entrepreneur Ontwikkelingsprojek –** in die vorm van 'n kompetisie waarin deelnemers 'n sakeplan moes voorlê, wat volgens gestelde kriteria geëvalueer is. Die wen-sakeplan ontvang saaikapitaal om die onderneming vir 'n sekere tyd te bedryf. Die projek is 'n inisiatief van die Bloemfontein handelswinkel en is in samewerking met die Universiteit van die Vrystaat onderneem. Dié projek word nou na tien ander handelswinkels van die Insetverskaffing divisie uitgebrei.
- **Malibongwe Gemeenskapsprojek –** is 'n gemeenskapstelekommunikasiesentrum wat rekenaaropleiding en toegang tot telekommunikasiefasiliteite vir die gemeenskap van Klerksdorp verskaf. Dit is 'n projek wat in samewerking met die Departement van Kommunikasiewese deur middel van Universal Service Agency en die munisipaliteit van Matlosana bedryf word.
- **Noordwes Jeugkoor –** wat deur jongmense regdeur in die provinsie en die Noord-Vrystaat verteenwoordig word. Die doel is om jongmense se talent te ontsluit en kuns en kultuur in die provinsie te bevorder deur middel van musiekuitvoerings by verskillende plaaslike en provinsiale hoëprofielbyeenkomste.
- **Klerksdorp-Pase Sokkertoernooi –** behels agt klubs uit die suidelike distrik en word in samewerking met 'n plaaslike span bestuur. Senwes is die hoofborg en daar word gefokus op die ontwikkeling van die profiel en kapasiteit van plaaslike klubs, wat opbouende ontspanning en die identifisering en ontwikkeling van talent moontlik maak.

**Senwes punte soos teen April 2007**

| SEB-elemente | Geweegde punte | Senwes se punte | April 2006 |
|---|---|---|---|
| Ekwiteiteienaarskap | 23 | 23,00 | 20,78 |
| Beheer en bestuursbeheer | 11 | 3,03 | 2,77 |
| Gelyke indiensneming | 10 | 0,88 | 0,83 |
| Vaardigheidsontwikkeling | 20 | 9,88 | 8,68 |
| Voorkeurverkryging | 20 | 6,08 | 5,76 |
| Ondernemingsontwikkeling | 11 | 1,83 | 1,85 |
| Oorblywend (maatskaplike ontwikkeling) | 11 | 2,33 | 2,06 |
| Totale telling | 106 | 47,03 | 42,73 |

| | Laag | Hoog |
|---|---|---|
| **Vlak 1** | **100 en hoër** | |
| **Vlak 2** | **85** | **100** |
| **Vlak 3** | **75** | **84,5** |
| **Vlak 4** | **65** | **74,9** |
| **Vlak 5** | **55** | **64,9** |
| **Vlak 6** | **45** | **54,9** ← Senwes se punte |
| **Vlak 7** | **40** | **44,9** ← April 2006 |
| **Vlak 8** | **30** | **39,9** |
| **Bydraer voldoen nie** | **Tot 30** | |

## VERDELING VAN AANDELE

| Portefeuljegrootte | 2007 | | | | 2006 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aandeel-houers | % | Getal aandele | % | Aandeel-houers | % | Getal aandele | % |
| 1 - 1 000 | 1 139 | 29,7 | 407 125 | 0,2 | 1 200 | 29,1 | 427 318 | 0,2 |
| 1 001 - 5 000 | 834 | 21,7 | 2 111 475 | 1,2 | 884 | 21,4 | 2 239 145 | 1,2 |
| 5 001 - 30 000 | 1 369 | 35,7 | 19 200 688 | 10,6 | 1 505 | 36,5 | 21 207 488 | 11,7 |
| 30 001 - 100 000 | 411 | 10,7 | 20 148 677 | 11,1 | 449 | 10,9 | 21 948 570 | 12,2 |
| 100 001 - en meer | 86 | 2,2 | 138 921 343 | 76,9 | 87 | 2,1 | 134 966 787 | 74,7 |
| | 3 839 | 100,0 | 180 789 308 | 100,0 | 4 125 | 100,0 | 180 789 308 | 100,0 |

**Ingesluit in hierdie aandeelhouding is die vyf grootste aandeelhouers teen jaareinde:**

| | Getal aandele gehou |
|---|---|
| Senwesbel Bpk | 63 299 075 (35,0%) |
| Royal Bafokeng Agri Investments (Edms) Bpk (Bafokeng Konsortium) | 31 896 503 (17,6%) |
| Treacle Nominees (Edms) Bpk (Bafokeng Konsortium) | 17 175 040 (9,5%) |
| Zeder Beleggings Bpk | 6 742 185 (3,7%) |
| JJ Dique | 1 000 000 (0,6%) |

## PRESTASIE VAN AANDELE – MAANDELIKSE GEMIDDELDE AANDEELVERHANDELINGSPRYS




## AANDEELHOUERSDAGBOEK

**Belangrike gebeurtenisse**

| | |
|---|---|
| Finansiële jaareinde | 30 April 2007 |
| Aankondiging van resultate | 27 Junie 2007 |
| Inligtingsvergaderings | Gedurende September 2007 (datums sal aangekondig word) |
| Algemene Jaarvergadering | 2 Oktober 2007 |
| Betaaldatum van finale dividend | 16 Oktober 2007 |

# SENWES BEPERK

***(Registrasienommer 1997/005336/06)***
*("die Maatskappy")*

# Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

KENNIS GESKIED HIERMEE dat die elfde Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers van die Maatskappy op Dinsdag, 2 Oktober 2007 om 11:00 in die **Rekreasiesentrum, Jaap Steyn Saal, Goueweg, Klerksdorp** gehou sal word om die onderstaande aangeleenthede af te handel:

**A. VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE**

Om die finansiële state van die Maatskappy vir die tydperk geëindig 30 April 2007, soos goedgekeur deur die Direksie, aan die vergadering voor te lê vir kennisname.

**B. GEWONE BESLUITE**

1. Om die heraanstelling van die ouditeure, Ernst & Young Ing., tot die volgende algemene jaarvergadering, te oorweeg en goed te keur.

2. Om die vergoeding van die ouditeure soos in die finansiële state (bladsy 67) uiteengesit, te oorweeg en goed te keur.

3. Om in terme van artikel 28.5 van die Maatskappy se Statute die voorgestelde vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vanaf 1 Oktober 2007, soos vervat in die verduidelikende aantekeninge, hieronder uiteengesit, te oorweeg en goed te keur.

4. Om die gemagtigde maar onuitgereikte aandele in die Maatskappy onder die beheer van die Direksie te plaas met bevoegdheid om die aandele of 'n gedeelte daarvan, na hulle goeddunke, maar onderhewig aan die bepalings van artikel 221 van die Maatskappywet, 1973, ("die Wet") soos gewysig, uit te reik en toe te ken.

5. Om die aanbeveling van die Direksie dat 'n dividend van 17 sent per aandeel in ooreenstemming met artikel 38.1 van die Maatskappy se Statute verklaar word, te aanvaar. (In terme van artikel 38.7 van die Maatskappy se Statute mag die Algemene Vergadering nie 'n groter dividend as wat die Direksie aanbeveel het, verklaar nie). (Sien belangrike datums in paragraaf D hieronder).

6. Om direkteure te verkies in die plek van die uittredende nie-uitvoerende direkteure wat ingevolge die rotasiebepalings van die Statute, op die vergadering uittree. Mnre Jan Botma, Jannie Els, Japie Grobler en Jimmy Shahim tree uit. Mnr Botma is nie beskikbaar vir herverkiesing nie, maar mnre Els, Grobler en Shahim is outomaties genomineer en beskikbaar vir herverkiesing. Voorts is mnr AJ Kruger ook genomineer as 'n kandidaat vir die verkiesing.

   Die aandeelhouers moet besluit om **3 (drie)** persone uit die onderstaande 4 (vier) genomineerde kandidate as direkteure van die Maatskappy te verkies ten opsigte van vakatures wat op hierdie algemene jaarvergadering ontstaan. Aangesien meer kandidate benoem is as wat vakatures bestaan, vind die verkiesing by die vergadering plaas. **Elke aandeelhouer is geregtig om vir slegs drie kandidate te stem**. Die vier kandidate is soos volg:

   **6.1 Mnr JAE ELS**

   **Verkorte curriculum vitae**

   | | |
   |---|---|
   | **Volle name en van** | *Jan Adriaan Ebersohn Els (Jannie)* |
   | **Adres** | *Bloemhof, Posbus 127, Heilbron, 9650* |
   | **Geboortedatum en ouderdom** | *21 Februarie 1946, 61 jaar* |
   | **Diensjare** | *7 jaar, sedert Oktober 2000* |

**Kwalifikasies**

*Landboudiploma*

**Ervaring/vorige posisies**

*Jannie was direkteur van Sentraalwes Koöperasie vanaf Mei 1984 tot Maart 1998 en is direkteur van Senwes Beperk sedert Oktober 2000. Hy het ook op die direksies van Vetsak en Sensako gedien.*

*Jannie was ook vir etlike jare lid van die dagbestuur van die Vrystaatse Landbou-unie asook voorsitter van die Veiligheids-komitee.*

**Huidige direkteurskappe en ander posisies**

*Direkteur van Senwes en Senwesbel Beperk, direkteur van Vegkop Slagveld Terrein 10-2005.*

**Senwes direksiekomitees**

*Lid van Menslike Hulpbronnekomitee.*

**Addisionele inligting**

*Jannie boer sedert 1967 voltyds in die Heilbron distrik.*

**Kontakbesonderhede**

*Tel nr: (058) 853-0464*
*Sel nr: 082 820 5151*

**6.2 Mnr JE GROBLER**

**Verkorte curriculum vitae**

| | |
|---|---|
| **Volle name en van** | *Jacob Erasmus Grobler (Japie)* |
| **Adres** | *Karookom, Posbus 1104, Bothaville, 9660* |
| **Geboortedatum en ouderdom** | *30 April 1952, 55 jaar* |
| **Diensjare** | *10 jaar, sedert April 1997* |
| **Kwalifikasies** | *BJuris, LLB* |

**Ervaring/vorige posisies**

*Japie se jarelange betrokkenheid in die landbou begin in 1977, toe hy aangewys is as sekretaris en later voorsitter van die Vierfontein Boerevereniging. Hy was ook lid van Sampi, Nampo, Graan Suid-Afrika en die Viljoenskroon Distriksboere-unie en was die stigterslid van die Manna Studiegroep.*

*Japie is in 1979 verkies as Sampi hoofbestuurslid, Nampo hoofbestuurslid en oor die jare het hy gedien as Nampo hoofbestuurslid en lid van die Somergraan Advieskomitee, voorsitter van die Nampo Insettekomitee, direkteur van Kroonstad-Wes Koöperasie, visevoorsitter van die Vrystaatse Oliesadekomitee en visepresident van die Vrystaatse Landbou-unie. Hy is in 1990 verkies tot die Nampo Voorsitterskomitee asook van die Komitee van Beheer oor Mielienavorsingsfondse. Japie is reeds geruime tyd betrokke by die Maatskappy en is as direkteur van Sentraalwes Koöperasie (later Senwes) verkies in 1992.*

*Hy het op verskeie van SALU se Grondsake-komitees gedien, sowel as op die LNR Navorsingsinstituut en die Mielie Advieskomitee. Japie is as voorsitter van Nampo verkies in 1996 en was die stigterslid en voorsitter van SALU Nasionale Bedryfskamer. Hy was ook president van Agri SA sedert 2000 tot 2004 en dien tans as voorsitter van die Agri Securitas Trustfonds.*

| | |
|---|---|
| **Huidige direkteurskappe** | *Voorsitter van Senwes en Senwesbel Beperk, direkteur Vaalharts Koöperasie, trustee van die Kommersiële Mielieprodusente Trust asook direkteur van verskeie persoonlike besigheids- en familie entiteite.* |
| **Senwes direksiekomitees** | *Ex officio lid van alle direksiekomitees, voorsitter van Standaardekomitee.* |
| **Addisionele inligting** | *Japie boer sedert 1977 in die Bothaville distrik.* |
| **Kontakbesonderhede** | *Tel nr: (018) 441-1104*<br>*Sel nr: 082 825 8018*<br>*E-pos: japie.grobler@senwes.co.za* |

**6.3 Mnr JD SHAHIM**

**Verkorte curriculum vitae**

| | |
|---|---|
| **Volle name en van** | *Jimmy Daniel Shahim (Jimmy)* |
| **Adres** | *Havemannstraat 90, Viljoenskroon, 9520* |
| **Geboortedatum en ouderdom** | *20 Augustus 1957, 50 jaar* |
| **Diensjare** | *7 jaar, sedert Oktober 2000* |
| **Kwalifikasies** | *B.Agric Boerderybestuur* |
| **Ervaring/vorige posisies:** | *Jimmy is lid van Landbou Viljoenskroon asook die Groenebloem Boere-vereniging.* |
| **Huidige direkteurskappe en ander posisies** | *Direkteur van Senwes en Senwesbel Beperk, trustee van Maizefield Trust en direkteur van Vaalharts Koöperasie.* |
| **Senwes direksiekomitees** | *Lid van Risikokomitee.* |
| **Addisionele inligting** | *Jimmy boer voltyds in die Viljoenskroon distrik.* |
| **Kontakbesonderhede** | *Tel nr: (056) 343-1145*<br>*Sel nr: 082 558 4907*<br>*E-pos: jimjamd@lantic.net* |

**6.4 Mnr AJ KRUGER**

**Verkorte curriculum vitae**

| | |
|---|---|
| **Volle name en van** | *Andries Jacobus Kruger* |
| **Adres** | *Presidentstraat 41, Posbus 206, Kroonstad, 9500* |
| **Geboortedatum en ouderdom** | *1 Junie 1951, 55 jaar* |
| **Diensjare** | *Geen* |
| **Kwalifikasies** | *BCompt(Hons), GR(SA), Professionele Waardeerder* |
| **Ervaring/vorige posisies** | *Openbare Rekenmeester en Geregistreerde Ouditeur. Praktiseer in Kroonstad sedert 1976. Dries fokus onder andere op boerderyondernemings en waardasies van plaas- en ander eiendomme.*<br><br>*Dries was stadsraadslid van die Kroonstadse Munisipaliteit van 1988 tot 2000 en was ook burgemeester en voorsitter van die uitvoerende komitee van die Kroonstadse Stadsraad. Hy het ook gedien as trustee van die Vrystaatse Munisipale Pensioenfonds en die Vrystaatse Munisipale Voorsorgfonds. Hy was ook bestuurslid van die Nasionale Munisipale Werkgewersorganisasie.* |



# kennisgewing van algemene jaarvergadering

| | |
|---|---|
| **Huidige direkteurskappe en ander posisies** | *Trustee van die Gereformeerde Kerke van SA Pensioenfonds. Direkteur van Ipex Holdings (Edms) Bpk – verskaffers van drukkers en verwante toerusting. Trustee van verskeie trusts.* |
| **Senwes direksiekomitees** | *Geen* |
| **Addisionele inligting** | *Dries boer sedert 1980 deeltyds en tans saam met sy seun in die Senekal distrik* |
| **Kontakbesonderhede** | *Tel nr: (056) 212-3184*<br>*Sel nr: 083 443 8053*<br>*E-pos: dries@smitkruger.co.za* |

**BELANGRIKE INLIGTING**
**Geen ander persoon, behalwe die uittredende direkteur, kan as direkteur verkies word nie, tensy sodanige persoon vooraf ingevolge artikel 30.7 van die Statute genomineer is. Nominasies van persone wat ingevolge die Maatskappywet en die Statute van die Maatskappy bevoeg is om as direkteure te dien, kan gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat by die Maatskappysekretaris verkrygbaar is.**

**Voltooide nominasievorms moet minstens 30 dae voor die vergaderingdatum by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy (vir aandag: Die Maatskappysekretaris) ingedien word.**

## C. SPESIALE BESLUITE

### *1. ALGEMENE MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE*

**"Spesiale besluit nr. 1**

**DAT die Maatskappy gemagtig word, by wyse van 'n algemene magtiging soos bedoel in artikels 85(2) en 85(3) van die Maatskappywet, 1973 soos gewysig ("die Wet"), om –**

- **uitgereikte aandele in die kapitaal van die Maatskappy terug te koop;**
- **aandele in die Maatskappy se houermaatskappy (indien enige) te koop;**
- **die koop van aandele in die Maatskappy deur 'n filiaal van die Maatskappy toe te laat, soos en wanneer nodig geag, en op sodanige terme en voorwaardes en in sodanige bedrae, as wat die direkteure van die Maatskappy van tyd tot tyd mag bepaal, maar onderworpe aan die Statute van die Maatskappy en die bepalings van die Wet."**

*Die rede vir en effek van spesiale besluit nr. 1 is om 'n hernubare algemene magtiging aan die Maatskappy te verleen om uitgereikte aandele van die Maatskappy terug te koop, om die koop van aandele in die Maatskappy deur 'n filiaal van die Maatskappy toe te laat, en om toe te laat dat die Maatskappy aandele koop in 'n houermaatskappy van die Maatskappy.*

## D. VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE RAKENDE GEWONE BESLUITE

### *GEWONE BESLUIT NR. 3: DIREKTEURSVERGOEDING AAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE*

Aandeelhouers word versoek om die voorgestelde vergoeding betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure met ingang van 1 Oktober 2007, soos hieronder uiteengesit, te oorweeg en goed te keur. Ingevolge die bepalings van artikel 28.5 van die Statute is die nie-uitvoerende direkteure geregtig op direkteursvergoeding, soos wat aandeelhouers van tyd tot tyd mag bepaal tydens 'n algemene vergadering.

Vergoeding as sulks is in die verlede as deel van die finansiële state hanteer, maar word vergoeding aan nie-uitvoerende direkteure ingevolge nuwe openbaarmakingstendense in detail aan aandeelhouers geopenbaar. Die besonderhede van die vergoeding betaal in 2006 kan gesien word in die finansiële state. Die voorgestelde vergoeding behels 'n verhoging van gemiddeld 5% vanaf die vorige jaar se vergoeding.

Hierdie vergoeding word deur die Direksie, na deeglike marknavorsing deur die Menslike Hulpbronnekomitee, aanbeveel vir goedkeuring deur lede:

| Kategorie | Voorgestelde vergoeding 2007/2008 R |
|---|---|
| Voorsitter (per jaar) | 275 700 |
| Ondervoorsitter (per jaar) | 193 300 |
| Direkteure (per jaar) | 119 700 |
| Lede van direksiekomitees (per vergadering bygewoon) | 5 500 |
| Spesiale projekte (per dag) | 2 300 |
| **Voorsitters van direksiekomitees (per vergadering bygewoon):** | |
| Ouditkomitee | 10 400 |
| Ander komitees | 8 100 |

*Werklike reis- en verblyfuitgawes word vergoed binne gestelde riglyne.*

***GEWONE BESLUIT NR. 5: VOORGESTELDE DIVIDEND***

Aandeelhouers word versoek om 'n aanbeveling van 'n finale dividend van 17 sent per aandeel goed te keur.

**Belangrike datums vir aandeelhouers van gewone aandele**

| | Datum 2007 |
|---|---|
| Rekorddatum van dividend | Dinsdag, 2 Oktober om 10:00 |
| Bekragtiging van dividend | Dinsdag, 2 Oktober |
| Betaaldatum dividend | Dinsdag, 16 Oktober |

**BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS**

- Alle aandeelhouers is geregtig om die vergadering by te woon en daarop te stem. Vir doeleindes van die vergadering sal die lederegister van die Maatskappy soos op Vrydag, 28 September 2007, bepaal wie aandeelhouers is.
- 'n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie mag 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat en te stem.
- 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.
- 'n Volmagvorm word hierby ingesluit. Aandeelhouers wat verkies om by wyse van volmag teenwoordig te wees en



# kennisgewing van algemene jaarvergadering

te stem, moet die volmagvorm ooreenkomstig die instruksies op die keersy van die dokument voltooi en voor of op Vrydag, 28 September 2007 om 10:00 inhandig by of terugstuur aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 by wyse van faks of per pos, vir aandag die Maatskappysekretaris. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faks nrs. (018) 464-2228 of (018) 462-2651.

- Nominasievorms vir die verkiesing van direkteure sal by die Maatskappysekretaris op aanvraag beskikbaar wees vanaf 2 Augustus 2007.

In opdrag van die Direksie van die Maatskappy

**EM Joynt (mev)**
Maatskappysekretaris
KLERKSDORP
25 Junie 2007

***Tel nr. (018) 464-7104***

# SENWES BEPERK

**_Reg nr. 1997/005336/06_**

*("die Maatskappy")*

## ALGEMENE JAARVERGADERING: 2 OKTOBER 2007

## VOLMAG

Ek/ons (drukskrif) ______________________________

(*naam van aandeelhouer*)

Aandeelhouers en/of Senwes klant nr: ______________ Tel en/of Sel nr: ______________

van ______________________________

(*adres*)

synde 'n lid/lede van die Maatskappy, stel hierby:

______________________________

(*naam van gevolmagtigde*)

van ______________________________

(*adres*)

of indien nie hy nie ______________________________

(*naam van gevolmagtigde*)

van ______________________________

(*adres*)

of indien nie hy nie, die voorsitter van die vergadering, as my/ons gevolmagtigde aan om op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy wat gehou staan te word op 2 Oktober 2007 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem:

| | | TEN GUNSTE VAN | TEEN | BUITE STEMMING |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Gewone besluit nr. 1 (aanstelling ouditeure) | | | |
| 2. | Gewone besluit nr. 2 (ouditeursvergoeding) | | | |
| 3. | Gewone besluit nr. 3 (direkteursvergoeding) | | | |
| 4. | Gewone besluit nr. 4 (onuitgereikte aandele onder beheer van Direksie) | | | |
| 5. | Gewone besluit nr. 5 (goedkeuring van dividend) | | | |
| 6.1 | Gewone besluit nr. 6.1 (herverkiesing van JAE Els) | | | |
| 6.2 | Gewone besluit nr. 6.2 (herverkiesing van JE Grobler) | | | |
| 6.3 | Gewone besluit nr. 6.3 (herverkiesing van JD Shahim) | | | |
| 6.4 | Gewone besluit nr. 6.4 (verkiesing van AJ Kruger) | | | |
| 7. | Spesiale besluit nr. 1 (algemene terugkoop van aandele) | | | |

***(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis in die toepaslike ruimte hierbo voorsien. Elke aandeelhouer is geregtig om ten gunste van 'n maksimum van drie kandidate te stem [6.1 - 6.4]. Die volmag sal ONGELDIG wees indien u ten gunste van meer as drie persone stem.)***

Tensy anders opgedra, kan my/ons gevolmagtigde stem soos hy goeddink. Hierdie volmag sal tydens die vergadering ook as stembrief dien.

GETEKEN te ______________ op hierdie ________ dag van ______________ 2007.

______________________________

Bygestaan deur (waar toepaslik)

______________________________

**Handtekening**

Indien volmag namens 'n regspersoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, bv. Direkteur, Lid van BK, Trustee van 'n Trust.

______________________________

**NOTAS**

1. ’n Aandeelhouer is geregtig om die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skrapping van “die voorsitter van die vergadering”, maar enige sodanige skrapping moet deur die aandeelhouer geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. **Indien die naam van geen gevolmagtigde in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die aandeelhouer op te tree**.

2. **Na die mate waarin geen stemopdrag deur die aandeelhouer in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.**

3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

4. Dokumentêre bewys van die magtiging van ’n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word.

5. ’n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/haar bevoegdheid aan die Maatskappy voorgelê is of word.

6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur/likwidateur/kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hoërhof. Indien deur middel van ’n volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.

7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:

   7.1 mag enige een van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en

   7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die Maatskappy se lederegister aangeteken is) wat ’n stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).

8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om die algemene vergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige aandeelhouer aldus verkies is.

9. **Volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris van die Maatskappy, mev EM Joynt, by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word om haar te bereik nie later nie as 10:00 op Vrydag, 28 September 2007. Volmagvorms kan ook aan die Maatskappysekretaris per faks gestuur word by faks nrs. (018) 464-2228 of (018) 462-2651 voor bogemelde datum.**



# korporatiewe inligting

**Senwesbel Bpk**
Reg nr: 1996/017629/06

**Senwes Bpk**
Reg nr: 1997/005336/06

**Posadres**
Posbus 31, KLERKSDORP, 2570

**Geregistreerde kantoor**
Charel de Klerkstraat 1, KLERKSDORP, 2571
Telefoon: (018) 464-7800
Telefaks: (018) 464-2228

**Ouditeure**
Ernst & Young Ing.
Posbus 2322
JOHANNESBURG
2000

**Aandeleverhandelingskamer**
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
KLERKSDORP
2570
Telefoon: (018) 464-7105

**Oordragsekretarisse**
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
KLERKSDORP
2570
Telefoon: (018) 464-7121

**Bankiers**
ABSA Bank Bpk (Absa)
Land- en Landbou-ontwikkelingsbank Bpk (Land Bank)
Rand Aksepbank Bpk (RMB)
Standard Bank Bpk

**Webwerf**
www.senwes.co.za

**Tolvrye nommer**
080 941 4011

SENWES
BREEK NUWE GROND

**VOORBLADFOTO: CARMEN CORDELIA**
***infoworks* (018) 468-2716**



# notas